# Opvoedersekuriteit en ernstige wangedrag van leerders: ‘n arbeidsregtelike perspektief

Nellie Monica Bartlette

20218206

Verhandeling voorgelê vir die graad

*Magister Educationis* in Onderwysreg

aan die Potchefstroom-kampus van die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Prof JP Rossouw

Potchefstroom

2013

**Dankbetuigings**

My Hemelse Vader verdien al die lof, prys en eer vir die wysheid, krag en deursettingsvermoë wat Hy aan my geskenk het tydens die goeie sowel as die moeilike stadiums van my lewe gedurende my studietermyn.

Ek bedank ook graag die volgende persone vir hulle betrokkenheid, ondersteuning en bydrae in die voltooiing van my studies:

- My mentor en studieleier, Prof JP Rossouw: baie dankie dat ek onder u bekwame leiding, motivering en ondersteuning gegroei het in die navorsingsproses en dat ek my studie suksesvol kon afhandel. Die voorreg om deel te wees van ŉ oorkoepelende NRF-projek het die finansiële las ligter gemaak.
- My twee dogters, Leandri en Lezanne: julle onbaatsugtige geloof en trots in my was my dryfkrag om die studie te voltooi.
- My familie vir julle gebede en ondersteuning.
- Mev. M. Rossouw: baie dankie vir u motivering en ondersteuning.
- My vriende: Rachel, Anna en Catherine vir julle aanmoediging en gebede.
- Me Heleen Saaiman vir die kundige taalversorging.
- Laastens my dank aan al die deelnemers in die Dr. R.S. Mompati distrik vir hulle waardevolle bydrae tot die navorsing.

## Opsomming


### Opvoedersekuriteit en ernstige wangedrag van leerders: ‘n arbeidsregtelike perspektief

Die gebrekkige respek vir die gesag en dissipline van opvoeders aan die kant van die leerders is ŉ faktor wat bydra tot die lae moraal en gevoel van miskende status by opvoeders. Hierdie faktore verhoed dat opvoeders die idealisme waarmee hulle aanvanklik die professie betree het, kan uitleef namate hulle met die werklikhede in skole gekonfronteer word.

Die behoefte aan veiligheid en geborgenheit lê die grondslag vir sekuriteit in die werksplek van opvoeders. Die behoefte aan fisiese veiligheid word aan die hand van kontekstuele en teoretiese raamwerke in hierdie verhandeling beskryf om ŉ beter begrip van opvoeders se moontlike gebrek aan sekuriteit te vorm. Die behoefte aan *geborgenheit* sluit aan by die vakgebied Onderwysreg, wat onder meer psigologiese sekuriteit vanuit regsbronne bestudeer. Dit dra by om die oorkoepelende doelstelling van hierdie studie te bereik, naamlik om te bepaal watter persepsies opvoeders het rakende die invloed van leerderwangedrag op hulle sekuriteit.

Verskeie faktore, naamlik skoolverwante faktore, arbeidsregtelike faktore asook samelewingsverwante faktore waarmee die leerders daagliks in aanraking mee kom, dra daartoe by om wangedrag by sommige leerders te veroorsaak. Dit noop daarom alle rolspelers in die onderwys om betrokke te raak by die opvoeding van die leerders en om nie opvoeding as ŉ “een-man-taak” te beskou nie.

Vanuit ŉ arbeidsregtelike perspektief is die bevordering van ŉ veilige omgewing, waar opvoeders *geborgenheit* ervaar, ŉ voorvereiste vir hulle fisiese en psigologiese sekuriteit. Dit sal bydra tot die holistiese uitlewing van die opvoedingstaak deur die opvoeder tot voordeel van die leerders.



Sleutelterme vir die studie sluit in: *geborgenheit*, sekuriteit, veiligheid, dissipline, wangedrag, wetgewing, arbeidswetgewing, onderwysreg.

**Summary**

**Educator security and serious learner misconduct: a labour law perspective.**

The lack of respect for authority and discipline of teachers on the part of the learners is a factor contributing to low morale and sense of neglected status to teachers. These factors prevent true realisation of the idealism with which educators initially entered the profession, as they are faced with the realities in schools.

The need for security and *geborgenheit* lay the foundation for security in the workplace of educators. The need for physical safety is described in this dissertation on the basis of contextual and theoretical frameworks, to a better understanding of teachers' insecurities.

The need to experience geborgenheit appeals to the discipline of Education Law, which focuses inter alia on psychological security through an analysis of legal sources. It contributes to achieve the overall objective of this study, namely to determine the perceptions of educators regarding the impact of student misconduct on their security.

Several factors, namely school-related factors, labour law factors as well as society related factors that learners come into contact with every day, contributes to misconduct by some learners. It therefore compels all stakeholders in education to become involved in the education of the students and not to perceive education as a "one-man job".

From an employment perspective, the promotion of a safe environment, where learners and educators experience *geborgenheit*, a prerequisite for their physical and psychological security. This will contribute to the holistic performance of the educational task by the teacher for the benefit of the learners.

Key terms of the study include: *geborgenheit*, security, safety, discipline, misconduct, law, legislation, labour law, education law.

## Verklaring: Taalversorger

*Heleen Saaiman*

tans Remediërende Onderwyseres te
Kroonheuwel Primêre Skool, Kroonstad

Tersiêre Opleiding:
(BA Kommunikasiekunde, UOVS, 1980)
(Hoër Onderwysdiploma Nagraads, UNISA, 1989)
(Diploma in Spesialiseringsonderwys: Remediëring, UNISA, 1996)
(International Computer Driving Licence Certificate (ICDL), Flavius Mareka, 2004)
(Gevorderde Onderwyssertifikaat in Rekenaartegnologie Geïntegreerde Onderwys (RTGO), Noordwes Universiteit, 2006)

Ondervinding:
Vertaler/Redigeerder, SA Weermag, 1981-1982
Proefleser, UNISA, 1982-1983
Vryskut Redigeerder, UNISA, 1983-1989
Vryskut Redigeerder, Daan Retief Uitgewers, 1983-1989
Vryskut Redigeerder, HAUM De Jager, 1983-1989
Proefleser, UNISA, 1990-1997

Persoonlike Besonderhede:
ID: 6004080079086
Posbus 7035
Kroonpark
9502

Tel: 056-2127489 (h)
056-2125702 (w)
082 804 7616

E-posadres: hjccsaaiman@gmail.com

Ek verklaar hiermee dat die volgende navorsingsverslag deur my gekontroleer is gedurende 2012:

OPVOEDERSEKURITEIT EN ERNSTIGE WANGEDRAG VAN LEERDERS: 'N ARBEIDSREGTELIKE PERSPEKTIEF

Kandidaat: Nellie Monica Bartlette
Studentnommer: 20218206
Kwalifikasie: MEd (Onderwysreg)

________________
HJCC Saaiman (Mev)

## Plegtige verklaring

NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

### PLEGTIGE VERKLARING

**Plegtige verklaring deur student**

Hiermee verklaar ek, Nellie M. Bartlette, die ondergetekende, dat die skripsie/verhandeling/proefskrif getiteld,

Opvoedersekuriteit en ernstige wangedrag van leerders: 'n arbeidsregtelike perspektief

wat ek by die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, ter voldoening / gedeeltelike voldoening aan die vereiste van die M. Ed. -graad, hiermee inhandig, my eie werk is, dit volgens die vereistes taalversorg is en dat dit nie reeds by 'n ander universiteit ingehandig is nie.

Ek verstaan en aanvaar dat die eksemplare wat vir eksaminering ingehandig word, die eiendom van die universiteit is.

Handtekening van student [signature] Universiteitsnommer 20218206

Geteken te Potchefstroom hierdie 19 dag van Oktober 20.12

Verklaar voor my hierdie 19 dag van Oktober 20.12

Kommissaris van Ede: [signature]

AUGUSTA MARIA CAROLINA CLOETE
Ex officio Commissioner of Oaths. ADMINISTRATIVE MANAGER
North-West University - Potchefstroom Campus
Private Bag X6001, Potchefstroom, 2520
NWU
19/10/2012

**LET WEL: Indien 'n student se skripsie/verhandeling/proefskrif na die sperdatum vir indiening ingedien is, is die tydperk vir eksaminering beperk. Geen waarborg kan daarom gegee word dat (sou die eksaminatorsverslae positief wees) die graad by die eerskomende gradeplegtigheid toegeken sal word nie. Dit mag ook beteken dat die student vir die volgende akademiese jaar moet herregistreer.**

**Plegtige verklaring deur studieleier/promotor/navorsingsdirekteur/dekaan**

Hiermee verklaar ondergetekende:

1.1 dat die genoemde student 'n goedgekeurde module vir die betrokke kwalifikasie bygewoon het en die werk van die module uitgevoer het of werk gedoen het wat deur die Senaat goedgekeur is;
1.2 dat die student aan die **minimum duur** van studie voldoen soos voorgeskryf in die jaarboek;
1.3 dat hy/sy derhalwe gemagtig word om sy/haar skripsie/verhandeling/proefskrif in te handig;
1.4 dat die registrasie/wysiging van titel goedgekeur is;
1.5 dat die aanwysing/wysiging van eksaminatore goedgekeur is en
1.6 ander voorskrifte soos vervat in die Handleiding vir Nagraadse Studie nagekom is.

Handtekening Studieleier/Promotor: [signature] Datum: 2012-10-19

Handtekening Navorsingsdirekteur: ____________ Datum: ____________

Handtekening Dekaan: ____________ Datum: ____________

INHOUD

Dankbetuigings....ii

Opsomming....iii

Summary....iv

Verklaring: Taalversorger....v

Plegtige verklaring....vi

**1 HOOFSTUK 1: PROBLEEMSTELLING EN NAVORSINGSONTWERP....1**

1.1 Inleiding....1

1.2 Probleemstelling....1

1.3 Teoretiese raamwerk....5

*1.3.1 Maslow se behoefteshiërargie....5*

*1.3.2 Geborgenheid....6*

1.4 Konseptuele raamwerk....7

*1.4.1 Opvoedersekuriteit....8*

*1.4.2 Leerderwangedrag....9*

*1.4.3 Gedragskodes....11*

1.5 Probleemvrae....12

1.6 Doelstellings....12

1.7 Navorsingsontwerp en -metodologie....13

*1.7.1 Literatuuroorsig....14*

*1.7.2 Filosofiese uitgangspunt....15*

*1.7.3 Empiriese ondersoek....16*

1.8 Etiese strategie....19

*1.8.1 Beskerming teen en voorkoming van skade....20*

*1.8.2 Welwillendheidstoestemming en ingeligte instemming....20*

*1.8.3 Misleiding van deelnemers....21*

*1.8.4 Vertroulikheid....21*

1.9 Bydrae van die studie....22

*1.9.1 Bydrae tot die onderwyspraktyk....22*

*1.9.2 Bydrae tot die teorie ........................................ 22*

1.10 Hoofstukindeling ........................................ 23

**2 HOOFSTUK 2: REGSDETERMINANTE MET BETREKKING TOT OPVOEDERSEKURITEIT ........................................ 24**

2.1 Inleiding ........................................ 24

2.2 Statutêre determinante ........................................ 26

*2.2.1 Suid-Afrikaanse Grondwet ........................................ 26*

*2.2.2 Arbeidswetgewing ........................................ 38*

*2.2.3 Onderwyswetgewing ........................................ 47*

2.3 Die gemene reg ........................................ 54

*2.3.1 Die dienskontrak ........................................ 54*

*2.3.2 Die Staat as werkgewer ........................................ 56*

*2.3.3 Die beheerliggaam as werkgewer ........................................ 59*

*2.3.4 Gemeenregtelike pligte volgens die dienskontrak ........................................ 60*

*2.3.5 Die deliktereg ........................................ 65*

2.4 Samevatting ........................................ 69

**3 HOOFSTUK 3: NAVORSINGSONTWERP EN DATA-ANALISE ........................................ 71**

3.1 Inleiding ........................................ 71

3.2 Filosofiese uitgangspunt: die interpretivisme ........................................ 71

3.3 Kwalitatiewe en kwantitatiewe benaderings ........................................ 72

3.4 Deelnemers ........................................ 75

3.5 Data-insameling ........................................ 76

*3.5.1 Onderhoude ........................................ 77*

3.6 Dokument-analise ........................................ 79

3.7 Data-analise ........................................ 82

3.8 Vertrouenswaardigheid ........................................ 83

3.9 Etiese oorwegings ........................................ 85

*3.9.1 Toestemming vir die navorsing ........................................ 85*

*3.9.2 Vertroulikheid en anonimiteit ........................................ 86*

3.10 Interpretasie van empiriese data ....87
*3.10.1 Kategorie 1: Skoolverwante faktore....87*
*3.10.2 Kategorie 2: Arbeidsregtelike faktore ....95*
*3.10.3 Kategorie 3: Samelewingsverwante faktore ....107*
3.11 Deurlopende tema: Psigologiese sekuriteit ....119
3.12 Samevatting ....123
**4 HOOFSTUK 4: BEVINDINGS EN AANBEVELINGS ....125**
4.1 Inleiding....125
4.2 Samevatting van vorige hoofstukke ....125
4.3 Bevindings rakende skoolverwante faktore ....127
4.4 Bevindings rakende arbeidsregtelike faktore ....129
*4.4.1 Beleid ....129*
*4.4.2 Werkgewer-werknemer-verhouding ....130*
*4.4.3 Werksekerheid ....130*
*4.4.4 Ondersteuning....131*
*4.4.5 Wetgewing ....132*
4.5 Bevindings rakende samelewingsverwante faktore....133
*4.5.1 Ouers ....133*
*4.5.2 Gesinslewe....134*
*4.5.3 Samelewing....135*
4.6 Bevindings rakende die deurlopende tema van psigologiese sekuriteit ....137
4.7 Aanbevelings rakende skoolverwante faktore....139
4.8 Aanbevelings rakende arbeidsregtelike faktore ....140
4.9 Aanbevelings rakende samelewingsverwante faktore....141
4.10 Aanbevelings rakende die deurlopende tema van psigologiese sekuriteit ....141
4.11 Aanbevelings vir verdere navorsing ....142
4.12 Slotperspektief ....142
**5 BIBLIOGRAFIE ....144**

**6 HOFSAKE......155**

**7 ADDENDUM A: TOESTEMMINGSBRIEF: DEPARTEMENT ......157**

**8 ADDENDUM B: TOESTEMMINGSBRIEF: SKOOLHOOF......158**

**9 ADDENDUM C: INGELIGTE TOESTEMMING VAN DEELNEMERS ......160**

**10 ADDENDUM D: ONDERHOUDSKEDULE ......163**

**11 ADDENDUM E: VOORBEELD VAN TRANSKRIPSIE EN KLEURKODERING ......165**

**12 ADDENDUM F: ETIEKKLARING ......169**

**Lys van tabelle**

Tabel 2.1 Werkgewers van opvoeders ...... 58

Tabel 3.1 Eienskappe van die kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingsmetodes ...... 74

Tabel 3.2 Seleksie van deelnemers ...... 76

# 1 HOOFSTUK 1: PROBLEEMSTELLING EN NAVORSINGSONTWERP

## *1.1 Inleiding*

Die meeste opvoeders betree die professie met hoë verwagtinge, ’n visie vir die toekoms en ’n missie om kinders op te voed (Loock, Grobler & Mestry, 2006:18). By sommige onderwysers neem hierdie idealisme ongelukkig af. Davies, gewese uitvoerende hoof van die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (SAOU), beskryf die omvang van hierdie afname só: “Vir die meeste onderwysers is hul beroep deesdae niks meer as net ’n werk nie” (Rademeyer, 2006:1). Davies meen verder dat die verandering wat deur die Grondwet, onderwys- en arbeidswetgewing teweeggebring is, dit moeilik maak vir opvoeders om hul beroep as meer as net ’n “werk” te sien. Die werklikheid waarmee hulle in die skoolopset gekonfronteer word, lei dikwels tot ’n afname in die moreel van opvoeders (Steytler, 2008).

Bogenoemde afname in opvoedermoreel is te wyte daaraan dat baie opvoeders ’n groter wordende gebrek aan sekuriteit in skole ervaar. Die situasie word volgens Davies beïnvloed deur onaangename werksomstandighede, ’n toenemende gevoel dat alles ’n futiele poging is, agteruitgang in die status van opvoeders, asook materiële agteruitgang. Loock *et al*. (2006:18) voeg by dat dié toestande, druk en eise in hul werksplek, opvoeders se verwagtinge kan smoor en struikelblokke word om hul missie te bereik.

## *1.2 Probleemstelling*

Die vlae van geweld bedreig in ’n groot mate die sekuriteit van opvoeders. McGregor (2008) beweer dat ’n opvoeder wat vir sestien jaar trots was om by ’n *township*-skool te onderrig, se veiligheid nou deur gedurige geweld by die skool bedreig word. Die toestand is so senutergend dat sy besluit het om die professie te verlaat. Stellings soos hierdie word bevestig deur onderwysvakbonde (Le Roux, 2009) wat talle skrywes van lede ontvang wat uit die onderwys wil bedank as gevolg van geweld in skole. Volgens Dibetle (2008:7) toon ’n verslag deur die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (SAMRK) dat geweld in sekere gevalle so ernstig was dat opvoeders ernstig beseer en selfs gedood is. Montanyane (Oosthuizen *et al.*,

2004:2) meen dat ’n toestand van onsekerheid en onveiligheid geskep word deur grootskaalse dwelmmisbruik en die insmokkel van gevaarlike wapens in skole wat die veiligheid van leerders en ook opvoeders bedreig. Vir opvoeders as werknemers van die Departement van Onderwys, impliseer sekuriteit (geborgenheid) die skep van ’n veilige omgewing ten einde effektiewe en sinvolle dienslewering moontlik te maak.

Daarom stel Koptyug (2006) dit dat “*For every person wishing to teach, there are thirty persons not wishing to be taught”.* Die onwilligheid van sommige leerders om te leer, is dikwels die dilemma waarmee opvoeders in die huidige onderwysopset worstel. Opvoeders moet elke dag leerders uit verskillende omgewings, kulture of met verskillende gemoedstoestande onderrig. Hierdie leer-, persoonlike of omgewingsprobleme wat leerders ondervind, is dikwels onderliggende redes vir wangedrag en opvoeders word die slagoffers van leerders se onderskeie emosies. Türnüklü en Galton (2001:291) verwys na wangedrag as ’n respons op ’n situasie wat ’n interaksie tussen ’n individu en die omgewing veroorsaak en tot wangedrag kan lei. Wanorde in die samelewing hou direk verband met wanorde wat nou in baie skole te bespeur is (Anon, 2005a:1-3).

Skrikwekkende verhale oor aanrandings en selfs seksuele teistering deur leerders is volgens De Vries (2005:1) deel van die “straf” wat opvoeders toenemend in Suid-Afrikaanse skole moet verduur. Sy bevestig dat ongeveer 24,8% van die opvoeders in Vrystaatse skole al deur leerders aangerand is, 33,4% is verbaal aangeval en 18,1% is aan seksuele teistering onderwerp. In die saak *Jacobs v Chairman, Governing Body, Rhodes High School* 2011 (1) SA 160 (WCC) is wangedrag van leerders weereens bewys toe ’n dertienjarige leerder ’n opvoeder herhaaldelik met ’n hamer geslaan het. Die opvoeder het veelvuldige beserings opgedoen. As gevolg van die aanval is die opvoeder nie meer in staat om haar taak as onderwyser te vervul nie. Die opvoeder het skadevergoeding geëis en kompensasie van

R3 250 000 is aan haar uitbetaal.

Volgens Rossouw (2003:414) het dissipline ’n ernstige knou gekry as gevolg van arrogante houdings wat leerders teenoor opvoeders en ouers ontwikkel het. Hy beweer ook dat die oorbeklemtoning van menseregte (veral die regte van kinders) nog ’n rede is vir die afname in die vlak van dissipline. Jackson (in Anon, 2004a:1) ondersteun hierdie stelling in sy bewering dat die African National Congress (ANC), in hul stryd om apartheid te beveg, by leerders ’n negatiewe kultuur van leer in die land geskep het. Volgens hom word “moeilikheidmakers” se regte deur die Grondwet beskerm en word gesag en dissipline sodoende in skole ondermyn. As sodanig het dit ‘n effek op die fundamentele reg van mede-leerders en opvoeders se veiligheid, soos verskans word in art.12(1)(c) van die Grondwet 108 van 1996 (SA, 1996a). Die gedrag van ongedissiplineerde leerders strem ook die vordering van leerders wat graag wil leer. Die Skolewet 84 van 1996 (SA, 1996b) verleen volgens item 7(5) van die riglyne vir beheerliggame volle outoriteit aan opvoeders om onaanvaarbare gedrag van leerders aan bande te lê.

In die uitvoering van die *in loco parentis*-posisie van opvoeders, word hul gesag dikwels ondermyn in die handhawing van dissipline. Ouers ondersteun graag hul kinders blindelings en dan word opvoeders sonder meer die “sondebok” in dissiplinêre verhore en regsgedinge (Anon, 2004b:3). In die proses word die toepassing van dissipline gestrem deur ouers se negatiewe houdings (Janzen, 2005). Onaanvaarbare ouerintervensie is openlik op die sportveld gedemonstreer toe ’n ouer, ten aanskoue van toeskouers, die skoolhoof wat dissipline probeer toepas het, te lyf wou gaan (Anon, 2008:6).

Janzen (2005) beweer verder dat baie ouers nie die skool as ’n vennoot in die opvoeding of dissiplinering van hul kinders erken nie. Gevolglik is opvoeders dikwels onseker oor hoe om op te tree in die handhawing van dissipline en ontwikkel hulle ’n vrees vir die toenemende aantal fisiese aanrandings. Murdock (2008) berig dat ’n opvoeder erken dat sy banger is vir ’n leerder wat haar fisies sal aanrand as een wat ’n pistool sal uitpluk. Die dodelike swaardaanval op ’n mede-leerder (Eliseev *et al.,* 2008:1) het opspraak verwek en wangedrag is volgens Janzen (2005) besig om

buite beheer te raak. Die dreigende waarskuwing deur die swaardaanvaller het selfs ’n opvoeder wat wou ingryp, verhoed om op te tree, omdat hy ook vir sy eie lewe gevrees het.

Gesien in die lig van bogenoemde wangedrag van leerders asook geweld in skole, is Oosthuizen (2009:155) van mening dat die opvoedingstaak binne ’n veilige omgewing vir leerders moet geskied. Die sekuriteit van opvoeders behoort egter as net so belangrik beskou te word. Volgens Van Kerken (2003:130) is dit belangrik dat opvoeders hulself moet vergewis van hul regte ten opsigte van sekuriteit. Shaba *et al.* (2003:13-15) dui aan dat sekuriteit van opvoeders onder andere deur wetgewing beskerm moet word. In artikel 12 van die Grondwet van Suid-Afrika 108 van 1996 word die vryheid en sekuriteit van die persoon verskans, wat opvoeders se reg om vry te wees van alle vorme van geweld (art.12(1)(c)) en ook die reg op sekuriteit van die liggaam (art.12(2)(b)) insluit. Artikel 23 beskerm opvoeders se arbeidsregte wat hul reg op billike arbeidspraktyke en ook die reg om regverdig in die werkplek behandel te word, insluit. Vir die doeleindes van opvoedersekuriteit, bepaal artikel 24 dat uitvoering aan opvoeders se reg verleen moet word op ’n veilige omgewing wat nie skadelik sal wees vir hul gesondheid of welstand nie. Hierdie veilige omgewing sluit ook die werksplek van opvoeders in.

Artikel 1(2) van die Wet op Beroepsveiligheid en Gesondheid 85 van 1993 ondersteun artikel 24 van die Grondwet wanneer dit werkgewers verplig om aan hul werknemers redelike veilige en gesonde werkstoestande te voorsien. Ingevolge dié wet word skole verplig om ’n beleid ten opsigte van veiligheid op te stel (Joubert, 2006:58). Opvoeders, as regsubjekte met ’n belang in onderwys (Oosthuizen, 2009:155), se sekuriteit moet ook deur onderwyswetgewing verseker word. In ’n poging om misdaad en geweld in skole te bekamp, het die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) kennis gegee van ’n handleiding rakende die hantering van veiligheid en sekuriteit vir alle belanghebbendes in onderwys (WKOD, 2004). Artikel 8 van die Beleidshandboek vir Opvoeders is ’n algemene dokument wat opgestel is en handel oor “Signposts for safe schools”. Hierdie dokument het ten doel om veiligheid en sekuriteit in die skoolomgewing aan te spreek.

Die oordrewe klem in die onderwys op kinderregte (Küng & De Waal, 2007:101; Anon, 2005a:15) skep by opvoeders 'n gevoel van onsekerheid. Loock *et al.* (2006:18) meen dat ware opvoedkundige leiers sensitief behoort te wees vir die fisiese sowel as psigologiese behoeftes van opvoeders. Daarom stel hy dit dat toepassing van hierdie plig deur die Staat as werkgewer, asook ander belanghebbendes in onderwys, behoorlik teenoor opvoeders nagekom behoort te word.

Gesien in die lig van die probleemstelling, blyk dit dat opvoeders se sekuriteit deur verskeie faktore, waaronder ook wangedrag van leerders, bedreig word. In die volgende paragrawe sal die sekuriteit van opvoeders vanuit 'n teoretiese oogpunt benader word.

## *1.3 Teoretiese raamwerk*

Hierdie navorsing is gebaseer op twee teorieë wat met opvoedersekuriteit verband hou: eerstens dié van Maslow (1970), wat die plasing van menslike behoeftes in 'n hiërargiese orde behels. Ten tweede word die grondslag van die vakgebied waarin hierdie studie gedoen word, naamlik Onderwysreg - dié van *geborgenheit* - as teoretiese grondslag beskou.

### *1.3.1 Maslow se behoefteshiërargie*

Maslow, soos bespreek deur Cardwell, Clark en Meldrum (2004:441) beskou die vervulling van basiese behoeftes, byvoorbeeld fisiologiese en veiligheidsbehoeftes as 'n voorwaarde vir die vervulling van hoër-ordebehoeftes soos selfaktualisering en motivering. Volgens Maslow se teorie word die fisiologiese behoeftes van die mens as die mees basiese behoeftes beskou. Hierdie fisiologiese behoeftes moet, volgens Meyer, Moore en Viljoen (1988:378), op 'n gereelde basis vervul word, anders oorheers hulle alle ander motiewe. Hierdie teoretiese aanname het spesifieke implikasies vir die skoolomgewing. 'n Honger leerder sal byvoorbeeld nie daarin geïnteresseerd of in staat wees om sy/haar hoër-ordebehoeftes tot selfaktualisering te bevredig nie. Hoewel daar kritiek op Maslow se teorie is, byvoorbeeld dat behoeftes nie noodwendig in 'n hiërargiese orde vervul hoef te word nie, bied die

teorie ’n geskikte agtergrond waarteen waardes en behoeftes beter verstaan kan word (Louw & Edwards, 1997:449).

Maslow se teorie beklemtoon ook die inagneming van behoeftes oor ’n wye spektrum (Louw & Edwards, 1997:449) wanneer motivering vir werk bespreek word. In die onderwyskonteks, en vir die doel van hierdie studie, kan hierdie teorie dus aangewend word om opvoeders se behoefte aan sekuriteit in hul werksomgewing beter te verstaan. Sekuriteit behels nie net die fisiese sekuriteit van opvoeders nie, maar ook hulle psigologiese sekuriteit. Maslow se teorie sal daarom gebruik word as ’n agtergrond vir hierdie bespreking van opvoedersekuriteit in die skool as werkplek. Die argument is dat opvoeders se ervaring van sekuriteit, fisies sowel as psigologies, as ’n belangrike faktor beskou moet word in kwaliteit-onderrig.

Cardwell, Clark en Meldrum (2004:442) beskryf die vlak van sekuriteitsbehoeftes as “*the need to feel safe and secure from physical danger and anxieties”.* Die behoefte aan sekuriteit word dus dominant in die sin dat alle funksionering gerig kan wees op die vervulling van behoeftes soos dié aan sekuriteit, stabiliteit, beskerming, struktuur, orde, wette, grense en ’n gebrek aan angs en vrees (Meyer, Moore & Viljoen, 1988:379). Die ernstige wangedrag van leerders in die skool bedreig toenemend die gevoel van sekuriteit van opvoeders. Die implementering van beskermende wetgewing, onder andere die Grondwet wat die regte van alle persone in die land beskerm, is ’n manier om orde in die werkplek te reguleer. Die effektiewe werksverrigting van opvoeders wat sekuriteit beleef, is op sy beurt in die beste belang van die kind, aangesien dit ook leerders sal help om optimaal in hulle skoolwerk te funksioneer.

### *1.3.2 Geborgenheid*

Die tweede teorie waarby in hierdie studie aangesluit word, is afkomstig van die Duitse opvoedkundige konsep van *geborgenheit.* Volgens Oosthuizen (2009:16) is *geborgenheit* die filosofiese basis van die vak Onderwysreg.

Geborgenheid, as ’n vorm van sekuriteit, is ’n “toestand van geborge wees”, “toestand van veiligheid” of “vryheid van bekommernisse en sorge” (Anon,

2005b:136). Volgens Oosthuizen *et al.* (2004:1) moet die mens se afhanklikheid en behoefte aan sekuriteit altyd in gedagte gehou word. Daarom meen hy dat hierdie strewe na sekuriteit weerspieël word in die mens se vertroue in God. Van der Westhuizen (1991:203) stel dit dat sekuriteit (geborgenheid) en veiligheid nie net as basiese faktore vir motivering geïdentifiseer moet word nie, maar dat elke mens se basiese behoeftes ook in ag geneem moet word.

Die Collins Cobuild Essential English Dictionary (1989:716) beskryf sekuriteit as "*legal protection against possible harm or lost."* Hierdie regsperspektief is van spesifieke belang vir hierdie studie, wat fokus op die sekuriteit van opvoeders vanuit 'n arbeidsregtelike perspektief. Hierdie woordeboek definieer sekuriteit as Volgens Oosthuizen (2009:16) openbaar die mens 'n behoefte aan *geborgenheit.* Heidegger (2005:220) beskou die mens as 'n bedreigde weerlose entiteit met 'n behoefte om beskerm te word. In essensie is sekuriteit of *geborgenheit* volgens Oosthuizen (2009:18) nie net beperk tot die behoefte van die kind nie, maar alle mense, ook opvoeders, het 'n behoefte om veilig te voel in hulle werkplek. Wetgewing, byvoorbeeld die Handves van regte in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, reguleer die aspek van *geborgenheit.* Artikel 12 van die Grondwet beskerm vryheid en sekuriteit van die persoon en artikel 24 dui daarop dat elke persoon, en daarom ook opvoeders, die reg het op 'n omgewing wat nie skadelik vir sy of haar gesondheid en welsyn is nie. Die Grondwet dien dus as 'n bron van wetgewing wat veiligheid en sekuriteit beskerm sodat opvoeders ook *geborgenheit* in hul werksomgewing kan ervaar.

Vir die doel van hierdie studie sal die begrip geborgenheid daarom uitgebrei word om sekuriteit in te sluit, om sodoende aansluiting te vind by die gebrek aan sekuriteit wat opvoeders as gevolg van onder andere leerderwangedrag ervaar.

### *1.4 Konseptuele raamwerk*

Enkele prominente konsepte verdien verheldering, aangesien hulle sentraal staan tot die studie.

### *1.4.1 Opvoedersekuriteit*

Dibetle (2008:7) berig dat opvoeders slagoffers geword het van fisiese en psigologiese geweld by skole. Luidens ’n verslag deur die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (SAMRK), bedank talle opvoeders omdat genoemde faktore hul veiligheid en sekuriteit bedreig. Volgens ’n sielkundige van die Gemeenskapagentskap vir Sosiale Navrae (CASE), word ’n groot aantal opvoeders na haar verwys as gevolg van traumatiese ervarings waaraan hulle blootgestel word. Sy beweer dat dit ’n negatiewe impak het op opvoeders se vermoë om gehalte-onderrig te lewer, omdat hulle vasgevang voel in hul skoolomgewing en dit ook bydra tot ’n negatiewe gevoel teenoor hul werkgewer (Dibetle, 2008:7).

Die HAT Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (Odendaal & Gouws, 2005:1156) definieer veiligheid (sekuriteit) as ’n toestand van “sekerheid” en om “vry van gevaar” of “sonder vrees” te wees terwyl sekuriteit in die MacMillan English Dictionary (MacMillan Education, 2002:1282) omskryf word as “beskerming teen aanval, leed en skade”. Sekuriteit is ook ’n toestand om beskerm te word teen fisiese, sosiale, geestelike, finansiële, politieke, emosionele, beroepsgerigte en psigologiese omstandighede. Die gevoel van ’n gebrek aan sekuriteit kan voortspruit uit mislukking, skade, foute, ongelukke, beserings of enige ander toestand wat as onaanvaarbaar (onbevredigend) beskou kan word.

Loock *et al.* (2006:18) is van mening dat daar verskeie faktore van ’n gebrek aan sekuriteit is wat kan bydra tot stres, afname in moreel en bedankings van opvoeders. Malan (Van Niekerk, 2008:6) dui aan dat die hoë stresvlak van opvoeders die toenemende metaboliese sindroom (tipe 2-diabetes) verhoog wat grotendeels toe te skryf is aan faktore soos reeds genoem deur sowel Davies (in Rademeyer, 2006:1) as Loock *et al*. (2006:18). Sy sonder egter onsekerheid van opvoeders, dissiplinêre probleme en geweld in skole uit as van die “harde feite” wat die algemene gesondheid van opvoeders beïnvloed. Die gesondheid van opvoeders is baie swakker as dié van die algemene publiek en stres-verwante siektes soos hipertensie en maagsere is algemene siektes onder opvoeders (Anon, 2005a:15). Grootskaalse afwesigheid van opvoeders as gevolg van stres en ander verwante siekte-toestande skaad die beeld van die onderwysprofessie en ook dié van opvoeders as

professionele persone. Dit het ook ’n nadelige invloed op leerders wat in die proses van onderrig en leer ontneem word. Daarom meen Davies dat die publiek in die jongste tyd ’n laer dunk van die onderwys as professie het en minder respek vir opvoeders toon (Rademeyer, 2006:1). Opvoeders ervaar gebrekkige sekuriteit en die gevolg is ’n grootskaalse uittog uit die beroep en al hoe minder studente wat belangstel om opgelei te word. Klopper bevestig dat sowat 18 000 opvoeders jaarliks die onderwysprofessie om die een of ander rede verlaat (Rademeyer, 2008:1, McGregor, 2008:1) en faktore soos onvoldoende salarisse, verhoogde werkslading, gebrek aan professionele erkenning asook werksekerheid is verdere bydraende faktore (Anon, 2005a:15).

’n Ander arbeidsregtelike term verwant aan opvoedersekuriteit is dié van werksekuriteit of werksekerheid. Dit behels normaalweg die permanente of voortgesette aanstelling in ’n pos, wat ook ’n rol speel in die behoefte van ’n opvoeder om sekuriteit te ervaar. Die klem in hierdie studie lê egter nie op die konsep “werksekerheid” nie, maar eerder op die ervarings en persepsies van opvoeders rakende die fisiese of psigologiese sekuriteit wat hulle ervaar, al is hulle poste nie in gedrang nie.

### *1.4.2 Leerderwangedrag*

Leerderwangedrag is nog ’n konsep wat in hierdie studie verheldering geniet, aangesien dit as een van die faktore geïdentifiseer is wat daartoe bydra dat opvoeders ’n behoefte aan sekuriteit in skole ervaar.

Die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (2005:243) omskryf gedrag as die manier waarop iemand hom gedra of andersins die wyse van iemand se optrede. Die fokus in hierdie studie is egter op wangedrag, en word wangedrag deur Crowther (1995:744) omskryf as willekeurige gedrag van ’n persoon wat as onaanvaarbaar beskou kan word. Die Pharos Verklarende Afrikaanse Woordeboek (2007:1073) beskryf wangedrag onomwonde as “slegte gedrag”.

Küng en De Waal (2007:101) skryf wangedrag van leerders toe aan die oorbeklemtoning van kinderregte na 1994 wat daartoe gelei het dat skole in Suid-

Afrika tans ernstige dissiplinêre probleme ervaar. Die outeurs stel dit dat die norme en verantwoordelikhede wat met hierdie kinderregte gepaardgaan, ongelukkig nie genoeg beklemtoon word nie en dat dit tot leerderwangedrag gelei het. Die gemene reg verleen aan opvoeders die outoriteit om by wyse van hulle *in loco parentis*-posisie, leerders in publieke skole te dissiplineer (Mestry, Moloi & Mohamed, 2007:180). Masitsa (2007:157) voer egter aan dat leerders arrogant en gewelddadig is, vuurwapens skool toe dra, ander leerders en opvoeders intimideer, skoolreëls verbreek en ook die outoriteit van opvoeders uitdaag. Eloff (2009:35-47) noem nog 'n reeks faktore wat daartoe bydra dat leerders hulle skuldig maak aan wangedrag. Hierdie lys sluit samelewingsverwante, ouerverwante, skoolverwante, leerderverwante, en opvoederverwante faktore in.

In Artikel 9 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 84 van 1996 word duidelike riglyne gestipuleer vir die skorsing en uitsetting van leerders wat hulle aan ernstige wangedrag skuldig maak. Tipiese oortredings word duidelik in artikel 11 van die Riglyne vir die Oorweging deur Beheerliggame in die Aanneem van 'n Gedragskode vir Leerders gestipuleer. Dit sluit onder andere in: gedrag wat die veiligheid van andere bedreig, die besit of gebruik van gevaarlike wapens, baklei, aanranding, onaanvaarbare gedrag, disrespek en verbale teistering wat op opvoeders, ander skoolpersoneel of leerders gerig is, asook ander oortredings in artikel 11 gestipuleer, maar wat nie op hierdie studie betrekking het nie. Artikel 8 van die Skolewet stipuleer daarom duidelik die noodsaaklikheid van 'n gedragskode in elke skool. Die doel van 'n gedragskode is volgens Mestry, Moloi en Mohamed (2007:181) om dissipline en 'n leersame skoolomgewing te skep.

Malan (2006:1) voer aan dat skole nie meer as die veilige hawens van ouds beskou kan word nie, maar dat dit eerder die broeiplek van geweld geword het. Sy stel dit verder dat die vorige Minister van Onderwys, Naledi Pandor, erken het dat opvoeders in veral agtergeblewe skole en gemeenskappe onvoldoende ondersteuning ontvang om geweld en swak dissipline die hoof te bied. Küng en De Waal (2007:105) stem saam dat opvoeders weinig ondersteuning van die Departement van Basiese Onderwys ten opsigte van die dissipline van leerders geniet. Rossouw (2007:212-213) huldig egter die mening dat wetgewing in Suid-

Afrika soos die Wet op Arbeidsverhoudinge, 66 van 1995, asook die Wet op Indiensneming van Opvoeders, 76 van 1998 duidelike pogings deur wetgewers is om die belange van werknemers te beskerm. Verskeie ander fundamentele regte wat ’n impak op die werksplek het, hierby ingeslote die skool as werksplek van opvoeders, word ook in die Grondwet van Suid-Afrika, 108 van 1996 verskans soos aangedui op bladsy agt van hierdie studie.

Ten spyte van genoemde wetgewing, voer Rossouw (2007:213) aan dat opvoeders nog steeds die persepsie het dat hulle fundamentele en arbeidsregte ondergeskik aan die regte van leerders is of selfs geïgnoreer word. Hierdie persepsie van opvoeders lei daartoe dat hulle, aldus die outeur, enorme frustrasie, woede en stres ervaar wat verder bydra tot die gevoel van gebrek aan sekuriteit, insluitend hulle emosionele en fisiese veiligheid.

Die wyse waarop leerders hulle gedra of wangedra dui daarop dat opvoeders ’n behoefte aan sekuriteit in hul werksplek ervaar, soos uitgelig is in die literatuur wat bespreek is in die teoretiese en konseptuele raamwerke van hierdie studie. Teen die agtergrond van die voorafgaande besprekings ten opsigte van opvoedersekuriteit is die volgende probleemvrae geïdentifiseer wat deur middel van hierdie studie noukeurig ondersoek sal word.

### *1.4.3 Gedragskodes*

Die gedragskode van ’n skool kan beskou word as ’n stel geskrewe reëls wat daarop gerig is om die gedrag, optrede en houdings van leerders te bepaal om sodoende dissipline te bevorder (Pretorius, 2008:66). Die reëls in ’n gedragskode is bindend omdat dit sekere morele standaarde en waardes reflekteer wat die gedrag en optrede van leerders reguleer (Joubert & Prinsloo, 2001:124). Oosthuizen (2006:74) noem dat gedragskodes binne die raamwerk van wetgewing opgestel en toegepas moet word om dissipline op leerders af te dwing. Dit sal verseker dat ’n leeromgewing wat bevorderlik vir onderrig en leer is, geskep word. Aspekte soos regverdigheid en billikheid moet in ag geneem word by die opstel en implementering van gedragskodes.

Die Skolewet en die Grondwet bied ’n deeglike raamwerk vir die formulering van gedragskodes. Stipulasies in die gedragskode mag nie teenstrydig wees met bepalings in die Grondwet nie. Artikel 8 van die Skolewet 84 van 1996 (SA, 1996b) bepaal daarom dat die beheerliggaam van elke skool ’n gedragskode vir leerders moet saamstel na oorlegpleging met ouers, leerders en opvoeders in die skool. Oorweging moet ook gegee word aan aspekte soos die kultuur, waardes en norme van die skoolgemeenskap. Rossouw (2003:426) bevestig dat maatskaplike faktore buite die skool ook in ag geneem moet word wanneer gedragskodes saamgestel word.

Pretorius (2008:87) huldig die mening dat leerders op grond van die gedragskode behoort te weet watter gedrag toelaatbaar is en deur watter optrede hulle hul skuldig maak aan wangedrag. Die opstel asook toepassing van 'n gedragskode binne die raamwerk van wetgewing daartoe sal bydra dat beide leerders en opvoeders veiligheid en sekuriteit in die skool en werkplek ervaar.

### *1.5 Probleemvrae*

Die voorafgaande bespreking lei tot die volgende vrae vir hierdie studie:

- *Op watter wyse beskerm en verseker die Grondwet, onderwys- en arbeidswetgewing die sekuriteit van opvoeders?*
- *Watter invloed het wangedrag van leerders op die sekuriteit van opvoeders?*
- *Watter bydrae lewer die onderskeie rolspelers in die onderwys om die sekuriteit van opvoeders te verseker?*

### *1.6 Doelstellings*

Die oorkoepelende doelstelling van die studie is om vanuit ’n arbeidsregtelike perspektief ’n regsraamwerk vir opvoedersekuriteit daar te stel en dan empiries te bepaal watter persepsies opvoeders het rakende die invloed van leerderwangedrag op hulle sekuriteit.

Ten einde hierdie doelstelling te bereik, word die volgende subdoelstellings gestel:

- *om te bepaal op watter wyse die Grondwet, onderwys- en arbeidswetgewing asook die gemene reg en regspraak die sekuriteit van opvoeders beskerm;*
- *om empiries te bepaal watter persepsies en sienings opvoeders het rakende leerderwangedrag en hulle sekuriteit in die werkplek;*
- *om die rol van die beheerliggaam, die Staat en die ouers in die sekuriteit van die opvoeders te bepaal, met spesifieke verwysing na leerderwangedrag.*

### *1.7 Navorsingsontwerp en -metodologie*

’n Navorsingsmetode is ’n benadering wat gebruik word om ’n navorsingsvraag of -probleem te ondersoek (Anderson & Arsenault, 1998:85) deur middel van die insameling van data en analisering van prosedures (McMillan & Schumacher, 2006:9). McMillan en Schumacher (2006:30) meen dat die metodologie-afdeling navorsers moet lei oor hoe om die navorsingsontwerp, deelnemers, instrumente en prosedures te kies. Hierdie paragraaf beoog dus om die rasionaal te bepaal vir die navorsingsontwerp en ontleding van data wat ingesamel sal word en ook om antwoorde te vind deur middel van die toepassing van sistematiese prosedures (Berg, 2007:8). Volgens Silverman (2006:341-342) behoort die navorser antwoorde op die volgende vrae te vind:

- *Watter strategieë sal gebruik word om die navorsing aan te pak, en waarom?*
- *Watter ontwerp en tegnieke sal gebruik word, en waarom?*
- *Hoekom sal hierdie spesifieke ontwerp en tegnieke gebruik word?*

Best en Khan (2003:247-257) verwys na strategieë as die tipe studie wat uitgevoer gaan word, byvoorbeeld ’n gevallestudie, etnografiese studie of die studie van dokumente. Tegnieke is volgens genoemde outeurs die maniere hoe data ingesamel gaan word, byvoorbeeld observasies, onderhoude of oorsig van dokumente.

In ’n ontleding van die benutting van kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingsmetodologieë in opvoedkundige studies kan daarop gelet word dat daar die afgelope drie dekades ’n klemverskuiwing plaasgevind het. McMillan (2004:9)

beweer dat opvoedkundige studies in die sewentigerjare veral gebaseer was op die kwantitatiewe metode van navorsing. Sedertdien fokus navorsers egter toenemend op die kwalitatiewe metode, of 'n kombinasie van die twee metodes, bekend as die gemengde metode.

Aan die hand van die beskrywing van die twee metodes, sal die faktore wat die sekuriteit van opvoeders bedreig volgens die kwalitatiewe metode ondersoek word. Hierdie navorser is van mening dat die studie hom grootliks leen tot die insameling van data deur middel van onderhoude, asook die bestudering en analisering van dokumente wat antwoorde op die doelwitte van hierdie studie kan verskaf, naamlik om te bepaal op watter wyse die Grondwet, onderwys- en arbeidswetgewing die sekuriteit van opvoeders beskerm. In kwalitatiewe navorsing word die verskynsel in sy natuurlike omgewing bestudeer (De Vos, Strydom, Fouché & Delport, 2005:270) en vanuit die oogpunt van die deelnemer verstaan en beskryf (Leedy & Ormrod, 2005: 94). Die fisiese en sosiale omgewings (naamlik skole) waarin die deelnemers hulle bevind, is dus die omgewing waar die gedrag en sienings van die populasie wat die navorser gekies het, ondersoek sal word.

In die paragrawe wat volg word die belangrikste elemente van die metodologie van hierdie studie uiteengesit. Hierdie elemente word meer breedvoerig in hoofstuk 3 bespreek.

### *1.7.1 Literatuuroorsig*

Die doel van die oorsig van literatuur is om die huidige verskynsel of probleem wat ondersoek word, met vorige of bestaande navorsing te verbind sodat die navorsingsprobleem en -ontwerp in 'n gepaste konteks ondersoek kan word (McMillan, 2004:50). McMillan en Schumacher (2006:75-76) meen verder dat die doel met die oorsig van literatuur is om:

- *die probleem wat ondersoek word, te verfyn, dit wil sê meer kennis van vorige navorsers se sieninge van die verskynsel moet verkry word om sodoende die spesifieke probleem wat ondersoek word te verfyn;*

- *die studie in 'n historiese perspektief te plaas deur huidige navorsing met bestaande literatuur te vergelyk;*
- *onnodige herhaling van vorige navorsing te vermy deur 'n deeglike ondersoek van vorige literatuur van die verskynsel te doen sodat duplisering van inligting vermy word;*
- *insig in die bevindinge van vorige navorsers se werk te verkry; en*
- *in veral kwantitatiewe studies 'n navorsingshipotese te ontwikkel.*

Literatuur sal dus ingesamel word deur gebruik te maak van primêre sowel as sekondêre literatuurbronne. Primêre bronne is oorspronklike bronne en sluit artikels, joernale, navorsingsverslae en tesisse in (McMillan, 2004:61; McMillan & Schumacher, 2006:79-80). Sekondêre bronne is 'n opsomming, ondersoek of bespreking van die werk van vorige navorsers of outeurs (McMillan, 2004:53).

Data sal ook ingesamel en geanaliseer word deur gebruik te maak van openbare dokumente (bv. beleidsdokumente en wetgewing) en geskrewe artikels. Openbare dokumente soos die Grondwet, onderwys- en arbeidswetgewing sal in hoofstuk twee bestudeer en geanaliseer word om antwoorde te verkry op doelwit een, wat beoog om te bepaal op watter wyse genoemde wetgewing die sekuriteit van opvoeders beskerm. Volgens Merriam (2002:13) is een voordeel van dokumente dat dit alreeds bestaan en redelik maklik bekombaar is. De Vos *et al.* (2005:270) lys relatiewe lae koste as nog 'n voordeel van die gebruik van dokumente in studies.

Die sekuriteit van opvoeders sal in hierdie studie ondersoek word deur relevante literatuur wat verkry is uit boeke, artikels, joernale, wetgewing asook deur middel van internetsoektogte op die Eric, Ebscohost, Sabinet en Google webwerwe. Sleutelwoorde vir die ondersoek sal insluit: *insecurity, security, safety, discipline, misconduct, misbehaviour, legislation, labour law, education law.*

### *1.7.2 Filosofiese uitgangspunt*

Interpretivisme hou verband met die belangstelling wat die navorser het in die betekenis wat individue of gemeenskappe aan hulle persoonlike ervaring van die

werklikheid heg (Maree, 2007:21). ’n Intersubjektiewe skakeling tussen navorser en deelnemer vind plaas in die proses om begrip en betekenis, asook die interpretasie daarvan deur die navorser, aan ondervindinge te heg. Hierdie filosofiese uitgangspunt word meer in besonderhede in par. 3.2 bespreek.

### *1.7.3 Empiriese ondersoek*

Die empiriese ondersoek sluit die navorsingsontwerp in wat ’n plan is wat die navorser lei (Mouton, 1996:107; Terre Blanche *et al.*, 2006:34) in die keuse van ’n navorsingsmetode, insameling en analisering van data, keuse van deelnemers en omgewing asook die instrumente wat gebruik sal word (McMillan, 2004:17).

#### 1.7.3.1 Navorsingsmetode

Navorsing vanuit ’n interpretivistiese oogpunt word dikwels geassosieer met kwalitatiewe navorsing, waarvolgens die navorser daarin belang stel om te bepaal hoe individue deur middel van hul siening van die wêreld betekenis verleen aan ’n situasie of verskynsel (Merriam, 2002:6). Die navorsingsontwerp van hierdie studie is die kwalitatiewe metode van navorsing, wat die mees geskikte metode vir die studie blyk te wees in terme van sy reeks voordele naamlik:

- *dat ’n diepgaande begrip van die situasie verskaf word (Henning, 2004:3);*
- *dat die deelnemers verteenwoordigend van ’n kleiner populasie is omdat die geldigheid van die bevindings nie noodwendig afhang van die aantal respondente nie, maar eerder berus op die kennis en vlak van betroubaarheid van antwoorde wat die deelnemers gedurende onderhoude verskaf;*
- *dat persoonlike kontak met deelnemers in groepsonderhoude daartoe lei dat diepgaande inligting bekom word wat dikwels nie in individuele onderhoude bereik word nie.*

#### 1.7.3.2 Insameling van data

Die fokus van die studie is om data in te samel en te analiseer volgens die kwalitatiewe metode van navorsing. Merriam (2002:12) identifiseer drie hoofmetodes

van data-insameling, naamlik onderhoude, observasies en dokument-analise. In hierdie studie is die mees gepaste metodes onderhoude (wat groepsonderhoude insluit) en dokument-analise. Geen observasies sal in hierdie studie gebruik word nie as gevolg van die relatiewe sensitiwiteit van die onderwerp en die moontlik gepaardgaande ongemak wat deelnemers mag beleef as hulle geobserveer word.

- Semi-gestruktureerde individuele onderhoude

’n Onderhoudskedule sal ontwikkel word vir die semi-gestruktureerde onderhoude. Deur middel van haar betrokkenheid in die onderhoudsproses met die deelnemers word die navorser outomaties die meetinstrument van die navorsing (Henning, 2004:7). Na persoonlike kontak sal addisionele kwalitatiewe inligting ook, waar nodig, ingesamel word deur middel van geskrewe kommunikasie, insluitend e-poskontak om ’n dieper insig te bekom en bedoelings te verifieer ten opsigte van persepsies, soos uitgedruk gedurende onderhoude.

- Groepsonderhoude

Groepsonderhoude gaan ook gebruik word om meer inligting te bekom, omdat hierdie sessies soms ’n breër perspektief en ’n diepgaande begrip van die studie kan verskaf. Die voordele verbonde aan groepsonderhoude, soms ook fokusgroepsessies genoem, is volgens De Vos *et al.* (2005:301; 312) die feit dat deelnemers in groepe vryer voel om deel te neem aan besprekings en ook makliker oor hul eie ondervindinge praat. ’n Breër en dieper insig van die deelnemers se kennis van die verskynsel word dus geskep. Nog ’n voordeel waarop die navorser in groepsonderhoude kan steun, is die vermoë waaroor die deelnemers in ’n groep gekonsentreerd kan bydrae om ’n groot hoeveelheid inligting te verskaf deur spontane uitruiling van idees, gedagtes en houdings van die verskynsel onder bespreking.

- Dokument-analise

Alle of feitlik alle navorsingsprojekte sluit volgens Blaxter, Hughes en Tight (2010:186) in ’n mindere of meerdere mate die gebruik en analise van dokumente in,

omdat daar van die navorser verwag word om die skrywe van ander persone te lees, te verstaan en krities te analiseer. Janesick (2010:94-97) huldig die siening dat hoewel daar in kwalitatiewe navorsing meestal van onderhoude as tegniek vir data-insameling gebruik gemaak word, die gebruik en analise van dokumente ’n tegniek is wat goeie begrip kan bevorder en ook al hoe meer in kwalitatiewe data-analise gebruik word. Dokumente, naamlik die gedragskodes van skole, sal dus tydens die kwalitatiewe data-analise bespreek word.

#### 1.7.3.3 Identifisering van deelnemers

’n Populasie is enige groep of individue met een of meer gemeenskaplike eienskappe wat die navorser interesseer (Best & Khan, 2003:12). Hierdie outeurs verwys ook na ’n steekproef as ’n kleiner groep van ’n populasie wat gekies word vir waarneming en analisering.

Vier skole in die Dr. Ruth Segomotsi Mompati distrik (Dr. R.S. Mompati-distrik) in die Noordwes-provinsie in Suid-Afrika is geïdentifiseer vir deelname aan hierdie studie. Hierdie skole het twee sekondêre skole, een primêre skool en een gekombineerde skool uit voorheen bevoordeelde sowel as voorheen benadeelde gebiede ingesluit om sodoende die sosio-ekonomiese aspek in ag te neem. Die skole is verteenwoordigend ten opsigte van etnisiteit, kultuur en taal.

Die deelnemers vanuit die populasiegroep is so gekies dat dit rolspelers in onderwys by skole, naamlik die skoolhoof, voorsitter (of lid) van die skool se beheerliggaam, ervare opvoeders (mans en dames), asook minder ervare opvoeders insluit. Hoewel dit soms moeilik is om vooraf die presiese hoeveelheid deelnemers aan die onderhoudsproses te bepaal, het die navorser onderhoude met ten minste elf deelnemers gevoer.

Volgens De Vos *et al.* (2005:294) is daar twee kriteria vir “genoeg” deelnemers, naamlik:

- *of daar voldoende getalle is wat die deelnemers en omgewing reflekteer, en*

- *of die punt van versadiging van inligting bereik is, dit wil sê die punt waar dieselfde inligting deur deelnemers verskaf word en verdere onderhoude dus nie meer nodig is nie.*

1.7.3.4 Prosedure na die identifisering van deelnemers

Onderhoude is met die deelnemers gevoer, wat volgens Rossouw (2003:422) 'n breër perspektief op die meeste van die aspekte van die verskynsel sal verskaf. Semi-gestruktureerde onderhoude sal gevoer word, omdat hierdie metode van onderhoudvoering aan die navorser 'n geheelbeeld van die deelnemers se sieninge van die tema verskaf (Best & Khan, 2003:255; De Vos *et al.,* 2005:296). Groepsonderhoude is by een skool gehou waar leerders uit al die fases in onderwys naamlik grondslagfase, intermediêre fase en die senior fase verteenwoordig is.

1.7.3.5 Prosedure na die insameling van data

Met die toestemming van die deelnemers sal die onderhoude op band geneem word en die navorser sal ook notas maak wat onmiddellik na die onderhoud opgesom sal word (Best & Khan, 2003:257). Die data wat tydens die onderhoudsproses ingesamel is, sal deur die navorser self ontleed, geïnterpreteer en geanaliseer word. Die data wat verkry is uit die dokumente wat gebruik is, sal ook deeglik ontleed word om die navorsingsdoelwitte te beantwoord.

### *1.8 Etiese strategie*

McMillan en Schumacher (2006:16) meen dat die navorser eties daarvoor verantwoordelik is om die regte en welsyn van die deelnemers te beskerm. Silverman (2006:323) beweer verder dat deelname vrywillig moet wees en dat deelnemers se kommentaar en gedrag vertroulik hanteer moet word om sodoende die deelnemers te beskerm.

Volgens De Vos *et al.* (2005:57) behels etiek 'n stel morele beginsels wat deur individue of groepe aanvaar word ten opsigte van gedragsverwagtinge en reëls in die mees korrekte optrede teenoor deelnemers, respondente, werkgewers, borge, ander navorsers, assistente en studente. Etiese riglyne dien dus as standaarde en 'n basis

waarvolgens navorsers hul eie optrede behoort te evalueer. Leedy en Ormrod (2005:101) meen verder dat navorsers kennis moet neem van die etiese implikasies wanneer veral mense en diere die fokus van 'n ondersoek is. Navorsers behoort dus binne 'n professionele gedragskode van etiek (De Vos *et al.*, 2005:67; Leedy & Ormrod, 2005:104) hulle navorsing uit te voer soos bepaal deur die onderskeie navorsingsinstansies.

Die volgende riglyne vir etiek, soos uiteengesit in De Vos (2005:58-63) en Leedy en Ormrod (2005:101-104) behoort navorsers te lei ten einde hul doelwitte te bereik, naamlik:

### *1.8.1 Beskerming teen en voorkoming van skade*

Deelnemers behoort nie onnodig blootgestel te word aan fisiese of emosionele leed nie. Deelnemers se familielewe, verhoudings en werksituasies moet dus nie bedreig word nie. Navorsers behoort die nodige voorsorgmaatreëls te tref om die welstand en veiligheid van deelnemers, hulself en andere verbonde aan die ondersoek te verseker. Strydom (in De Vos *et al.,* 2005:64) is van mening dat die navorser dan eerder die aard van die navorsing behoort te verander as om die deelnemers bloot te stel aan moontlike fisiese en emosionele leed.

### *1.8.2 Welwillendheidstoestemming en ingeligte instemming*

Volgens riglyne vir etiek (De Vos *et al.,* 2005:58-63; Leedy & Ormrod, 2005:101-104) moet alle deelnemers ingelig word van die implikasies en risiko's verbonde aan deelname aan navorsingsondersoeke. Dit moet ook duidelik aan die deelnemers gestel word dat deelname vrywillig is en dat hulle enige stadium én sonder verstrekking van rede aan die ondersoek mag onttrek sonder om geïntimideerd te voel. In geval van minderjariges of onbevoegde persone moet toestemming (of magtiging) deur wetlik bevoegde persone, byvoorbeeld ouers of wettige voogde verkry word alvorens eersgenoemde deelnemers aan die ondersoek mag deelneem.

Vrywillige deelname sal verseker dat werwing plaasvind sonder dat deelnemers geïntimideerd voel en vrywillig daartoe sal instem om deel te neem. Deelnemers behoort ook nie omgekoop te word om aan die ondersoek deel te neem nie. In

uitsonderlike gevalle mag deelnemers vergoed word vir persoonlike uitgawes aangegaan ten opsigte van vervoer vir deelname aan onderhoude en uitgawes vir maaltye.

Ten einde deursigtigheid te bewerkstellig, kan die navorser ’n vorm ontwerp wat deelnemers sal inlig oor die aard van die studie, potensiële risiko’s en die moontlike ongerief van deelnemers. Daarop kan ook aangedui word dat deelname vrywillig is en dat hulle enige tyd aan die ondersoek mag onttrek. Deelnemers moet ingelig word dat persoonlike besonderhede vertroulik hanteer sal word. Kontakbesonderhede moet verskaf word indien die deelnemers vrae omtrent die studie wil stel. Die handtekening van die deelnemers en die datum van ondertekening moet as bewys van toestemming op die vorm verskyn.

### *1.8.3 Misleiding van deelnemers*

’n Verklaring vir misleiding (“*deception”*) is volgens die MacMillan English Dictionary “*the act of tricking someone by telling them something that is not true*”. Misleiding is volgens Corey (in De Vos *et al.,* 2005:60) die weerhouding van of aanbied van verkeerde inligting aan deelnemers en sluit ook opsetlike misleiding in. Hoewel die doel van die ondersoek soms verberg word, stel Strydom (in De Vos *et al.,* 2005:61) dit dat duidelike onderskeid getref moet word tussen opsetlike misleiding en misleiding waarvan die navorser nie bewus was nie. Indien misleiding wel plaasvind, meen Strydom (in De Vos *et al.,* 2005:64) dat dit onmiddellik gedurende of na die afloop van die onderhoude bekend gemaak moet word. Enige vorm van misleiding moet egter sover moontlik vermy word.

### *1.8.4 Vertroulikheid*

Leedy en Ormrod (2005:102) stel dit dat navorsers te alle tye deelnemers se reg op privaatheid moet respekteer. Privaatheid behels ook die element van persoonlike privaatheid (Strydom, 2005:61). Hierdie privaatheid van deelnemers kan volgens hom geskaad word deur die gebruik van versteekte apparaat soos videokameras, eenrigtingspieëls en mikrofone, wat egter nie sonder die toestemming van die deelnemers aanbeveel word nie.

Genoemde outeurs verwys na vertroulikheid as die vertroulike wyse waarop informasie hanteer moet word. Inligting moet dus slegs aan die navorser en/of die projekleier bekend wees. Persoonlike inligting wat op rekenaars gestoor word, kan maklik deur ongemagtigde persone bekom word. Navorsers moet dus aan deelnemers die versekering gee dat inligting en identiteite vertroulik hanteer sal word. Leedy en Ormrod beveel ook die gebruik van kodenommers aan waarmee slegs die navorser die deelnemers vir identifisering kan verbind.

Met inagneming van bogenoemde etiekreëls, sal die navorser toestemming van die deelnemers verkry om vrywillig aan die studie deel te neem. Toestemming sal ook van die Onderwysdepartement en skoolhoofde verkry word om die studie in skole uit te voer. Deelnemers sal verseker word dat alle inligting vertroulik hanteer sal word. Indien so verkies, sal hul bydrae tot die studie erken word sonder om die identiteit van deelnemers bekend te maak.

## *1.9 Bydrae van die studie*

### *1.9.1 Bydrae tot die onderwyspraktyk*

Hierdie studie beoog om ŉ beter begrip van sekuriteit, asook ŉ bewusmaking van bestaande wetgewing ten opsigte van veiligheid en sekuriteit by opvoeders te wek wat ŉ invloed op die kwaliteit van hul werkslewe het. Die studie beoog ook om te bepaal of opvoeders beskerming ten opsigte van wetgewing ervaar.

### *1.9.2 Bydrae tot die teorie*

Die studie is voltooi binne die vakgebied Onderwysreg en binne ŉ navorsingsprojek befonds deur die Nasionale Navorsingstigting, waarin daar gefokus word op die sekuriteit en regte van die opvoeder. Daar is wel reeds ŉ bestaande, maar beperkte korpus van kennis rakende die arbeidsregtelike posisie van die opvoeder. Hierdie studie poog om ŉ spesifieke regsraamwerk in hierdie verband daar te stel en ook om die problematiek van leerderdissipline, en op watter wyse dit ŉ invloed het op opvoeders se sekuriteit, aan te spreek.

### *1.10 Hoofstukindeling*

Hoofstuk Een: Probleemstelling, navorsingsdoelwitte en navorsingsontwerp en – metodologie.

Die probleemstelling, doelwitte en navorsingsontwerp van die studie word in hierdie hoofstuk uiteengesit.

Hoofstuk Twee: Regsdeterminante met betrekking tot opvoedersekuriteit

Hierdie hoofstuk sal ’n ontleding van die regsdeterminante insluit wat ’n invloed het op die regte en sekuriteit van opvoeders.

Hoofstuk Drie: Navorsingsontwerp en data-analise

’n Beskrywing van die navorsingsontwerp sal in die eerste gedeelte van hierdie hoofstuk die fokus wees. Daarna sal ’n analise van die empiriese navorsing volgens die kwalitatiewe metode bespreek word ten einde die gestelde navorsingsdoelwitte vir die studie te bereik.

Die persepsies, sieninge en voorstelle van die deelnemers asook die ontleding van inligting wat uit dokumente en ander geskrewe materiaal verkry is, sal gerapporteer word onder verskillende temas en sub-temas.

Hoofstuk Vier: Bevindings, aanbevelings en samevatting

’n Samevatting van die bevindinge en implikasies wat 'n invloed het op die sekuriteit van opvoeders sal in hierdie hoofstuk gedoen word. Aanbevelings wat die sekuriteit van opvoeders kan verseker en verbeter, sal ook gedoen word ten einde die kwaliteit van werkslewe van opvoeders te verbeter wat sodoende ook die kwaliteit van onderwys in die land kan beïnvloed.

# 2 HOOFSTUK 2: REGSDETERMINANTE MET BETREKKING TOT OPVOEDERSEKURITEIT

## *2.1 Inleiding*

Die vlae van geweld op opvoeders in skole word voortdurend deur die media uitgelig (Dibetle, 2008:7; De Vries, 2005:1; McGregor, 2008:1), soos bespreek in par. 1.2. Toestande soos geweld, druk en ander eise in die werkplek (Loock, 2006:18) asook die wangedrag van leerders, is faktore wat bydra tot die gevoel van onsekerheid en die afname in die moreel van opvoeders. Die lae aansien van die onderwys as 'n professie onder die publiek toon dat opvoeders ook minder respek in skole geniet (Rademeyer, 2006:1). Die lae aansien van die onderwys as professie is verder afgebreek tydens die 2010-nywerheidsoptrede deur staatsamptenare waarby die onderwyssfeer ingesluit was. In 'n koerantpublikasie beskryf die joernalis hierdie nywerheidsaksie as "*The battle lines have been drawn in what has become South Africa's worst industrial action"* (Anon, 2010:1). Hierdie en ander faktore soos die aanranding en belediging van onderwyspersoneel deur leerders, ouers en ander persone in die gemeenskap van die skool lei tot grootskaalse bedankings uit die onderwys (Rademeyer, 20081; McGregor, 2008:1). Dit is noodsaaklik om te bepaal op watter wyse wetgewing en ander regsdeterminante in Suid-Afrika die sekuriteit van opvoeders in die skool as werkplek beskerm of beïnvloed.

Die fokus van hierdie hoofstuk is dus om verskeie regsdeterminante, te wete die Grondwet van Suid-Afrika 108 van 1996, die Wet op Indiensneming van Opvoeders 76 van 1998, die Wet op Arbeidsverhoudinge 66 van 1995 asook ander onderwys- en arbeidsverwante wetgewing, die gemene reg en regspraak, noukeurig te ontleed. Die doel met die bespreking en ontleding van genoemde wetgewing en ander literatuur, is om doelwit een van hierdie studie te bereik, soos aangedui in par. 1.4, naamlik om te bepaal op watter wyse die Grondwet, onderwys- en arbeidswetgewing die sekuriteit van opvoeders beskerm.

Die stand van onderwysreg word deur Hughes (1997:9) beskryf as 'n "samevatting van die regsinhoude van die privaatreg, publiekreg en formele reg wat gekanaliseer

word binne ’n klimaat van geborgenheid”. Hy stel dit dat hierdie regsinhoude deur middel van seleksie, vertolking en herklassifikasie georden, ingepas en aangepas moet word binne die opvoedende onderwysbestel. Onderwysreg het volgens Van der Westhuizen en Oosthuizen (1989:19) op sy beurt weer ’n vormende inspraak op al die opvoedkundedissiplines.

Onderwysreg is nie ’n deeldissipline van die reg nie, maar bepaal onder meer die juridiese geldigheidsvereistes vir bestuurshandelinge wat toegepas moet word (Van der Westhuizen & Oosthuizen, 1994:19). Die funksie van onderwysreg is volgens Oosthuizen (2004:4) om ’n veilige omgewing te voorsien waarin leerders kan ontwikkel. Oosthuizen (2004:10) huldig die opinie dat onderwysreg as “tussendissipline” van die algemene reg en die opvoedkunde by uitstek geskik is vir die daarstelling van ’n geborgenheidsruim vir die opvoedende onderwys om te gedy”. Die outeur noem dat onderwysreg die skep van ’n veilige omgewing op die volgende maniere fasiliteer:

- *Die vestiging van die regte en pligte van die verskeie partye in die onderwys;*
- *Die ontwikkeling van harmonieuse patrone van samewerking tussen die onderskeie deelnemers in onderwys ten bate van opvoeding;*
- *Die ontwikkeling van ’n duidelike basis vir professionele opvoeding, en*
- *Die definisie van ’n bevorderlike struktuur ten bate van opvoeding.*

Kruger (1997:104) dui reeds in die vorige dekade aan dat een van die probleme met betrekking tot die toepassing en implementering van onderwysreg die relatiewe onkunde van opvoeders en selfs onderwysbestuurders ten opsigte van hierdie gebied is. Oosthuizen (2004:10) stem saam dat een van die redes vir die gebrek aan opvoedkundige bevoegdheid die gebrekkige opleiding in onderwysreg in Suid-Afrika is. Die vestiging van die regte en pligte van die verskeie partye in onderwys kan beter gedien word deur die partye bewus te maak van onderwysreg, en wel deur die aanbieding van sertifikaat- en graadkursusse in onderwysreg (Oosthuizen, 2004:11). Net soos wat die reg die samelewing beheer, word onderwys deur onderwysreg

beheer. Oosthuizen (2004:15) stel dit verder dat reëls met betrekking tot aanvaarbare gedrag bindend is, dat dit deur die samelewing gehoorsaam moet word en ook deur die Staat afgedwing moet word.

In die opvoedkundige konteks is reëls noodsaaklik vir harmonie in die verhoudinge tussen leerders en opvoeders, opvoeders en kollegas en opvoeders en ouers. Oosthuizen (2005:4) beklemtoon dat die fokus van onderwysreg op die daarstelling van ’n geborgenheidsomgewing moet wees.

Van Kerken (2003: 130) reken dat dit belangrik is dat opvoeders as werknemers bewus is van hulle regte (asook hulle verpligtinge teenoor die werkgewer). ’n Opvoeder word in terme van die Wet op Arbeidsverhoudinge 66 van 1995 (SA, 1995) as ’n werknemer erken (Van Kerken, 2003: 131). Dit beteken dat die Departement van Onderwys as die werkgewer van opvoeders, in terme van artikel 24 van die Grondwet van Suid-Afrika ’n veilige omgewing vir opvoeders behoort te voorsien. ’n Veilige werksomgewing sonder geweld en misdaad sal verseker dat opvoeders hul kontrakturele verpligtinge teenoor die werkgewer behoorlik kan nakom.

Die sekuriteit van opvoeders sal vervolgens ondersoek word deur middel van verskillende regsbronne, te wete statutereg (soos hierna gedefinieer word, en wat insluit onderwys- en arbeidswetgewing), die gemene reg en regspraak.

## ***2.2 Statutêre determinante***

Wetgewing of statutereg is volgens Oosthuizen en Bondesio (in Hughes, 1997: 9) ’n handeling van wette en/of reëls wat deur ’n gemagtigde gesagsliggaam gemaak word. Hierdie wetgewing is ook opgeteken in ander bronne, byvoorbeeld ordonnansies, proklamasies, beleid en regulasies (Shaba *et al.,* 2003: 8).

### *2.2.1 Suid-Afrikaanse Grondwet*

Die Grondwet 108 van 1996 verskaf ’n duidelike grondwetlike raamwerk waarbinne die samelewing in Suid-Afrika bevorder moet word (Hughes, 1997:9). Volgens Hughes het die Grondwet ook ’n uitwerking op die onderwys. Shaba *et al.* (2003:8) stem saam dat daar baie bepalings in die Grondwet is wat direk en indirek ’n impak op onderwys het. Daarom word die Grondwet as ’n belangrike bron beskou, nie net

vir onderwysreg nie, maar ook vir die hele regstelsel in Suid-Afrika. Dit skep ’n duidelike raamwerk waarbinne persone in die land hulself moet handhaaf (Shaba *et al.,* 2003:8; SAMRK, 2008:4).

Die belangrikste bepalings van die Grondwet wat van toepassing is op die sekuriteit van opvoeders, sal in die volgende paragrawe bespreek word.

#### 2.2.1.1 Oppergesag van die Grondwet

Artikel 2 van die Grondwet van Suid-Afrika 108 van 1996 bepaal dat die Grondwet die hoogste gesag van die Republiek van Suid-Afrika is. Dit verskaf ’n uitleg van hoe die regering saamgestel is en hoe die land regeer moet word (SAMRK, 2008:4). Enige wet of handeling wat onbestaanbaar is met die bepalings van die Grondwet is volgens artikel 2 ongeldig. “Omdat dit die hoogste wet is, kan geen ander wette die Grondwet weerspreek nie” (SAMRK, 2008:4). Indien dit wel sou gebeur, sal sodanige wette geskrap of verander moet word (Rossouw, 2010:21).

#### 2.2.1.2 Fundamentele regte

Die Handves van Regte, oftewel fundamentele regte, is ’n versameling menseregte waaroor persone in Suid-Afrika beskik (SAMRK, 2008:4) en is opgesluit in Hoofstuk Twee van die Grondwet van Suid-Afrika 108 van 1996. Hughes (1997:11) stel dit dat die Staat ten nouste betrokke is by die verskaffing en regulering van onderwys. Dit is volgens hom dus onvermydelik dat die Handves van Regte ook ’n uitwerking op onderwys sal hê. Die bepalings van die Handves van Regte wat onderwys in die algemeen en die sekuriteit van opvoeders in die besonder beïnvloed, word in die volgende artikels van die Grondwet verskans en sal vervolgens ondersoek word.

#### 2.2.1.3 Artikel 7: Regte

Volgens artikel 7(1) van die Grondwet is die Handves van Regte ’n hoeksteen vir demokrasie in Suid-Afrika. Die regte van alle mense in die land lê hierin opgesluit en hierdie artikel beskerm die demokratiese waardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid.

Artikel 7(2) lê 'n plig op die Staat om die regte van alle mense te respekteer, te beskerm en te bevorder, soos uiteengesit in die Handves van Regte. Opvoeders, as burgers van die land en werknemers van die Staat, se regte behoort eweneens deur die Staat gerespekteer, beskerm en bevorder te word.

2.2.1.4 Artikel 8: Toepassing

Volgens Currie en De Waal (2005:33) beskerm die Handves van Regte nie alleenlik individue teen die Staat nie, maar in sekere gevalle beskerm dit ook die skending van individue se regte deur ander persone. Rutherford (2009:23) verwys na hierdie as die horisontale toepassing van die Handves van Regte. As voorbeeld hiervan verwys artikel 12 na die nie-erkenning van die reg op vryheid en sekuriteit van die persoon. Landsburgers onderling, insluitende werkgewers en werknemers, mag hulle dus nie aan geweld en teistering skuldig maak nie. Opvoeders in skole word dikwels onderwerp aan teistering en vernederings deur leerders en die publiek. Shaba *et al.* (2003:2) meen dat daar van die Departement van Basiese Onderwys, opvoedkundige instansies en skole verwag word om uitvoering te gee aan die bevordering van fundamentele regte soos deur die Grondwet bepaal.

In die toepassing van die Handves van Regte (art. 8(1)), word alle staatsorgane, natuurlike en regspersone gebind om uitvoering aan die bevordering van die bepalings van die Grondwet te verleen. In hierdie studie word daar, as deel van die arbeidsregtelike perspektief, aan sowel die vertikale werking van die Grondwet (met die Staat in sy rol as werkgewer) as die horisontale werking (waar dit gaan oor arbeidsverhoudinge tussen mense en ander liggame soos die Beheerliggame van skole) aandag gegee.

2.2.1.5 Artikel 9: Gelykheid

Die Grondwet van Suid-Afrika erken, volgens Malherbe (2005:90-91), in gelyke mate die beginsel van menswaardigheid en vryheid van elke individu. Die beginsel van gelykheid as 'n fundamentele reg word verskans in artikel 9 van die Grondwet. Hierdie artikel onderskei twee aspekte van gelykheid, naamlik gelykheid voor die reg (art. 9(1)) en ook die reg om beskerm te word teen onbillike diskriminasie (art. 9 (2))

(Squelch, 2005:68). Gelykheid kan dus nie in isolasie van menswaardigheid en vryheid van die persoon toegepas word nie (Malherbe, 2005:91). In die saak *S v T Makwanyane and another,* 1995 (3) SA 391 (CC) is die reg op gelyke behandeling en waardigheid van die persoon toegepas waar uitvoering gegee is aan die reg van die individu. Regter O'Reagan het in sy uitspraak die volgende stelling gemaak: "*Respect for the dignity of all human beings is particularly important in South Africa… The new Constitution rejects this past and affirms the equal worth of all South Africans"*. Aangesien artikel 9(1) van die Grondwet die gelykheid van alle mense bevorder, kan opvoeders ook aanspraak maak op gelyke beskerming en voordeel van hierdie reg.

Malherbe (2005:103) is van mening dat gelykheid beteken dat mense in dieselfde posisie dieselfde behandeling behoort te ontvang. Currie en De Waal (2005:230) demonstreer "dieselfde behandeling in dieselfde posisie" deur middel van hulle voorbeeld van gelyke stemreg ten opsigte van mans en vroue. Dit beteken dat mans en vroue dieselfde bevoegdheid kan toon in die uitoefening van politieke keuses. Die beginsel van gelykheid sou volgens hulle ook geld ten opsigte van gestremdheid. Blinde leerders het byvoorbeeld aanspraak op gelyke opvoedingsgeleenthede as dié van leerders met 'n normale sig. Ten einde gelyke erkenning aan blindes se reg op opvoeding te gee, vereis dit dat die Staat 'n positiewe plig (art. 1 (a)) teenoor blindes het deur spesiale skole en spesiale leerprogramme te voorsien. Sodoende kan blinde leerders ook gelyke onderwysgeleenthede ten opsigte van onderwys (art. 29) geniet.

Die kwessie van geslagsongelykheid word in die hofsaak *George v Western Cape Education Department* [1996] 2 BLLR 166 (IC) aangespreek. In hierdie saak word die applikant die toekenning van 'n huiseienaarstoelaag ontsê op grond van die feit dat sy 'n getroude vrou is. Getroude mans het wel destyds in aanmerking gekom vir genoemde toelaag. Die beginsel van gelykheid soos verskans in artikel 9(1) van die Grondwet speel 'n belangrike rol in die verwesenliking van fundamentele regte binne die onderwysdepartemente, skole en ander opvoedkundige instansies (Shaba *et al.*, 2003:12). In die uitvoering van die beginsel van gelykheid, naamlik dat almal gelyk is voor die reg en geregtig is op gelyke beskerming en voordeel van die reg, geld die

toepassing van hierdie reg ook vir opvoeders. Shaba *et al.* (2003:12) ondersteun hierdie stelling in hul mening dat die gelykheidsklousule ’n belangrike rol speel ten opsigte van die behandeling van opvoeders, asook nie-diskriminasie ten opsigte van aanstellings en diensvoorwaardes.

Soos reeds genoem, word die regte van leerders soms oorbeklemtoon en dié van opvoeders soms ondermyn (Anon, 2005a:15). Opvoeders ervaar ’n gevoel dat leerders se regte belangriker as hul eie geag word en dit lei volgens Rossouw (Rutherford, 2009:26) tot enorme frustrasie en stres by opvoeders. As ’n aanduiding van hulle frustrasies, het ’n opvoeder by ’n hoërskool drie seuns gedagvaar en skadevergoeding van R45 000 geëis nadat die seuns hom ernstig belaster het (Carstens, 2008:5). Die opvoeder wou hierdeur bewys dat opvoeders ook regte het wat deur die Grondwet beskerm behoort te word.

Artikel 9(1) bepaal dat daar op geen onbillike wyse onderskeid getref mag word op grond van geslag, ras, etnisiteit, ouderdom of enige van die ander gronde soos in die artikel genoem nie en dus is daar ook geen rede vir diskriminasie gegrond op die ouderdomsvlak van opvoeders en leerders nie. Ongedissiplineerde leerders en onveilige toestande by skole strem opvoeders se reg op gelyke benutting van hul regte en vryhede soos verskans in artikel 9(2) van die Handves van Regte.

#### 2.2.1.6 Artikel 10: Menswaardigheid

Die sentrale plek van die reg op menswaardigheid, soos verskans in artikel 10 van die Handves van Regte, word as een van die basiese fundamentele regte beklemtoon (De Waal *et al.*, 2005:272). Volgens artikel 1 van die Grondwet is die boustene van die Republiek van Suid-Afrika die waardes van menswaardigheid, die bereiking van gelykheid en die bevordering van menseregte en vryhede. Currie en De Waal (2005:273) verklaar verder dat artikel 7(1) die Handves van Regte beskryf as ’n instrument wat die regte van alle mense van die land beskerm en dit beklemtoon ook die demokratiese waardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid. Volgens Currie en De Waal (2005:273) verskaf menswaardigheid die intrinsieke waardigheid van ’n persoon. Rossouw (2010:25) stem saam dat menswaardigheid ’n inherente reg is wat gerespekteer en beskerm moet word.

Shaba *et al*. (2003:13) verwys daarna dat artikel 10 ’n belangrike rol in die opvoedkundige milieu speel in die beskerming en respek vir die reg op waardigheid van die persoon. Die gebrek aan sekuriteit wat opvoeders ervaar (Rademeyer, 2006:1), dui op ’n aantasting van hul menswaardigheid. Dit word volgens Davies beïnvloed deur die publiek se lae dunk van die onderwysprofessie en die gebrekkige respek wat hulle teenoor opvoeders openbaar (Rademeyer, 2006:1). In ’n berig in Rapport bevestig Dey (Carstens, 2008:5) voorgenoemde stelling met die woorde: “Ek is belaster, maar omdat ek ’n onderwyser is, word daar geglo dat ek nie die reg het om skadevergoeding te eis nie omdat ons as die laagste vorm in die samelewing beskou word”. Die opvoeder het daarom ’n standpunt ten opsigte van sy Grondwetlike reg op menswaardigheid ingeneem en ’n eis van R45 000 as skadevergoeding teen drie leerders ingestel. Die beskuldigdes het die opvoeder ernstig belaster deur ’n foto van hom en die skoolhoof te koppel aan twee mans wat oënskynlik besig is om te masturbeer en het ook die liedjie “Dey is gay” in die skool gesing. (*Le Roux and Others v Louis Dey (Freedom of Expression Institute and Restorative Justice Centre as Amici Curiae)* Case CCT 45/10 [2011] ZACC 4.)

Rutherford (2009:26) beweer dat die fundamentele reg op menswaardigheid belangrike implikasies ten opsigte van sekuriteit in die werkplek kan inhou. Omdat hierdie reg, soos reeds genoem, een van die boustene van demokrasie in Suid-Afrika is, word dit beskou as die fondament waarop alle ander regte gebou is (De Waal, 2005:274; Rossouw, 2010:25). Regter O’Reagan het in sy ontleding van die saak *S v T Makwanyane and another,* 1995 (3) SA 391 (CC*),* beklemtoon dat:

- *The importance of dignity as a founding value of the new Constitution cannot be overemphasised. Recognising a right to dignity is an acknowledgment of the intrinsic worth of human beings: human beings are entitled to be treated as worthy of respect and concern.*

- *This right therefore is the foundation of many of the other rights that are specifically entrenched.*

Die geskiedenis van Suid-Afrika word gekenmerk deur rassediskriminasie voor 1994 wat veral die waardigheid van alle persone erg geskend het. Een van die

belangrikste uitdagings in die ontwikkeling van die Grondwet was om arbeidswetgewing tot ’n volle demokratiese orde te transformeer (Grogan, 2007:5) om sodoende die ongelykhede en onbillike diskriminasie van die verlede aan te spreek (Rutherford, 2009:27). Die promulgering van die Wet op Arbeidsverhoudinge in 1995 is volgens Rutherford (2009:27) ’n bewys van die belangrikheid van die regstelling ten opsigte van onregverdigheid en diskriminasie in die werkplek. Soos reeds vroeër genoem, berig Carstens (2008:5) dat ’n opvoeder standpunt ingeneem het deur te bewys dat opvoeders se reg op waardigheid ook gerespekteer behoort te word.

Die waardigheid van sowel leerders as opvoeders word volgens Shaba *et al.* (2003:13) deur artikel 10 van die Grondwet beskerm. Rutherford (2009:27) bevind dat werknemers se fundamentele reg op menswaardigheid nie genoegsaam gerespekteer en beskerm word wanneer hulle bedreig en onseker voel, of wanneer hulle voel dat daar in die werkplek teenoor hulle gediskrimineer word nie. Die reg op waardigheid is nou verwant aan die reg op vryheid en sekuriteit van die persoon (art. 12), soos vervolgens bespreek word.

2.2.1.7 Artikel 12: Vryheid en sekuriteit van die persoon

Die reg op vryheid van die persoon en die reg op liggaamlike en psigologiese integriteit word onderskeidelik in artikel 12(1) en (2) van die Grondwet van Suid-Afrika verskans. Die regte, soos beskryf in artikel 12, bevoordeel nie net spesifieke kategorieë of groepe mense nie. Dit is ’n reg waarop alle mense in Suid-Afrika aanspraak kan maak (Rutherford, 2009:22). Aangesien hierdie reg gevolglik van toepassing is op werknemers in die werkplek, kan opvoeders in terme van artikel 12(1)(c) ook aanspraak maak op hul reg om vry te wees van alle vorme van geweld deur sowel die Staat as private persone.

Artikel 12(1)(d) verskans die reg om nie op enige manier aan teistering blootgestel te word nie, terwyl artikel 12(1)(e) verbied dat persone op ’n wrede, onmenslike of vernederende manier behandel en gestraf word. Hughes (1997:12) stel dit dat die Staat ’n plig het om leerders en opvoeders behoorlik te beveilig. Oosthuizen (2005:106) voeg by dat artikel 12 op die skool as werkplek toegepas behoort te word.

Hy wys verder daarop dat die Staat of enige werkgewer, by implikasie, moet verseker dat geweld, teistering of enige ander vorm van wreedheid nie die sekuriteit of welsyn van werknemers bedreig nie. Die gedurige geweld in skole vereis dat die Staat, oftewel die Departement van Onderwys as orgaan van die Staat, in terme van artikel 8(2) verbind word om die sekuriteit van opvoeders te verseker. Currie en De Waal (2005:304) is van mening dat die Staat as werkgewer ’n plig het om gewelddadige aksies wat die fisiese sekuriteit van werknemers bedreig, te verbied of te ontmoedig.

Dit is egter net so belangrik dat die reg op psigologiese integriteit, van werknemers volgens artikel 12(2) beskerm moet word. Die fisiese en psigologiese sekuriteit behoort ook uitgebrei te word in terme van die teistering en vernedering waaraan sommige opvoeders daagliks in skole blootgestel word deur sowel die wangedrag van leerders asook die onveilige omgewings waar hulle moet werk. Keppler (2009:4) berig oor die gevare en onveilige toestande waaraan opvoeders deesdae blootgestel is nadat ’n dertienjarige graad 7-leerder sy wiskunde-opvoeder by die skool geskiet het. Die wangedrag van leerders is egter nie die enigste faktor wat die sekuriteit van opvoeders bedreig nie. Viktimisering en wangedrag in die werkplek deur mede-werknemers (Kirsten *et al.,* 2005:125) dui op swak verhoudinge tussen personeellede in die skool as werkplek. Hoofopskrifte in die media soos “Onderwyser skiet adjunkhoof, pleeg toe selfmoord” (De Wet, 2009:1) is ’n voorbeeld van bedreigende gedrag deur mede-werknemers. Die SAOU as vakbond het ook tydens die arbeidsaksie van staatsdiensvakbonde in Augustus 2010 verskeie berigte ontvang van intimidasie van onderwyspersoneel en leerders deur lede van ander vakbonde (Le Roux, 2010:1). Voorvalle soos hierdie lei volgens Oosthuizen (2005:107) daartoe dat opvoeders onveilig voel en sodoende onsekerheid in die werksomgewing ervaar. Currie en De Waal (2005:308) is dit eens dat artikel 12 enige twyfel uit die weg ruim in soverre dit die effektiewe toepassing van die reg op sekuriteit van die persoon aangaan, met insluiting van die beskerming van fisiese en psigologiese integriteit.

#### 2.2.1.8 Artikel 23: Arbeidsverhoudinge

Grogan (2007:5) beklemtoon die prominente rol wat vakbonde gespeel het in die afskaffing van apartheid en die vestiging van aandag op arbeidsregte in die nuwe bedeling in Suid-Afrika in 1994. Artikel 23 van die Handves van Regte het betrekking op arbeidsregte van werknemers in Suid-Afrika. Artikel 23(1) stipuleer duidelik dat "elkeen" die reg op billike arbeidspraktyke het (SA, 1996a) en is volgens Currie en De Waal (2005:501) uniek aan die Suid-Afrikaanse Handves van Regte omdat die meeste ander Grondwette nie so 'n bepaling insluit nie. Hierdie reg reguleer volgens die outeur direk die handeling of optrede van die werkgewer in die werkplek. Die gebruik van die woord "elkeen" verleen ook aan opvoeders as werknemers in die land gelyke aanspraak op die reg op regverdige arbeidspraktyke. Rossouw (2010:23) stel dit dat die arbeidsregte van opvoeders as 'n fundamentele reg 'n invloed op arbeidsverhoudinge het. Die billike optrede van die werkgewer teenoor die werknemer in sy/haar diens word daarom duidelik in artikel 23 aangespreek.

Die kwessie van billikheid kom ter sprake in die saak *Council of Mining Unions v Chamber of Mines of South Africa* (1985) 6 ILJ 293 IC 295C. In hierdie saak het die Industriële Hof beweer dat optrede wettig, maar nie noodwendig billik nie, kan wees. Ten einde te bepaal of optrede van die werkgewer billik of onbillik is, huldig Currie en De Waal (2005:503) die mening dat 'n mate van subjektiewe oordeel toegepas word wanneer die onderskeie belange van die partye opgeweeg moet word. Regter Ngcobo het in 'n Grondwethof die volgende uitspraak gelewer ten opsigte van die reg op billike arbeidspraktyke, naamlik: *"The fairness of a labour practice depends on the circumstances of a particular case and involves a value judgement*" (Pheto, 2005:10).

Alhoewel artikel 23 direk oor arbeidsverhoudinge handel, verwys dit volgens Rutherford (2009:26) nie spesifiek na veiligheid en sekuriteit in die werkplek nie. Klerck (2007:121) stel dit dat die gemene reg ook 'n mate van sekuriteit ten opsigte van arbeid voorsien. Rutherford (2009:26) wys egter daarop dat onbillike arbeidspraktyke mag ontstaan wanneer daar van werknemers verwag word om in 'n omgewing te werk wat skadelik vir veiligheid en sekuriteit mag wees. Klerck (2007:138) beskryf 'n onbillike arbeidspraktyk as enige aksie wat nywerheidsvrede,

die welsyn, werksekuriteit of geleenthede vir werknemers of die besigheid van ’n werkgewer bedreig. ’n Onbillike arbeidspraktyk is volgens Grogan (2007:42) enige onbillike daad of uitsluiting wat tussen ’n werkgewer en ’n werknemer mag ontstaan. Diskriminasie en teistering deur die werkgewer kan volgens Rutherford (2009:26) ’n gevoel van onveiligheid en onsekerheid by werknemers wek. Sodanige aksie kan ingevolge artikel 23(1) van die Grondwet tesame met die bepalings van die Wet op Gelyke Indiensneming 55 van 1998 as ’n geldige saak vir ’n onbillike arbeidspraktyk dien.

Ter uitbreiding van die arbeidsregtelike elemente soos verskans in artikel 23, identifiseer Currie en De Waal (2005:502) sekere ander artikels wat as sodanig ’n invloed op die arbeidsverhoudinge tussen werkgewers en werknemers het. Hiervan is artikel 9 (gelykheid), en artikel 10 (menswaardigheid) reeds bespreek. Die volgende artikels kan bygevoeg word:

Artikel 17 verskans “elkeen” se reg om vreedsaam en ongewapen te vergader, te demonstreer, te protesteer of petisies te oorhandig. Die gereelde stakings in Suid-Afrika is ’n bewys van die frustrasies wat werkers in die werkplek ervaar (Rossouw, 2005:2). Gedurende die tweede kwartaal en vroeg in die derde kwartaal van 2009, was die media, ook die nuus op televisie (SAUK, 2009), gefokus op stakings en betogings deur verskillende groepe werkers uit die verskeie sektore van die ekonomie in Suid-Afrika. As lede van vakbonde, verklaar Rampa (2007:33) dat opvoeders, wat nie in hierdie tydperk gestaak het nie, se regte en belange deur middel van onderhandelinge tussen vakbonde en werkgewers ten beste gedien en beskerm moet word. Sodoende kan stakings en betogings vermy word.

Die reg op vryheid van assosiasie is een van die fundamentele regte wat volgens artikel 18 van die Handves van Regte aan burgers in Suid-Afrika toegeken word. Artikel 4 (1 & 2) van die Wet op Arbeidsverhoudinge waarborg ook vryheid van assosiasie en verklaar dat elke werker die reg het om ’n vakbond of federasie van vakbonde te stig of daarby aan te sluit, onderhewig aan die grondwet van die vakbond.

’n Primêre doel van vakbonde is om na die belange van hulle lede om te sien en ook om die toestande waarin lede bly en werk te verbeter (Rampa, 2007:31). Die outeur verklaar dat die aanvanklike doel met die stigting van vakbonde was om werkers te beskerm teen uitbuiting deur werkgewers. Die klem het deesdae egter verskuif na die beskerming van die algehele welsyn van werknemers (Rampa, 2007:32). Grobler (2003:487-488) voer verdere redes aan, soos werksekuriteit, regverdige lone en voordele, beter werksomstandighede en meganismes soos om “gehoor” te word, waarom werknemers by vakbonde aansluit.

As lid van ’n vakbond, behoort opvoeders se reg om deel te neem aan die aktiwiteite en programme van die vakbond, beskerm te word (Rampa, 2007:33). Die reg van werknemers (opvoeders ingesluit) om te staak, word erken deur artikel 23(2)(c) van die Handves van Regte, asook deur artikel 64(1) van die Wet op Arbeidsverhoudinge. Die uitoefening van hierdie reg is egter onderhewig aan beperkings soos uiteengesit in artikel 65 van die Wet op Arbeidsverhoudinge, asook in artikel 36 (die beperkingsklousule) van die Handves van Regte.

Bezuidenhoudt (*red*) (2007:212) beweer dat vakbonde ’n plig het om:

- *lede by hul werk te beskerm;*
- *die werksomstandighede van lede te verbeter deur middel van kollektiewe onderhandelinge;*
- *beter toestande betreffende die lewens van werkers na te streef, en*
- *’n maatreël te voorsien sodat werkers hul mening oor sake betreffende die publiek kan uitspreek.*

Volgens Rossouw (2010:25) het bogenoemde fundamentele regte ’n groot impak op verhoudinge in die werksplek. Dit verleen uitvoering aan ’n belangrike ideaal vir die land, naamlik dat ’n oop en demokratiese gemeenskap gebou moet word op die demokratiese waardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid, soos gestel in die voorwoord van die Grondwet (Rossouw, 2010:25).

2.2.1.9 Artikel 24: Omgewing

Artikel 24(a) van die Handves van Regte bepaal dat "elkeen die reg het" op 'n omgewing wat nie skadelik is vir hul gesondheid of welsyn nie. Ingevolge hierdie artikel kan opvoeders (en leerders) aanspraak maak op 'n veilige omgewing wat nie hul gesondheid en welsyn sal bedreig nie, aangesien hierdie reg vir almal in Suid-Afrika geld. Volgens Rutherford (2009:25) is dit eerstens nodig om vas te stel of die skool as werkplek binne die raamwerk van die "omgewing" val soos aangedui in artikel 24, voordat hierdie reg geïnterpreteer kan word. Sy stel dit dat wanneer die woord "gesondheid" geïnterpreteer word, dit beskerming van gevare soos geraas en besoedeling van lug in die werkplek insluit. Die outeur huldig die mening dat die betekenis van die woord "welsyn" uitgebrei moet word na die beskerming van gesondheid wat steurnisse, inbreuk op privaatheid asook die waardigheid van opvoeders insluit.

As 'n "skadelike omgewing" volgens artikel 24 geïnterpreteer word, sluit dit sekerlik die werkplek van opvoeders in, waar gevare mag voorkom (Rutherford, 2009:25). Die interpretasie van artikel 24 kan dus uitgebrei word na die beskerming van opvoeders in die werkplek, naamlik die skool. Sodoende kan uitvoering ook verleen word aan artikel 12 wat bepaal dat elkeen die reg op vryheid en sekuriteit van die persoon het. Grogan (2009:53) verklaar dat werkgewers drie hoofpligte teenoor hul werknemers het, naamlik:

- *om die werknemer in diens te neem;*
- *om aan die werknemer vergoeding te betaal, en*
- *om veilige en gesonde werksomstandighede te voorsien.*

Ten einde uitvoering aan die werkgewer se plig te verleen, naamlik om aan die werknemer veilige en gesonde werksomstandighede te voorsien, behoort die Onderwysdepartement, as orgaan van die Staat, toe te sien dat opvoeders in veilige omstandighede werk sodat hulle nie fisieke of psigologiese leed sal ervaar nie. Soos reeds genoem, bedreig ongedissiplineerde leerders en geweld by skole die sekuriteit

van opvoeders. Shaba *et al.* (2003:15) is van mening dat die feit dat provinsiale onderwysdepartemente misluk in hul pogings om veiligheidsmaatreëls by skole te voorsien, as ongrondwetlik beskou mag word.

Na die bespreking van die verskillende artikels in die Grondwet, blyk dit dat daar ruim voorsiening gemaak word om die regte van persone in die land te beskerm. As burgers van die land en werknemers van die Staat, is dit duidelik dat opvoeders ook aanspraak kan maak op hulle regte soos in die voorafgaande artikels bespreek is. Provinsiale onderwysdepartemente toon volgens Shaba *et al.* (2003:15) nog nie bevredigende bevoegdheid om opvoeders by skole te beskerm nie. Opvoeders is steeds die teikens van veral ongedissiplineerde leerders wat vuurwapens op onwettige maniere by skole insmokkel en gebruik, soos berig is in die voorval waar 'n wiskunde-onderwyser deur een van sy leerders geskiet is (Keppler, 2009:4).

Die toepassing van die ander wetgewing in die land sal in die volgende paragrawe aandag geniet en die impak wat dit op die sekuriteit van opvoeders het, sal uitgelig word.

### *2.2.2 Arbeidswetgewing*

#### 2.2.2.1 Arbeidsreg en -verhoudinge

Rossouw (2008:5) beskryf arbeidsreg as 'n komplekse veld van studie wat reeds sedert die 20ste eeu geleidelik ontwikkel het. Arbeidsreg vorm deel van die regsisteem wat spesifiek handel oor die regsreëls wat regsverhoudinge in werksituasies reguleer (Rossouw, 2008:5). Arbeidsreg verwys dus na al die wette en regulasies wat in die parlement opgeteken word oor sake wat betrekking het op arbeidsaangeleenthede (Anon, 2009:16). Al hierdie wette en regulasies staan kollektief bekend as arbeidsreg. Volgens die outeur strewe arbeidsreg daarna om:

- *arbeidsverhoudinge te reguleer;*
- *vrede tussen werkgewers en werknemers te bevorder;*
- *te verseker dat arbeidspraktyke in ooreenstemming met die Handves van Regte geskied soos vervat in die Grondwet van Suid-Afrika; en*

- *die beginsels van regverdigheid, gelykheid, deursigtigheid en regstelling (“redress”) te bevorder.*

Na die oorskakeling van die politieke sisteem in 1994, is arbeidswetgewing volgens Rossouw (2010:1) grootliks herskryf om aan te pas by die kultuur van menseregte soos vervat in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 108 van 1996. Die hoogste gesag van die land lê daarom opgesluit in die Grondwet, soos in par. 2.2.1 bespreek is. Meyer en Kirsten (2005:127) en Rossouw (2008:6) dui aan dat die Handves van Regte in die Grondwet spesifieke regte bevat wat verband hou met arbeidsverhoudinge. Rampa (2007:82) vestig die aandag daarop dat die huidige wetgewing werknemers teen werkgewers in meerdere posisies beskerm en is die reg op administratiewe aksie soos verskans in artikel 33 van die Grondwet nog ’n reg waarop elke werknemer in die land aanspraak kan maak indien hul regte bedreig word.

Die toepaslikheid van die volgende arbeidswetgewing wat betrekking het op die sekuriteit van opvoeders in hul werksplek sal in die volgende paragrawe ondersoek en bespreek word.

2.2.2.2 Die Wet op Arbeidsverhoudinge 66 van 1995

Die Wet op Arbeidsverhoudinge was die eerste stap in die Departement van Arbeid se Vyf-Jaar-Plan om arbeidswetgewing te hervorm (Du Toit *et al.,* 2003:34). Die Wet op Arbeidsverhoudinge 66 van 1995 (WAV) is ontwerp om uitvoering te verleen aan die regulering van statutêre arbeidsverhoudinge in Suid-Afrika (Meyer & Kirsten, 2005:128). Jordaan *et al.* (2009:1) beskryf die WAV as die pilaar van die arbeidsverhoudingsisteem in Suid-Afrika. Artikel 3 van die WAV dui daarop dat by die interpretasie van die Wet, enige persoon wat die Wet toepas, ook sy bepalings moet interpreteer, naamlik:

- *dat dit aan die hoofoogmerke daarvan uitvoering gee;*
- *dat dit aan die vereistes van die Grondwet voldoen; en*
- *dat dit bestaanbaar is met die volkeregtelike verpligtinge van die Republiek.*

Die lang titel van die WAV dui die volgende doelstellings aan:

Om die reg wat arbeidsverhoudinge reël, te verander en, vir dié doel

- *om uitvoering aan artikel 27 van die Grondwet te gee;*
- *om die organiseringsregte van vakbonde te reguleer;*
- *om kollektiewe bedinging by die werkplek en op sektorale vlak te bevorder, aan te help en te vergemaklik;*
- *om die reg om te staak en die wending tot uitsluiting te reguleer in ooreenstemming met die Grondwet;*
- *om werknemersdeelname aan besluitneming te bevorder deur die instelling van werkplekforums;*
- *om voorsiening te maak vir eenvoudige prosedures vir die beslegting van arbeidsgeskille deur statutêre versoening, bemiddeling en arbitrasie (vir welke doel die Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie ingestel word), en deur alternatiewe onafhanklike geskilbeslegtingsdienste wat vir dié doel geakkrediteer is;*
- *om die Arbeidshof en Arbeidsappèlhof in te stel as hoër howe met die uitsluitende jurisdiksie om aangeleenthede wat uit hierdie Wet voortspruit, te beslis;*
- *om voorsiening te maak vir ’n vereenvoudigde prosedure vir die registrasie van vakbonde en werkgewersorganisasies en voorsiening te maak vir hul regulering ten einde demokratiese praktyke en behoorlike finansiële beheer te verseker;*
- *om uitvoering te gee aan die volkeregtelike verpligtinge van die Republiek met betrekking tot arbeidsverhoudinge;*
- *om sekere wette met betrekking tot arbeidsverhoudinge te wysig of te herroep; en*
- *om voorsiening te maak vir bykomstige aangeleenthede.*

Die WAV reguleer dus arbeidsverhoudinge in die werksplek en bevorder kollektiewe bedinging deur middel van die organisasieregte van vakbonde. (Artikel 27, waarna verwys word, is daardie artikel in die Interim-grondwet wat in die finale Grondwet na artikel 23 verander is.)

Die Staat is direk daarvoor verantwoordelik om werksverhoudinge te reguleer deur middel van wetgewing en regulasies (Meyer & Kirsten, 2005:125). Die Staat reguleer dus arbeidsverhoudinge tussen werkgewers en werknemers deur die implementering van arbeids- en ander toepaslike wetgewing (Rossouw, 2010:1-2). Ten einde goeie verhoudinge tussen werkgewers, werknemers en die Staat te bevorder, moet primêre en sekondêre arbeidsverhoudinge geskep word (Linde, 2002:67). Volgens Meyer en Kirsten (2005:125) staan die werkgewer en die werknemer in ’n primêre werksverhouding met mekaar, met die Staat as die sekondêre rolspeler. Die rol van die Staat is, aldus laasgenoemde outeurs, om deur middel van die WAV ’n raamwerk te skep waarbinne die primêre partye hul arbeidsverhoudinge moet handhaaf. As gevolg van die Staat se aktiewe deelname aan arbeidsverhoudinge, beskryf Linde (2002:67) die sekondêre rol van die Staat ook as ’n fasiliterende rol in die werkgewer-werknemer-verhouding.

Meyer en Kirsten (2005:125) stel dit dat die Staat nie net die rol van wetgewer en reguleerder in die arbeidsverhoudingsproses vervul nie. Aangesien die Staat se rol as wetgewer ’n wesenlike invloed op die werkgewer-werknemer-verhouding het, is sy oorwegende funksie om wette uit te reik wat individue teen uitbuiting en swak behandeling in arbeidsverhoudinge beskerm (Linde, 2002:87). Volgens (Meyer en Kirsten, 2005:125) is die Staat sonder twyfel ook die grootste enkele werkgewer in enige ekonomie, en moet hy binne die raamwerk van wetgewing en regulasies sy werknemers bestuur en arbeidsverhoudinge beheer. Behalwe die WAV, beskerm wetgewing soos die Wet op Basiese Diensvoorwaardes 75 van 1997, die Wet op Gelyke Indiensneming 55 van 1998 en die Wet op Indiensneming van Opvoeders 76 van 1998 ook die arbeidsregte van werknemers (Linde, 2002:67; Rossouw, 2008:7) soos bespreek sal word in die volgende paragrawe.

2.2.2.3 Die Wet op Basiese Diensvoorwaardes 75 van 1997

Die Wet op Basiese Diensvoorwaardes 75 van 1997 is nog ’n wet wat betrekking het op arbeidsverhoudinge in onderwys in Suid-Afrika en wat as sodanig van toepasssing is op opvoeders en hul werksplek (Rutherford, 2009:32). Rutherford (2009:35) noem dat die Wet op Basiese Diensvoorwaardes gepromulgeer was om effek te verleen aan die reg op billike arbeidspraktyke soos uiteengesit in artikel 23(1) van die Grondwet.

Du Toit *et al*. (2003:55) beklemtoon dat die doel van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, soos genoem in artikel 2 van die Wet, is om ekonomiese ontwikkeling en sosiale regverdigheid te bevorder deur die primêre doelstellings van die Wet te bereik, te wete:

om effek te verleen aan en die reg op billike arbeidspraktyke te reguleer soos bepaal deur artikel 23(1) van die Grondwet

- *deur die vestiging en afdwing van basiese diensvoorwaardes; en*
- *om die variasie van basiese diensvoorwaardes te reguleer;*
- *om effek te verleen aan die verpligtinge van die Republiek as ’n lid van die Internasionale Arbeidsorganisasie (IAO).*

Die Wet op Basiese Diensvoorwaardes bepaal basiese minimum diensvoorwaardes wat die Staat as aanvaarbaar beskou (Anon, 2009:27). Hierdie diensvoorwaardes verseker dat daar aan werknemers:

- *behoorlike pouses gedurende die werkdag gebied word;*
- *die voorgeskrewe siekte- en jaarlikse verlof toegestaan word;*
- *kraamverlof toegestaan word (verlof vir familie-verantwoordelikhede ingesluit);*
- *vergoeding betaal word vir oortydwerksure, asook vir werk wat op Sondae en openbare vakansiedae gelewer word; en*

- *ander basiese regte toegestaan word en maksimum werksure nie oorskry word nie.*

In vergelyking met sy voorganger, die Wet op Basiese Diensvoorwaardes 3 van 1983, is die omvang van die toepassing van die huidige Wet op Basiese Diensvoorwaardes 75 van 1997 aansienlik verbreed (Van Jaarsveld & Van Eck, 2005:113). Die outeurs noem dat werknemers van die Staat, Parlement en ander instansies wat ook voorheen uitgesluit was, asook persone wat werknemers was van opvoedkundige instansies, in terme van artikel 2 van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes 3 van 1983, nie deur die Wet beskerm was nie. Die Wet is nou van toepassing op alle werknemers soos genoem in artikel 3(1) van die huidige Wet op Basiese Diensvoorwaardes, met uitsluiting van sekere groepe werknemers. Opvoeders, as werknemers van die Staat, geniet volle insluiting by die toepassing van die Wet.

Die gesondheid en veiligheid van werknemers geniet hoë prioriteit in die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (Du Toit *et al.*, 2003:488). Hoofstuk 2 van die Wet handel oor die regulering van werkstyd. Ingevolge artikel 7 word daar van werkgewers verwag om die werkstyd van werknemers te reguleer deur minimum standaarde vir gewone en oortydwerksure, ete- en rusperiodes, nagwerk en werk op Sondae en openbare vakansiedae te stel (Du Toit *et al.*, 2003:488). Die bepalings sluit in dat dit ooreenstem met die bepalings van enige wet wat die gesondheid en veiligheid van werknemers beheer (art. 7(a)) met billike inagneming van die gesondheid en veiligheid van die werknemer (art. 7(b)) (Van Jaarsveld & Van Eck, 2005:116).

Die insluiting van gesondheid- en veiligheidsmaatreëls in die regulering van werksure is volgens Du Toit *et al.* (2003:489) om 'n gesonde werk-leefstyl-balans van werknemers te bevorder. Dit is daarom noodsaaklik dat werkgewers voldoende aandag skenk aan wetgewing ten opsigte van beroepsgesondheid en -veiligheid, die gesondheid en veiligheid van werknemers in die algemeen asook hul familie-verantwoordelikhede. Die bepalings van die Goeie Praktykkode oor die regulering van werktyd behoort ook billike aandag van die werkgewer te geniet. Du Toit *et al.* (2003:489) beklemtoon dit dat die beskerming soos voorsien in artikel 7 van die Wet

op Basiese Diensvoorwaardes, ’n basiese reg van die werknemer is wat nie deur ooreenkoms, bedingingsraad-ooreenkoms, ministeriële of sektorale bepalings verminder of weggeneem kan word nie.

Rutherford (2009:35) voeg by dat die regulering van werksure noodsaaklik is om werknemers teen lang werksure te beskerm wat nadelig mag wees vir hul gesondheid en veiligheid. Die outeur huldig die siening dat die Wet opvoeders behoort te beskerm teen buitensporige werkslading na ure soos tans van baie opvoeders verwag word.

2.2.2.4 Die Wet op Gelyke Indiensneming 55 van 1998

Die Wet op Gelyke Indiensneming beoog om drie hoofdoelwitte te bereik, naamlik om gelyke en regverdige behandeling in die werkplek te bevorder, om onbillike diskriminasie te verbied en om ongeregtighede van die verlede te verminder deur die implementering van regstellende maatreëls (Anon, 2009:28). Hoewel sekuriteit in die werkplek nie direk deur hierdie wet aangespreek word nie, vorm gelykheid as ’n fundamentele reg van elke Suid-Afrikaner, die basis vir die bepalings van die Wet (Rutherford, 2009: 35).

Hoofstuk ll van die Wet op Gelyke Indiensneming fokus op onbillike diskriminasie. Dit verplig werkgewers om gelyke geleenthede aan alle werknemers in die werkplek te voorsien. Volgens (Anon, 2009:28) maak die Wet op Gelyke Indiensneming dit moontlik vir werknemers om werkgewers te dagvaar wat hulle skuldig maak aan onbillike diskriminasie gebaseer op die gelyste gronde soos in artikel 6(1) van die Wet op Gelyke Indiensneming genoem. In artikel 6(3) word teistering van werknemers as ’n grond vir onbillike diskriminasie beskou (Grogan, 2009:97). Om egter deur die Wet op Gelyke Indiensneming beskerm te word, moet die teistering verwant wees aan een van die gronde soos gelys in artikel 6(1) van die Wet. In die saak *Ntsabo v Real Security CC* (2003) 24 IJL 2341(LC) het die Arbeidshof voorgehou dat seksuele teistering as ’n grond vir diskriminasie vir die doeleindes van die Wet op Gelyke Indiensneming kan dien (Grogan, 2009:96). In die daaropvolgende jaar, in *Grobler v Naspers & another* [2004] 5 BLLR 455 (C) het die Kaapse Hooggeregshof tot dieselfde slotsom gekom (Rossouw, 2010:65).

Artikel 60 van die Wet op Gelyke Indiensneming beskerm werknemers teen diskriminerende gedrag deur mede-werknemers. Die teistering wat werknemers op mekaar toepas, het as sodanig 'n effek op sekuriteit in die werkplek. Kirsten *et al.* (2005:127) noem (soos genoem in par. 2.2.1.7) dat die viktimisering, teistering en wangedrag in die werkplek deur mede-werknemers op swak verhoudings tussen personeellede in die skool as werkplek dui. De Wet (2009:1) berig oor die voorval waar 'n onderwyser die adjunkhoof geskiet het en toe selfmoord gepleeg het as 'n voorbeeld van bedreigende gedrag deur mede-werknemers op mekaar. Le Roux (2005:6) sowel as Du Toit *et al.* (2003:576) verwys na die implikasie van artikel 60 van die Wet op Gelyke Indiensneming. Hierdie artikel bepaal dat 'n werkgewer aanspreeklik gehou kan word vir die diskriminerende gedrag, teistering ingesluit, van 'n werknemer op mede-werknemers indien die werkgewer versuim om die aangemelde gedrag aan te spreek (Grogan, 2009:101). Rutherford (2009:36) stem saam dat indien 'n werknemer teistering op kollegas toepas wat tot fisiese en psigologiese skade kan lei, die werkgewer verantwoordelik gehou moet word vir skade wat hieruit mag voortspruit.

#### 2.2.2.5 Die Wet op Beroepsgesondheid en -Veiligheid 85 van 1993

Die Wet op Beroepsgesondheid en -Veiligheid 85 van 1993 is volgens Oosthuizen (red) (2005:110) die wetgewing om te oorweeg ten opsigte van veilige werkplekke, wat skole ingesluit. Hierdie Wet maak voorsiening vir die beskerming van die gesondheid en veiligheid van persone in die werkplek (Rutherford, 2009:34). Die instandhouding van gesondheid en veiligheidstandaarde by die werk, asook die voorkoming van ongelukke, is die hoofdoel van die Wet op Beroepsgesondheid en -Veiligheid (Van Jaarsveld & Van Eck, 2005:400).

Die gemene reg lê 'n plig op elke werkgewer om sy/haar werknemers van 'n veilige werkplek en veilige toerusting te voorsien. Behalwe vir sy gemeenregtelike plig, wys Van Jaarsveld en Van Eck (2005:404) op die plig wat die Wet op Beroepsgesondheid en -Veiligheid op die werkgewer plaas om waar redelik uitvoerbaar, 'n werkomgewing wat veilig en sonder risiko is vir die gesondheid van werknemers, te voorsien en te handhaaf.

Die gemene reg verplig ook werknemers om wetlike en redelike instruksies van hul werkgewers ten opsigte van gesondheid en veiligheid te gehoorsaam. Hierdie plig word volgens Van Jaarsveld en Van Eck (2005:405) ook deur wetgewing afgedwing. Die Wet op Beroepsgesondheid en -Veiligheid plaas ’n plig op werknemers om nie hul eie gesondheid en veiligheid asook dié van ander persone in gevaar te stel nie. Artikel 14 van die Wet lê ’n plig op elke werknemer om:

- *redelike sorg te tref vir hul eie gesondheid en veiligheid en ook die van ander persone wat deur die werknemer se optrede geaffekteer mag word (art. 14(a));*
- *samewerking met die werkgewer of enige ander persoon te toon wat deur die vereistes van die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid op daardie persoon afgedwing word (art. 14(b));*
- *alle wetlike bevele wat op die werknemer geplaas word uit te voer, en ook die gesondheid en veiligheidsreëls wat deur die werkgewer ten opsigte van gesondheid en veiligheid gestel word te gehoorsaam (art. 14(c));*
- *om so gou as wat dit onder die werknemer se aandag kom, enige onveilige of ongesonde situasie aan die werkgewer of gesondheids- en veiligheids-verteenwoordiger te rapporteer (art. 14(d)); en*
- *so spoedig moontlik enige insident waarby die werknemer betrokke mag wees en wat sy/haar gesondheid mag affekteer of ’n besering kan veroorsaak, aan die werkgewer of veiligheidsverteenwoordiger te rapporteer (art. 14(e)).*

In die voorafgaande paragrawe (2.2.2.3–2.2.1.5) is wetgewing wat in die algemeen van toepassing is op werknemers in Suid-Afrika bespreek. Die definisie van ’n werknemer, soos uitgespel in die verskillende wetgewings, toon ’n gemeenskaplike definisie en word soos volg aangehaal (Rossouw, 2010:45-46):

*“employee” means –*

*Any person, excluding an independent contractor, who works for another person or for the State and who receives, or is entitled to receive any remuneration; and*

*Any other person who in any manner assists in carrying on or conducting the business of an employer, and "employed" and "employment" have meanings corresponding to that of "employee".*

Opvoeders as werknemers van die Staat word, soos genoem in die verskillende wetgewings, erken as 'n werknemer in Suid-Afrika en kan in terme van die bespreekte wette ook aanspraak maak op gelyke beskerming en voordeel van die reg.

In die volgende paragrawe sal wetgewing wat spesifiek op opvoeders van toepassing is en wat hulle sekuriteit in die werkplek beskerm, ondersoek en bespreek word.

### *2.2.3 Onderwyswetgewing*

Die veranderinge in arbeidswetgewing gedurende die negentigerjare het volgens Rossouw (2008:5) die grondslag gelê vir die ontwikkeling van arbeidsreg in die algemeen en onderwysreg in die besonder, wat 'n effek op opvoeders en hul werk mag hê. Ten spyte van die belangrikheid van onderwysreg, wys Joubert (2009:1) daarop dat skoolhoofde en opvoeders steeds oor geringe kennis van die studieveld beskik. In die onderwys bestaan die arbeidsverhouding by openbare skole hoofsaaklik tussen die Staat as werkgewer en die opvoeder as werknemer. Daar is ook talle opvoeders wat in poste addisioneel tot die staatsvoorsiende poste deur die beheerliggaam vanuit skoolfondse aangestel word, waar die skool as werkgewer optree.

Verskeie wette wat spesifiek die werksverhouding in onderwys reguleer, sal in die volgende paragrawe bespreek word. Die wyse waarop sekuriteit en veiligheid van opvoeders aangespreek word, sal in wette soos die Wet op Indiensneming van Opvoeders 76 van 1998, die Wet op Nasionale Onderwysbeleid 27 van 1996, die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996, die Regulasies vir Veiligheidsmaatreëls by Openbare Skole en die Wet op die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders 31 van 2000 ondersoek word.

#### 2.2.3.1 Die Wet op Nasionale Onderwysbeleid 27 van 1996

Die Wet op Nasionale Onderwysbeleid 27 van 1996 is ’n belangrike wetgewing vir opvoeders. Dit is ontwikkel om demokratiese transformasie van die nasionale onderwyssisteem te fasiliteer deur die behoeftes en belangstelling van al die mense in Suid-Afrika te bevorder (Rutherford, 2009:30). Volgens die outeur word veiligheid en sekuriteit in die skool as werkplek nie direk in die Wet aangespreek nie. Die bevordering en beskerming van die fundamentele regte van almal word egter as belangrik beskou en word gewaarborg in terme van artikel 4(a) van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (Rutherford, 2009:30).

#### 2.2.3.2 Die Wet op Indiensneming van Opvoeders 76 van 1998

Die Wet op Indiensneming van Opvoeders, tesame met ander algemene arbeidswetgewing, is ’n belangrike wet wat arbeidsverhoudinge in onderwys beheer (Anon, 2009:26). Die doel van die Wet op Indiensneming van Opvoeders is “om voorsiening te maak vir die aanstelling van opvoeders deur die Staat, vir die regulering van diensvoorwaardes, dissipline, aftrede en ontslag van opvoeders en vir sake wat hiermee verband hou”. Die Wet op Indiensneming van Opvoeders bind hiermee opvoeders wat deur die Staat aangestel is (Rossouw, 2010:41).

In die toepassing van die Wet op Indiensneming van Opvoeders (art. 2) word die bepalings toegepas op opvoeders in diens by openbare skole, verdere onderrig en opleidingsinstansies (VOO), departementele kantore en by sentrums vir basiese onderwys vir volwassenes. Die Wet op Indiensneming van Opvoeders beoog om opvoeders te beskerm ten opsigte van diensvoorwaardes (hoofstuk 2), aanstellings, bevorderings en oorplasings (hoofstuk 3), beëindiging van dienste (hoofstuk 4) en wangedrag en ongeskiktheid (hoofstuk 5).

Die Wet op Indiensneming van Opvoeders 76 van 1998, soos gewysig in 2000, beskryf die prosedure wat gevolg moet word met betrekking tot beweerde wangedrag van opvoeders. Artikels 17 en 18 van die Wet op Indiensneming van Opvoeders verskaf ’n lys van 38 voorbeelde van ernstige en minder ernstige oortredings waaraan opvoeders hulle skuldig kan maak en wat tot dissiplinêre optrede en

verhore teen hulle mag lei. Die uittartende houdings van ongedissiplineerde leerders het menige opvoeder al uitgelok om leerders aan te rand en sodoende het hulle hulself skuldig gemaak aan wangedrag (Ludick, 2010). Joubert (2009:10) stel dit duidelik dat opvoeders wat geen kennis van onderwysreg het nie, maklik so ’n oortreding kan begaan.

Die fisiese veiligheid van opvoeders word volgens Rutherford (2009:29) aangespreek in artikel 17(d) van die Wet op Indiensneming van Opvoeders. Dit bepaal onder andere dat ’n opvoeder hom blootstel aan ontslag indien hy/sy skuldig bevind word aan ’n daad van ernstige aanranding, met die intensie om ernstige leed te veroorsaak aan ’n leerder, student of mede-werknemer. Die berig in Rapport (De Wet, 2009:1) (vergelyk par. 2.2.2.4) waar ’n opvoeder eers die adjunkhoof en toe homself geskiet het, is ’n bewys van wangedrag wat opvoeders op mede-werknemers toepas. In artikel 18 word die wangedrag van opvoeders wat ’n breuk in arbeidsverhoudinge kan veroorsaak, verder uiteengesit. Artikel 18(e) lui soos volg: dat ’n opvoeder “in die uitvoering van diens die lewens van homself/haarself bedreig deur gestelde veiligheidsreëls en regulasies te verontagsaam”. Die veiligheid van werknemers word ondersteun deur artikel 14 van die Wet op Beroepsveiligheid en -Gesondheid 85 van 1993 soos genoem in par. 2.2.2.5).

Artikel 18(x) verbied die dra van vuurwapens en ander gevaarlike voorwerpe op staatsgrond sonder die skriftelike toestemming van die werkgewer. Die mate waartoe gevaarlike wapens en voorwerpe in skole ingesmokkel word en die lewens van beide opvoeders en leerders bedreig (Murdock, 2008:2; Eliseev *et al.*, 2008:1; De Wet, 2009:1; Keppler, 2009:4) is ’n bewys van die wangedrag van mede-werknemers, leerders en selfs die publiek.

Die bepalings van Hoofstuk 5, wat handel oor ongeskiktheid en wangedrag, van die Wet op Indiensneming van Opvoeders is duidelik ingestel om die fisiese veiligheid van opvoeders by skole te beskerm teen moontlike skadelike of bedreigende gedrag deur kollegas (Oosthuizen (red), 2005:110).

### 2.2.3.3 Die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996

Die geskiedenis van rasse-ongelykhede en segregasie van die onderwyssisteem voor 1994 het die daarstel van nuwe wetgewing wat voldoen aan die beginsels van demokrasie in Suid-Afrika genoodsaak (Rutherford, 2009:30). Die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 (hierna verwys as die Skolewet) is uitgevaardig om voorsiening te maak vir die organisasie, bestuur en befondsing van skole wat ooreenstem met die beginsels van demokrasie in Suid-Afrika (Rutherford, 2009:30).

Die rol van alle partye in die onderwyssfeer word in die onderskeie hoofstukke van die Skolewet uiteengesit. Die betrokkenheid en verantwoordelikheid van veral ouers in die opvoeding van hul kinders word in die Skolewet beklemtoon. Berigte soos dié van die swaardaanvaller in 'n skool (Eliseev *et al.*, 2008:1) en "Seun skiet onderwyser" (Keppler, 2009: 4) dui op die wangedrag van leerders en plaas 'n groter verantwoordelikheid op ouers om toe te sien dat gevaarlike wapens en voorwerpe nie deur hulle kinders bekom en hanteer word nie. Die Skolewet dra daarom die bevoegdheid aan ouers oor om skole te beheer. Die verkiesing van skoolbeheerliggame is 'n bewys van die verbintenis tussen die Staat, skole en ouers.

In die voorwoord van die Skolewet geniet die bevordering van die regte van alle leerders, ouers en opvoeders prioriteit. Net soos die Grondwet, beoog die Skolewet om die fundamentele regte van die onderskeie rolspelers in onderwys te bevorder. Duidelike riglyne word in die Skolewet gestel oor hoe elke persoon homself/haarself in die skoolopset moet handhaaf. Oosthuizen *et al.* (2004:10) wys op die belangrikheid daarvan dat skole in Suid-Afrika in ooreenstemming met die fundamentele regte soos uiteengesit in die Grondwet, asook in die voorwoord van die Wet op Nasionale Onderwysbeleid 27 van 1996, bestuur moet word. Rutherford (2009:30-31) huldig die mening dat die Skolewet die verantwoordelikheid op skoolbestuurders, opvoeders en skoolbeheerliggame plaas om veiligheid by skole te bevorder ten einde 'n kultuur van leer en onderrig te handhaaf.

Oosthuizen *et al.* (2004:10) vestig die aandag daarop dat die teenwoordigheid van gevaarlike wapens en onwettige dwelms op die skoolterrein die bevordering van 'n versekerde en veilige leeromgewing ondermyn. Hy huldig ook die mening dat die

fisiese veiligheid en welstand van leerders en opvoeders as ’n voorvereiste vir die daarstel van ’n veilige omgewing moet dien (Oosthuizen *et al.,* 2004:11). Die outeur verwys na verskeie voorvalle van geweld (Oosthuizen *et al.,* 2004:4-5) waar die fisiese veiligheid van beide leerders en opvoeders in skole bedreig word.

Hoewel die Skolewet nie veel uitbrei oor die impak van misdaad en geweld in skole nie, meen Rutherford (2009:31) dat daar verskeie artikels in die Wet is wat direk of indirek na sekuriteit in die werkplek verwys. Artikel 8 van die Skolewet dra daarom die bevoegdheid aan Skoolbeheerliggame oor om ’n gedragskode vir leerders op te stel na konsultasie met die leerders, ouers en opvoeders by die skool. Die opstel en aanneem van die gedragskode het ten doel om die vestiging van ’n gedissiplineerde en betekenisvolle omgewing vir effektiewe onderrig en leer in skole te fasiliteer (Shaba *et al.,* 2003:30).

Ten einde veiligheidsmaatreëls in skole te bevorder, stel Item 3.8 van die Riglyne vir Oorweging deur Skoolbeheerliggame in die aanneem van ’n Gedragskode vir Leerders, duidelike riglyne vir die deursoek van gevaarlike wapens, vuurwapens en dwelms. Rutherford (2009:31) verwys na die stipulasies in die Riglyne, naamlik dat:

- *daar ’n verhouding van wedersydse respek en vertroue tussen leerders en opvoeders moet wees;*
- *viktimisering van mekaar onaanvaarbaar is (item 5.6); en*
- *disrespek, opstandige gedrag en verbale mishandeling wat gemik is op opvoeders, ander werknemers by die skool asook op leerders, as oortredings beskou word en wat tot die skorsing van leerders mag lei (item 11(j)).*

Die bepalings van die Riglyne dui op die gevolge wat genoemde oortredings vir leerders wat hulle wangedra mag inhou. Rutherford (2009:31) huldig die siening dat opvoeders aanspraak kan maak op die reg om met respek deur leerders behandel te word. Die Skoolbeheerliggaam het volgens die outeur ’n plig om die sekuriteit van opvoeders in die skool te bevorder.

Die verantwoordelikheid om 'n veilige leer- en werkomgewing te bevorder is nie net die plig van die ouers nie. Artikel 60(1) van die Skolewet dui daarop dat die Staat verantwoordelik sal wees vir enige skade of verlies wat mag voortspruit as gevolg van 'n daad of weglating in verband met enige skoolaktiwiteit by 'n openbare skool. Die berig oor die voorval op die sportveld toe die skoolhoof deur 'n ouer aangerand is, kon volgens (Anon, 2008:6) maklik tot 'n ernstige aanranding en liggaamlike skade gelei het. Die fisiese veiligheid van opvoeders behoort ook prioriteit by na-skoolse aktiwiteite te geniet.

#### 2.2.3.4 Regulasies vir Veiligheidsmaatreëls by Openbare Skole

Die Skolewet is vaag oor die impak van misdaad en geweld in skole (Rutherford, 2009:31). Die outeur stel dit dat die Regulasies vir Veiligheidsmaatreëls by Openbare Skole wat in 2001 uitgevaardig was (soos gewysig in 2006), die leemtes in die Skolewet ten opsigte van misdaad en geweld in skole aanspreek. In artikel 4(1) van die Regulasies het die destydse minister van onderwys, Professor Kader Asmal, 'n verklaring uitgereik dat "alle openbare skole hiermee dwelmvrye en gevaarlike voorwerp-vrye sones verklaar word".

In die definisie van die Regulasies vir Veiligheidsmaatreëls by Openbare Skole word 'n "gevaarlike voorwerp" beskryf as (a) enige plofbare materiaal of toestel; (b) enige vuurwapen of gaswapen; (c) enige artikel, voorwerp of instrument wat gebruik kan word om liggaamlike leed aan 'n persoon te veroorsaak …; of (d) enige voorwerp wat die minister in 'n staatskoerant kennis gee wat as 'n gevaarlike voorwerp verklaar word vir die doel van hierdie regulasies.

Artikel 4(2) lui verder dat geen persoon toegelaat sal word om enige gevaarlike voorwerp op 'n openbare skoolperseel te dra nie (4(2)(a,b)) of in besit van 'n onwettige dwelm (4(2)(d)) by die skool mag wees nie. Die vrye toegang wat persone tot openbare skole het, dra daartoe by dat wapens en gevaarlike voorwerpe by skole ingesmokkel word. Ludick (2010) noem van 'n voorval by 'n openbare skool toe 'n ouer sonder toestemming die skoolperseel betree het en 'n leerder wat sy kind geboelie het, met 'n mes wou steek. Hierdie optrede van ouers hou nie net 'n gevaar

in vir die leerders nie, maar bedreig ook die veiligheid en sekuriteit van opvoeders in die skool.

Artikel 9(1-4) van die Regulasies beveel duidelike riglyne vir veiligheidsmaatreëls by openbare skole aan. Artikel 9(5) beveel ook die ontwikkeling en implementering van aksieplanne aan in ooreenstemming met artikel 4(1) om dreigemente van geweld wat ’n negatiewe impak op skoolaktiwiteite het, te verminder. Volgens Rutherford (2009:32) is artikel 9(6) belangrik vir opvoeders omdat die planne in subartikel (5) die veiligheid van alle leerders, personeel en ouers gedurende skoolaktiwiteite moet verseker.

2.2.3.5 Wet op die Suid-Afrikaanse Raad van Opvoeders 31 van 2000

Die Suid-Afrikaanse Raad van Opvoeders (hierna verwys as SARO) is ’n professionele liggaam wat die onderwysprofessie beheer ten opsigte van die professionele gedrag van opvoeders (Shaba *et al.,* 2003:123). Daar word van elke gekwalifiseerde opvoeder verwag om by die raad geregistreer te word. Artikel 2 van die SARO beoog onder andere om:

- *voorsiening te maak vir die registrasie van opvoeders;*
- *die professionele ontwikkeling van opvoeders te bevorder; en*
- *etiese en professionele standaarde vir opvoeders te stel, te handhaaf en te beskerm deur middel van die funksionering van die raad.*

Die professionele verhouding van opvoeders met die verskillende rolspelers in onderwys word duidelik in die SARO uitgespel. Die SARO maak egter geen melding daarvan om die sekuriteit van opvoeders in die werkplek te verseker nie (Rutherford, 2009:32). Die outeur voer egter die argument aan dat om professionele ontwikkeling te bevorder, opvoeders ’n gevoel van sekuriteit en welstand behoort te ervaar. Die SARO skep dus ’n raamwerk waarbinne opvoeders hulself ten opsigte van hulle professie moet handhaaf in ooreenstemming met die Kode vir Professionele Etiek van die Suid-Afrikaanse Raad van Opvoeders. Die verhouding van opvoeders met die verskillende partye in onderwys, onder andere leerders, ouers, die gemeenskap,

kollegas, die professie, die werkgewer en die raad (SARO) word duidelik uitgespel in artikels 3 tot 9 van die gedragskode van die SARO. Opvoeders wat volgens die stipulasies van die Wet skuldig bevind word aan ’n oortreding, is gedoem om uit die professie verwyder te word (Shaba *et al.,* 2003:126). Zwecker (2010:2) berig oor ’n opvoeder wat leerders onsedelik aangerand het tydens sportafrigting in die middae en moontlike ontslag uit die professie in die oë staar indien die hof hom skuldig bevind.

## *2.3 Die gemene reg*

Die gemene reg verwys oor die algemeen na regsreëls wat nie in wetgewing opgeteken is nie (Jordaan, 2007:1). In Suid-Afrika kan die gemene reg omskryf word as die regstradisie wat voortspruit uit die Romeins-Hollandse en Engelse reg van die sewentiende eeu wat nie in wetgewing opgeteken is nie (Rossouw, 2010:29).

Die gemeenregtelike beginsels van die dienskontrak hou verband met die “meester en dienskneg”-verhouding wat kenmerkend was van werkverhoudings in ’n era van minimale arbeidswetgewing en geringe vakbondaktiwiteite (Van Jaarsveld en Van Eck, 2005:162). In die dienskontrak word ’n plig op beide die werkgewer en die werknemer geplaas (Rossouw, 2010:32) om die basiese beginsel van die voorsiening van ’n veilige omgewing te handhaaf (Rutherford, 2009:37).

Die dienskontrak, as element van die gemene reg en die pligte van werkgewers en werknemers ten opsigte van sekuriteit in die werkplek sal in die volgende paragrawe bespreek word.

### *2.3.1 Die dienskontrak*

Prinsloo (2009:184) beklemtoon die feit dat arbeidsverhoudinge verband hou met die diensverhouding wat daar tussen die werkgewer en die werknemer bestaan in sake van wedersydse belang. Voordat enige party in ’n arbeidsregtelike verhouding gebind kan word, wys Rossouw (2008:13) daarop dat ’n werksverhouding eerstens tussen die werkgewer en die werknemer gevestig moet word en wel deur middel van ’n dienskontrak. Die dienskontrak skep daarom ’n wetlike verhouding wat lei tot wedersydse regte en pligte tussen die primêre partye. In die dienskontrak stel die

werknemers hul dienste aan die werkgewers beskikbaar in ruil vir vergoeding. Die dienskontrak kan daarom as ’n wettige ooreenkoms beskou word wat aangegaan word met die intensie om ’n plig of verpligting te skep (Prinsloo, 2009:191).

Squelch (2005:11) stel voor dat die dienskontrak aan sekere vereistes moet voldoen voordat dit as ’n geldige dokument beskou kan word. Die volgende vereistes ondersteun volgens Squelch (2005:11; Finnemore, 2006:163) die geldigheid van die dienskontrak, naamlik:

- *Die ooreenkoms oor wat gedoen moet word, moet tussen die twee partye (werkgewer en werknemer) gesluit word;*
- *Beide partye moet oor die wetlike bevoegdheid beskik om die ooreenkoms te sluit;*
- *Die ooreenkoms moet vry en vrywillig geskied;*
- *Die kontrak kan mondelings of skriftelik geskied, maar dit moet aan die formele wetlike vereistes voldoen;*
- *Die sluiting en doel van die kontrak, asook die verwagte optrede, moet wettig wees, en*
- *Die verpligtinge wat deur die kontrak geskep word, moet duidelik wees.*

Na die ondertekening van die dienskontrak, is een van die belangrikste pligte van die werkgewer om die werknemer billik te behandel (Prinsloo, 2009:184). Volgens Nel (2005:11) beskik werkgewers gewoonlik oor meer mag as werknemers. Die verwagte optrede en verpligtinge van die werknemer word in die hofsaak *Embling v The Headmaster, St Andrew’s College (Grahamstown) & Another* (1991) 12 ILJ 277 (E) aangespreek. In hierdie saak het die hof die aansoek van die applikant (Embling) ter syde gestel en in die guns van die werkgewer uitspraak gelewer. Die feite van die saak was dat die applikant, na ’n tydperk van ses maande verlof vir godsdienstige sake, na sy werk teruggekeer het. Die werkgewer het sy dienste beëindig weens beweerde onbevredigende diens. In sy verweer het die applikant dit voorgehou dat

sy ontslag teenstrydig was met *audi alteram partem*-beginsel. Die regter het in sy uitspraak bevind dat hierdie skool ’n privaatinstansie is en nie ’n administratiewe liggaam nie. Die *audi alteram partem*-reël hou daarom nie verband met die gewone “meester en dienskneg”-verhouding van die dienskontrak tussen die twee partye nie. Die hof het bevind dat die applikant daarom nie op ’n verhoor geregtig was nie.

As gevolg van die relatiewe swak posisie waarin die werknemer verkeer, noem Prinsloo (2009:184) dat werknemers deur wetgewing en organisasies beskerm behoort te word. Die werkgewers van opvoeders in openbare skole en hulle pligte teenoor die opvoeder as werknemer, sal in die volgende paragrawe ondersoek en kortliks bespreek word.

### *2.3.2 Die Staat as werkgewer*

Soos reeds genoem is in par. 2.2.2.2, is die Staat in enige land die grootste enkele werkgewer wat binne die raamwerk van wetgewing en regulasies sy werknemers moet bestuur en arbeidsverhoudinge moet beheer (Meyer & Kirsten, 2005:125). ’n Primêre plig van die Staat is om werk aan sy landsburgers te voorsien. In die onderwysopset vervul die Staat hierdie plig deur middel van die kontrakturele verhouding wat daar tussen die opvoeder as werknemer en die Staat as werkgewer bestaan deur die nasionale en provinsiale onderwysdepartemente.

Artikel 3 van die Wet op Indiensneming van Opvoeders 76 van 1998 beskryf die werkgewer van opvoeders wat deur die Staat aangestel word soos volg:

*3.* Werkgewers van opvoeders en ander persone

*(1) Behalwe vir sover hierdie artikel anders bepaal-*

- *(a) is die Direkteur-generaal die werkgewer van opvoeders in die diens van die Departement van Onderwys in poste op die diensstaat van opvoeders van genoemde Departement vir alle doeleindes van indiensneming; en*
- *(b) is die Departementshoof die werkgewer van opvoeders in die diens van die provinsiale departement van onderwys in poste op die diensstaat van opvoeders van daardie departement vir alle doeleindes van indiensneming.*

Die kortlysting, onderhoudvoering en aanbeveling van kandidate in geadverteerde onderwysposte word deur die beheerliggame van openbare skole hanteer. Die Provinsiale Departementshoof van Onderwys behou, met goeie redes, die reg voor om ’n kandidaat anders as die aanbevole kandidaat deur die beheerliggaam aan te stel. In die hofsaak *The Governing Body of the Point High School v the Head of the Western Cape Education Department Case* 14188/2006 (C) is die beslissing van die Departementshoof ter syde gestel. In hul verweer het die beheerliggaam dit voorgehou dat die aanstelling van die kandidate deur die Departementshoof volgens artikel 28(2) van die Grondwet nie die beste belange van die leerders sou dien nie. Die kandidate wat deur die Departementshoof aanbeveel is, was in die evaluering tydens die onderhoudsproses minder bekwaam as die kandidate wat deur die beheerliggaam aanbeveel is.

Die hof het in sy oorweging van die meriete van die saak, die nie-aanstelling van die twee afgekeurde kandidate wat deur die beheerliggaam aanbeveel is as onredelik en onwettig beskou. Ter stawing van die feite het Regter Potgieter dit gestel dat “… *it is quite apparent that first respondent, acting rationally and reasonably as required by the provisions of the PAJA, would have appointed the candidates who were properly assessed to be the best suited for appointment”.*

Artikel 3 gaan voort deur in subartikel 2 tot 4 ook die posisie van die Minister te verklaar ten opsigte van salarisse en die skep van poste:

*(2) Vir die doeleindes van die bepaling van die salarisse en ander diensvoorwaardes van opvoeders is die Minister die werkgewer van alle opvoeders.*

*(3) Vir die doeleindes van die skepping van poste-*

*(a) op die diensstaat van opvoeders van die Departement van Onderwys is die Minister die werkgewer van opvoeders in die diens van genoemde Departement; en*

*(b) op die diensstaat van opvoeders van 'n provinsiale departement van onderwys is die Lid van die Uitvoerende Raad die werkgewer van opvoeders in die diens van daardie departement.*

*(4) 'n Openbare skool is die werkgewer van persone in die diens van bedoelde skool soos in artikel 20 (4) of (5) van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996), beoog.*

Rossouw (2010:75) som die verskillende werkgewer-werknemer-verhoudings in die onderwyssfeer soos volg op:

Tabel 2.1 Werkgewers van opvoeders

| Werknemer | Aspekte van diens | Werkgewer |
|---|---|---|
| Opvoeders op provinsiale vlak | Alle aspekte van diens | Departementshoof |
| Opvoeders op provinsiale vlak | Skep van poste | Lid van die Uitvoerende Raad |
| Opvoeders op provinsiale en nasionale vlak | Salarisse en ander diensvoorwaardes | Minister van Basiese Onderwys |
| Opvoeders op nasionale vlak | Alle aspekte van diens | Direkteur-Generaal |
| Opvoeders op nasionale vlak | Skep van poste | Minister van Basiese Onderwys |
| Addisionele opvoeders tot die personeel (nie-gesubsideerde poste) | Skep van poste, salarisse en diensvoorwaardes en alle ander aspekte van diens | Openbare skool (deur middel van die skoolbeheerliggaam) |

(Rossouw, 2010:75).

Dis duidelik uit die tabel dat die werkgewer van verskillende opvoeders baie kan wissel, afhangende van die plek waar hy of sy werk, of die aspek van die indiensneming wat ter sprake is.

Die Wet op Arbeidsverhoudinge 66 van 1995 beskerm opvoeders wat deur die Staat aangestel is. Volgens Rossouw (2008:14) word opvoeders ook beskerm en gebind deur die Wet op Indiensneming van Opvoeders 76 van 1998 wat spesifiek met die onderwyssektor handel. Hoofstuk 2 van die Wet op Indiensneming beskryf die diensvoorwaardes soos salarisse en ander diensvoorwaardes (art. 4) en die skepping van poste (art. 5) van opvoeders in openbare skole. Die diensvoorwaardes wat vir opvoeders geld, word ook noukeurig uiteengesit in die Personeel-administrasiemaatreëls (PAM) van 1999 en moet saam met artikel 4 van die Wet op Indiensneming van Opvoeders gelees word.

Die toekenning van huiseienaarstoelae is een van die voordele wat aan opvoeders toegestaan word. Die kwessie van 'n onbillike arbeidspraktyk word in die hofsaak *George v Western Cape Education Department* [1996] 2 BLLR 166 (IC) aangespreek. In hierdie saak word die applikant die toekenning van 'n huiseienaarstoelaag ontsê op grond van die feit dat sy 'n getroude vrou is. Artikel 186 (2)(a) van die Wet op Arbeidsverhoudinge definieer 'n onbillike arbeidspraktyk as 'n onbillike optrede deur die werkgewer wat verband hou met bevordering, verlaging in rang, proefaanstelling of opleiding van werknemers of bepalings wat verband hou met die diensvoorwaardes van opvoeders. Die reg op regverdige arbeidspraktyke word verder ondersteun deur artikel 23(10) van die Grondwet.

Die uitkoms van hierdie saak was dat die destydse Industriële Hof gebind is deur die Grondwet as hoogste gesag van die land, in die interpretasie van die Wet op Arbeidsverhoudinge 66 van 1995. Die Grondwet verbied diskriminasie op grond van geslag of huwelikstatus. Die hof het bevind dat die verweerder duidelik diskrimineer teen vroue deur nie 'n behuisingstoelaag aan hulle toe te staan nie. Die uitsluitsel van die saak was dat die verweerder 'n huiseienaarstoelaag aan die applikant moes betaal terugwerkend vanaf die datum waarop die aansoek afgekeur was.

### *2.3.3 Die beheerliggaam as werkgewer*

Die Staat maak verder ook deur middel van onderwyswetgewing, te wete die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996, daarvoor voorsiening om werk aan opvoeders te verskaf. Artikel 20 van die Skolewet is gewysig deur die Wysigingswet op Onderwyswette 100 van 1997 om die skep van poste deur die beheerliggaam van 'n openbare skool as die werkgewer in te sluit, wat addisioneel tot die posvoorsieningskaal is, soos in provinsies bepaal word deur die Lid van die Uitvoerende Raad (Joubert, 2009:192). Artikel 20(4) van die Skolewet verleen daarom aan 'n beheerliggaam (BL) die bevoegdheid om opvoeders by openbare skole aan te stel en te vergoed met inagneming van die Wet op Arbeidsverhoudinge 66 van 1996, asook die Wet op Basiese Diensvoorwaardes 76 van 1998 (Prinsloo, 2009:191):

Uitgebreide funksies van beheerliggame is ingevolge artikel 20 van die Skolewet:

*(4) Behoudens hierdie Wet, die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet 66 van 1995), en enige ander toepaslike wet kan 'n openbare skool poste vir opvoeders instel en opvoeders in diens neem bykomstig tot die diensstaat deur die Lid van die Uitvoerende Raad bepaal ingevolge artikel 3 (1) van die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1994.*

*(5) Behoudens hierdie Wet, die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet 66 van 1995), en enige ander toepaslike wet kan 'n openbare skool poste vir nie-opvoeders instel en nie-opvoederpersoneel in diens neem bykomstig tot die diensstaat wat ingevolge die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie 103 van 1994), bepaal is.*

*(6) 'n Opvoeder en 'n nie-opvoeder wat in 'n pos wat ingevolge subartikel (4) of (5) ingestel is, aangestel word, moet voldoen aan die vereistes wat gestel word vir indiensneming by openbare skole ingevolge hierdie Wet, die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet 66 van 1995), en enige ander toepaslike wet.*

*(7) 'n Openbare skool kan 'n opvoeder in 'n pos ingestel ingevolge subartikel (4) aanstel slegs indien sodanige opvoeder as opvoeder geregistreer is by die Suid-Afrikaanse Raad van Opvoeders.*

Hoewel nie die direkte werkgewer van opvoeders in terme van artikel 20(4) van die Skolewet nie, beheer die Staat deur middel van genoemde wetgewing die verhouding tussen die werkgewer (beheerliggaam) en die werknemer (opvoeders). Sodoende maak die Staat voorsiening om werksekuriteit aan opvoeders te verskaf wat nie deur middel van posvoorsieningskale by skole geabsorbeer kan word nie. In die proses word die kontrakturele verantwoordelikheid tussen werkgewer en werknemer ingevolge artikel 20(10) van die Skolewet aan die skool (deur die BL as funksionaris) oorgedra. As regspersoon in ’n wetlike hoedanigheid, moet die skool ook volgens artikel 20(8) van die Skolewet, uitvoering aan die grondwetlike regte van opvoeders in hul diens verleen.

### *2.3.4 Gemeenregtelike pligte volgens die dienskontrak*

Soos reeds genoem, moet ’n dienskontrak eerstens tussen die werkgewer en werknemer gesluit word om ’n wettige arbeidsverhouding te vestig. Rossouw

(2008:16) stel dit dat die werkgewer van opvoeders in openbare skole òf die provinsiale hoof van ’n onderwysdepartement kan wees òf die BL wat namens die openbare skool ’n kontrak met addisioneel aangestelde onderwyspersoneel sluit. Uit die sluiting van ’n dienskontrak spruit uit die aard van die saak sekere regte en pligte tussen werkgewers en werknemers voort. Pheto (2005:7) beskryf ’n reg en ’n plig soos volg: “*A right imposes a corresponding duty on another to ensure a protection of a right”.* Rossouw (2008:17) beskryf ’n reg as iets wat jou toekom, byvoorbeeld om vergoed te word vir ’n diens wat jy gelewer het. Die outeur verwys ook na ’n plig as iets wat van jou verwag of vereis word om te doen, byvoorbeeld die plig om ’n taak uit te voer soos ooreengekom, omdat jy daarvoor vergoed word. Dit is daarom noodsaaklik dat opvoeders hul regte as werknemers ken. Beide partye moet ook weet watter verpligtinge die werkgewer teenoor sy/haar werknemers het (Rampa, 2007:3).

Die pligte van die primêre partye (werkgewer en werknemer) en die Staat as sekondêre party sal kortliks in die volgende paragrawe uitgelig word:

2.3.4.1 Die werkgewer

Grogan (2009:53) wys daarop dat werkgewers volgens die gemene reg ’n plig het om:

- *die werknemer in diens te neem;*
- *die werknemer te vergoed vir diens gelewer;*
- *die nodige fasiliteite aan werknemers te voorsien;*
- *veilige en gesonde werksomstandighede te voorsien en*
- *statutêre pligte na te kom, byvoorbeeld om redelike werksure en verlof toe te staan.*

Die gemene reg lê ’n plig op elke werkgewer om sy/haar werknemers van ’n veilige werkplek te voorsien. Van Jaarsveld en Van Eck (2005:404) bevestig hierdie plig deur te verwys na die hofsaak *Van Deventer v Workmen’s Compensation Commissioner,* 1962 (4) SA 28 (T) 31B-C waar dit bepaal is dat die werkgewer

volgens die gemene reg 'n plig het om redelike sorg te tref vir die veiligheid van 'n werknemer. Behalwe vir sy gemeenregtelike plig, verwys Van Jaarsveld en Van Eck (2005:404) na verskeie reeds bespreekte wetgewing soos die Wet op Beroepsgesondheid en -Veiligheid 85 van 1993 wat 'n belangrike, maar algemene plig op die werkgewer plaas om waar redelik uitvoerbaar, 'n werksomgewing wat veilig en sonder risiko is vir die gesondheid van werknemers, te voorsien en te handhaaf. Artikel 24 van die Grondwet beklemtoon dat werkgewers 'n veilige en gesonde omgewing aan hulle werknemers moet voorsien.

Die Onderwysdepartement as orgaan van die Staat en ook die werkgewer van opvoeders, moet hierdie plig nakom deur toe te sien dat opvoeders in veilige omstandighede werk sodat hulle nie fisiese of psigologiese leed sal ervaar nie. Volgens Shaba *et al.* (2003:15) misluk provinsiale onderwysdepartemente in hulle pogings om veiligheidsmaatreëls by skole te voorsien. Tydens die industriële aksie van staatsdiensamptenare in 2010 was die Minister van Staatsdiens, in sy poging om werknemers te beskerm, genoodsaak om 'n interdik teen staatsamptenare uit te reik wat mede-werknemers by skole en ander noodsaaklike dienssentrums wat nie aan die stakings wou deelneem nie, verhinder in die uitvoering van hul pligte (Anon, 2010:2).

#### 2.3.4.2 Die werknemer

Die gemene reg vereis ook dat werknemers sekere pligte in die werksverhouding moet nakom. Rossouw (2008:19) noem dat die pligte van werknemers volgens die gemene reg onder andere die volgende behels, naamlik:

- *om dienste te lewer soos kontraktureel ooreengekom;*
- *om take met redelike doeltreffendheid en bevoegdheid te verrig;*
- *om in goeie trou op te tree;*
- *om wettige instruksies van die werkgewer uit te voer; en*
- *om gehoorsaam te wees en met respek op te tree.*

Soos hierbo uitgespel, plaas die gemene reg verskeie pligte op die werknemer. Jordaan (2007:1) wys daarop dat die werknemer se plig om in goeie trou teenoor die werknemer op te tree as een van die belangrikste pligte in die werksverhouding geag word. Die outeur meen dit sluit ’n verbod in om met die werkgewer te kompeteer, om nie vertroulike inligting van die werkgewer te weerhou nie, om nie die werkgewer se eiendom te misbruik nie en in kort, nie die verhouding van vertroue wat veronderstel is om in die werksverhouding tussen werkgewer en werknemer behoort te bestaan, te vernietig nie.

Viktimisering en boelie van onder andere mede-werknemers word dikwels nie deur die werknemer self, en ook nie deur ander werknemers by die werkgewer aangemeld nie. Jordaan (2007:1) stel dit dat die howe en arbiters dit al voorgehou het dat om nie in goeie trou op te tree nie, nie net kriminele oortredings onaangemeld laat nie, maar dat ’n gedrag van misleiding ook bevorder word. Die versuim daarvan om onwettige dade van werknemers op kollegas aan hul werkgewer te rapporteer, kan daartoe lei dat werkgewers nie hulle plig om werknemers te beskerm, behoorlik kan vervul nie.

In terme van die gemene reg word werknemers ook verplig om redelike en wettige instruksies van hul werkgewer te gehoorsaam (Van Jaarsveld en Van Eck, 2005:405). Hierdie plig word ook deur wetgewing afgedwing. Genoemde bron verwys na die Wet op Beroepsgesondheid en -Veiligheid 85 van 1993 wat ’n plig op die werknemer plaas om nie sy/haar eie gesondheid en veiligheid, asook dié van andere in gevaar te stel nie, soos uiteengesit in artikels 14(a) tot (e) van hierdie Wet.

Wetgewing wat verband hou met die gesondheid en veiligheid van werknemers is ’n kombinasie van die gemene reg en statutêre bepalings (Van Jaarsveld en Van Eck, 2005:399). Artikel 24 van die Grondwet maak voorsiening daarvoor dat elkeen die reg het op ’n omgewing wat nie skadelik vir hul gesondheid en welstand sal wees nie. Volgens Van Jaarsveld en Van Eck (2005:399) lê hierdie grondwetlike beginsel die fondasie vir gesondheid- en veiligheidswetgewing. Hierdie bron huldig daarom die mening dat die Staat gedeeltelik sy plig aanvaar deur gesondheid- en

veiligheidswetgewing soos die Wet op Beroepsgesondheid en -Veiligheid uit te reik wat werkverwante beserings en dood in die werkplek verminder.

Van Jaarsveld en Van Eck (2005:399) stel dit dat veiligheid ’n relatiewe konsep is en dat geen gemeenskap sy lede absolute beskerming teen siektes, beserings en dood kan waarborg nie. Dit kan slegs gedoen word deur wetgewing te implementeer wat daarna strewe om aanvaarbare vlakke van risiko in die werkplek te verminder of te verhoed.

Artikel 60(1) van die Skolewet dui ook daarop dat die Staat verantwoordelik sal wees vir enige skade of verlies wat mag voortspruit as gevolg van ’n daad of late in verband met enige skoolaktiwiteit by ’n openbare skool. Die aanspreeklikheid van die Staat as reguleerder word bevestig deur Joubert (2009:193) in die hofsaak *MEC for Education v Strauss* 2007 SCA 155 (RSA). Die hofsaak spruit voort uit die feit dat ’n opvoeder wat deur die beheerliggaam van ’n openbare skool aangestel is, ernstig beseer is in die uitvoering van haar pligte tydens opvoedkundige aktiwiteite as gevolg van die beweerde nalatigheid van die skool. Die opvoeder het ’n eis vir skadevergoeding teen die Lid van die Uitvoerende Raad van Onderwys ingestel vir ’n besering wat plaasgevind het terwyl sy leerders afgerig het in skyfwerp. Regter Van Zyl het uitspraak gelewer in die guns van die opvoeder en gesê dat die Lid van die Uitvoerende Raad van Onderwys aanspreeklik gehou word vir die skade wat die opvoeder gely het. Rossouw (2008:19) beveel daarom aan dat beheerliggame ’n regskenner as ’n lid of adviseur moet insluit om hulself te beskerm en ook om ’n regverdige dienskontrak met opvoeders wat deur die beheerliggaam aangestel word, te sluit.

’n Kontrak is daarom bindend op beide partye (Rossouw, 2008:22). Indien ’n party versuim om sy/haar kontrakturele verpligtinge na te kom, sou dit tot kontrakbreuk lei (Prinsloo, 2009:199). Squelch (2005:18) beskou kontrakbreuk as onregmatige optrede tussen twee partye in ’n werksverhouding en dat die skuldige party aanspreeklik gehou kan word vir skade wat uit die optrede mag voortspruit. Finnemore (2006:164) wys op die gevolge van kontrakbreuk en wat tot die volgende remedies kan lei:

- *skade – ’n monetêre toekenning kan geëis word;*
- *spesifieke optrede – die partye kan beveel word om hulle kontrakturele verpligtinge na te kom;*
- *die kontrak kan gekanselleer word as gevolg van die breuk;*
- *’n interdik kan vanaf die hof aangevra word;*
- *in sekere gevalle, waar bevind word dat die dienskontrak wetlike bepalings oortree het, kan kriminele sanksies ingedien word.*

Sulke remedies mag of op die werkgewer of op die werknemer afgedwing word, maar volgens Finnemore (2006:164) is dit gewoonlik makliker om sekere bevele op die werkgewer af te dwing.

In die lig van die bindende aard van die dienskontrak, waarsku Rossouw (2008:26) dat beide die werkgewer en die werknemer versigtig moet wees in die opstel en ondertekening van ’n dienskontrak. Veral opvoeders wat deur beheerliggame aangestel word, moet waak teen die gemeenregtelike beginsel van alle kontrakte naamlik: *caveat subscriptor,* wat beteken “hy wat teken, wees gewaarsku” (Rossouw, 2008:26).

### *2.3.5 Die deliktereg*

Die gemeneregbeginsel om veilige werksomstandighede te voorsien, spruit voort uit die onveilige toestande waaraan werkers vroeër jare blootgestel was (Grogan, 2009:2). Hierdie onveilige toestande het gelei tot die uitvaardiging van wetgewing om verhoudings in die werkplek te reguleer.

Een van die drie basiese pligte van enige werkgewer is volgens Grogan (2009:53) om redelike veilige en gesonde werkstoestande aan sy werknemers te voorsien. Die moontlike aanspreeklikheid van werkgewers wat versuim om ’n veilige werksomgewing te voorsien, sal in die volgende paragrawe ondersoek word.

#### 2.3.5.1 Aanspreeklikheid

Die deliktereg is gebaseer op gemeneregbeginsels en val in Suid-Afrika binne die veld van die privaatreg (Rossouw, 2004:49). In lande soos die VSA en Australië word na hierdie doktrine verwys as *tort law* (Schouwstra, 2009:52).

Deliktuele aanspreeklikheid word deur Neethling *et al.* (2010:4) gedefinieer as *"the act of a person which in a wrongful and culpable way causes harm to another person"*. 'n Delik kan ook beskryf word as 'n siviele onreg (*delictum privatum*) waarvoor skadevergoeding toegeken kan word, in teenstelling met 'n kriminele onreg (*delictum publicum crimen*) waar 'n boete of tronkstraf opgelê kan word (Schouwstra, 2009:52-53).

Die deliktereg maak dus voorsiening vir 'n individu om vergoeding te eis van 'n persoon wat skade aan hom veroorsaak het (Rossouw, 2004:49). Deliktuele aanspreeklikheid dui daarop dat daar 'n vrywillige handeling deur 'n persoon uitgevoer moet word (Schouwstra, 2009:53). Rossouw (2004:50) bevestig dit dat, wanneer nalatigheid ter sprake kom, die handeling wat die nadeel tot gevolg gehad het, 'n vrywillige menslike handeling moet wees. Botha en Oosthuizen (2005:87-88) wys daarop dat die Suid-Afrikaanse reg twee belangrike konsepte as basis gebruik om regsaanspreeklikheid of nie-aanspreekilkheid te bepaal, te wete: aanspreeklikheid vir skade en voorkoming van skade.

"Die skade rus waar dit val" is die basiese vertrekpunt van die Suid-Afrikaanse regstelsel ten einde aanspreeklikheid vir skade te bepaal (Botha & Oosthuizen, 2005:87). Dit dui daarop dat die persoon wat skade ly, normaalweg self die gevolge daarvan moet dra. 'n Persoon wat onregmatig en uit nalatigheid of met opset skade aan 'n ander veroorsaak, moet egter regsaanspreeklikheid vir die skade aanvaar (Botha & Oosthuizen, 2005:87). So 'n persoon kan volgens die outeurs aanspreeklik gehou word om skadevergoeding te betaal aan die persoon wat nadeel gely het as gevolg van sy nalatige of opsetlike optrede.

Ten einde deliktuele aanspreeklikheid daar te stel, moet die vyf fundamentele elemente bewys word, naamlik handeling, onregmatigheid van die handeling, skuld,

kousaliteit en nadeel (skade) (Rossouw, 2004:49; Botha, Smit & Oosthuizen, 2009:188; Oosthuizen & De Wet, 2004:68-69). Vir die doel van hierdie studie word handeling, onregmatigheid en skuld as van spesifieke belang beskou en kortliks bespreek.

- Handeling

Om deliktueel aanspreeklik te wees, moet daar 'n vrywillige menslike handeling uitgevoer word (Oosthuizen & De Wet, 2004:68). Dit beteken dat geen persoon verantwoordelik gehou kan word vir onvoorsiene "*acts of God*" (byvoorbeeld weerlig) nie, asook waar 'n persoon 'n handeling buite sy wil uitgevoer het (Rossouw, 2004: 50). Die aanspreeklikheidsvereiste gegrond op handeling moet dus 'n skadeveroorsakende aksie insluit wat deur 'n persoon gedoen is, maar dit kan ook iets wees wat 'n persoon nagelaat het om te doen ('n late).

- Onregmatigheid

Neethling *et al.* (2010:35) beskou 'n handeling as onregmatig as dit nadeel (skade) aan 'n ander persoon veroorsaak of as dit die subjektiewe regte (regserkende regte) van 'n ander persoon skend. Dit kan ook voortspruit uit die nie-nakoming van 'n regsplig. Nie alle nadeel of skending van 'n persoon se regte word volgens Botha en Oosthuizen (2005:89) noodwendig as onregmatig bestempel nie. In die uitoefening van dissipline sal die opvoeder sekere tugmaatreëls beoefen wat die leerder benadeel, maar nie noodwendig op onregmatige wyse nie (Botha & Oosthuizen, 2005:89). Die outeurs verdedig hierdie stelling deur te verwys na die outoriteitsposisie van die opvoeder om dissipline toe te pas en wat as grond vir regverdiging vir sy optrede kan dien.

Die versuim om behoorlike beheer oor byvoorbeeld gevaarlike voorwerpe of chemikalieë uit te oefen, 'n late op grond waarvan 'n leerder 'n besering opdoen, sou volgens genoemde outeurs as 'n onregmatige daad kwalifiseer, omdat die leerder as gevolg van die versuim nadeel ly. Die opvoeder se versuim van sy regsplig, naamlik die nadeel wat die leerder ly, kan daartoe lei dat hy deliktueel aanspreeklik gehou kan word (Botha & Oosthuizen, 2005:89). Oosthuizen en De Wet (2004:68) beklemtoon ook die opvoeder se regsplig om toe te sien na die welsyn van die

leerder wat voortspruit uit die gesagsposisie van die opvoeder, te wete sy *in loco parentis*-posisie. Die beskerming van die welsyn van opvoeders is volgens Rutherford (2009:22) egter net so belangrik soos dié van leerders. Artikel 12(1)(c) van die Grondwet beskerm werknemers se reg om vry te wees van alle vorme van geweld, so ook artikel 24(a) wat bepaal dat elkeen die reg het op ’n veilige omgewing wat nie skadelik is vir hul gesondheid en welsyn nie.

Die fundamentele vraag ten opsigte van die beoefening van ’n regsplig word volgens Botha en Oosthuizen (2005:90) ten beste beantwoord deur sekere vasgestelde riglyne in die onderwyskonteks, naamlik:

- *die regsplig om op te tree;*
- *die daarstelling van ’n bron van potensiële gevaar;*
- *die beheer van ’n gevaarlike voorwerp; en*
- *die spesiale verhouding tussen die betrokke partye.*

Botha en Oosthuizen (2005:90) verwys na laasgenoemde riglyn as die sorgsaamheidsplig wat bestaan deur die spesiale verhouding tussen die partye, byvoorbeeld die spesiale verhouding wat daar tussen die werkgewer en die werknemer bestaan. Grogan (2009:53) en Rossouw (2004:18) ondersteun voorgenoemde stelling in hulle verwysing na die regsplig van werkgewers om veilige en gesonde werksomstandighede te voorsien, asook die nakoming van ander statutêre pligte soos uiteengesit in die dienskontrak. Die Departement Basiese Onderwys as orgaan van die Staat en die werkgewer van opvoeders het ’n statutêre plig om toe te sien dat opvoeders in veilige omstandighede werk sodat hulle nie fisiese en psigologiese leed sal ervaar nie. Shaba *et al.* (2003:15) stel dit egter dat provinsiale onderwysdepartemente misluk in hul pogings om veiligheidsmaatreëls by skole te voorsien. Hierdie stelling rakende die wyse waarin die sekuriteit van opvoeders in skole bedreig word, word ondersteun deur Oosthuizen *et al.* (2004:4-5) Eliseev *et al.* (2008:1) en Keppler (2009:4).

- Skuld

Volgens Neethling *et al.* (2010:133) hou skuld verband met die verwytbare optrede of gesindheid van ’n persoon wat onregmatig handel. Soos die voorafgaande fundamentele elemente word skuld, volgens Botha en Oosthuizen (2005:92), in die Suid-Afrikaanse regstelsel as ’n voorvereiste vir deliktuele aanspreeklikheid beskou. Volgens Botha en Oosthuizen (2005:92) en Oosthuizen en De Wet (2004:69) het skuld twee verskyningsvorme, naamlik opset (waar die oortreder doelbewus die persoon benadeel) of nalatigheid (die onvoldoende gedrag of optrede wat nadeel kan veroorsaak).

Die meerderheid deliktuele eise word in die skoolopset gebaseer op grond van nalatigheid en nie op grond van opset nie (Botha & Oosthuizen, 2005:92). Waar ’n regsplig bestaan, is enige gedrag nalatig as dit benede die verwagte standaard van sorg is (Schouwstra, 2009:56). Of die verwagte standaard bereik is, word die redelike persoon-toets aangewend. In die onderwyskonteks sal die vraag om nalatigheid te bepaal dus wees of die betrokke opvoeder soos die redelike opvoeder gehandel het. Daar word dus bepaal of die redelike opvoeder die skade of besering aan ’n leerder sou kon voorsien (die voorsienbaarheidselement) en of die redelike opvoeder sodanige voorsienbare skade sou kon voorkom (die voorkombaarheidselement).

### *2.4 Samevatting*

In hoofstuk 2 is daar deur middel van verskillende regsbronne, te wete statute, met insluiting van onderwys- en arbeidswetgewing, die gemene reg en ook regspraak gefokus om die sekuriteit van opvoeders in hulle werksplek te bepaal. Die oorsig van die verskillende regsdeterminante dui daarop dat daar voldoende wetgewing ten opsigte van veiligheid en sekuriteit bestaan waarmee persone in die onderwys hulle mee kan vereenselwig.

Die fokus in hoofstuk 3 is om die navorsingsontwerp vanuit ’n kwalitatief-interpretivistiese metode van navorsing te benader. Die doel is om vas te stel hoedat die deelnemers wat aan die empiriese ondersoek gaan deelneem, hulle sekuriteit in

die werksplek te midde van die ernstige wangedrag van die leerders beleef. Daarna sal 'n analise van die empiriese data gedoen word om die werklike belewenis van veiligheid en sekuriteit van die deelnemers te bepaal.

# 3 HOOFSTUK 3: NAVORSINGSONTWERP EN DATA-ANALISE

## *3.1 Inleiding*

Die navorsingsontwerp wat in hierdie hoofstuk aandag kry, het ten doel om die persepsies vas te stel van die deelnemers aan die ondersoek rakende hulle sekuriteit in die skole te midde van die ernstige wangedrag van sekere leerders. Die hoofstuk sluit af met 'n analise van die empiriese data om die belewenis van veiligheid en sekuriteit van die opvoeders te bepaal.

## *3.2 Filosofiese uitgangspunt: die interpretivisme*

In par. 1.7.2 is reeds genoem dat interpretivisme die betekenis veronderstel wat individue of gemeenskappe aan ondervindinge heg (Maree, 2007:21). 'n Intersubjektiewe betekenis is noodsaaklik om begrip (verstaan) en betekenis, ook interpretasie, aan ondervindinge te heg. Volgens Weber (in Blaxter *et al.*, 2010:61) vorm verstaan (Duits: *verstehen*) en verduidelik (Duits: *erklaren*) die basis vir oorsaaklike verduidelikings. Die navorser beoog om deur middel van hierdie studie te verstaan hoe opvoeders, te midde van ernstige leerderwangedrag, hul sekuriteit beleef.

Maree (2007:59) stel dit dat die navorser hom/haarself in die deelnemer se situasie (*"horizon"*) moet plaas ten einde die ondervinding van die deelnemer te interpreteer (dus om die deelnemer se ondervinding van die verskynsel te interpreteer). Dit is noodsaaklik vir hierdie studie om 'n geheelbeeld van die verskynsel van opvoedersekuriteit te verkry, ten einde spesifieke dele daarvan te verstaan, en andersom.

Interpretiviste se sienings is op enkele veronderstellings gebaseer (Maree, 2007:59), waarvan die eerste is dat die mens slegs vanuit die innerlike verstaan kan word. Interpretiviste fokus hiervolgens op die subjektiewe ondervinding van hoe persone hulle sosiale wêreld beleef deur middel van die betekenis wat hulle daaraan heg, asook hoe hulle hulself met die ondervinding vereenselwig. Onderhoude sal as navorsingstegniek in hierdie studie gebruik word om deur middel van interaksie met

die deelnemers binne hulle sosiale omgewing (Maree, 2007:59) hulle ervaring van opvoedersekuriteit te interpreteer.

Die tweede veronderstelling waarop interpretiviste hul sienings baseer, is dat sosiale lewe by uitstek ’n menslike produk is. Interpretiviste veronderstel hiervolgens dat die werklikheid sosiaal gestruktureerd is. Die onderliggende veronderstelling is dat deur persone in hulle sosiale (natuurlike) omgewing te plaas, kan die navorser ’n beter perspektief van die deelnemer se siening vorm (dus die navorser se interpretasie van die verskynsel wat ondersoek word deur middel van die deelnemer se ervaring).

Die navorser beoog om op hierdie interpretivistiese basis voort te bou in haar ondersoek na die rol van ernstige leerderwangedrag in die sekuriteitsbelewing van opvoeders.

Maree (2007:60) noem die enkele spesifieke voordele van die interpretivistiese metode wat vir hierdie studie van belang is. Die interpretivistiese benadering beoog eerstens om dieper insig van die verskynsel, soos ervaar deur ’n betrokke groep of persone, te verkry. Verder word die beleefde ervarings van die deelnemers in besonderhede beskryf. Die navorser word deur hierdie beleefde ervaring van die deelnemer ’n instrument in die navorsingsproses.

Een nadeel van hierdie benadering is volgens Maree (2007:60) dat bevindinge nie veralgemeen kan word nie, omdat elke deelnemer sy/haar eie ervaring van die verskynsel beleef en interpreteer. Dit sal nie noodwendig deur ander deelnemers in soortgelyke omgewings dieselfde ervaar word nie.

### *3.3 Kwalitatiewe en kwantitatiewe benaderings*

In par. 1.7.3.1 is daar reeds aangedui dat hierdie studie volgens die kwalitatiewe metode benader sal word. Ter motivering van hierdie keuse, word ’n kort teoretiese vergelyking tussen die kenmerke, voor- en nadele van die kwalitatiewe en kwantitatiewe benaderings hier aangebied.

Kwalitatiewe navorsers fokus in hul studies op hoe individue (deelnemers) betekenis verleen aan hul lewens en ondervindings in hul natuurlike omgewings (Anderson &

Arsenault, 1998:119; Best & Khan, 2003:241 en Leedy & Omrod, 2005:133). Volgens McMillan (2004:9) is hierdie fokus gebaseer op verbale beskrywings en waarnemings eerder as op syfers of getalle. Hy meen ook dat kwalitatiewe navorsing, in teenstelling met kwantitatiewe navorsing, in natuurlike situasies plaasvind waar die navorser die gedrag en omgewing van die deelnemers kan beheer en manipuleer. McMillan en Schumacher (2006:13) stel dit dat kwalitatiewe navorsers ’n interaktiewe rol beklee in hul ondersoek deur middel van observasies (waarnemings) en onderhoude met deelnemers. In hul interaksie met die deelnemers, word die navorser self ’n instrument deur middel van die strategieë wat hulle gebruik om data te bekom (Henning, 2004:7).

Kwantitatiewe navorsing, daarenteen, behels die toepassing of gebruik van nie-eksperimentele en eksperimentele ontwerpe. Volgens McMillan (2004:9) het die navorser in ’n nie-eksperimentele ontwerp geen direkte invloed op die deelnemers of situasies nie, omdat handeling alreeds plaasgevind het of andersins nie deur die navorser beïnvloed kan word nie. In ’n eksperimentele ondersoek, aan die ander kant, het die navorser beheer oor een of meer veranderlikes (faktore) in die studie wat die gedrag van die deelnemers mag beïnvloed. Die navorser kan dus die veranderlike manipuleer om die uitkoms van die deelnemers se handelinge waar te neem of te meet.

In sy vergelyking van die kwalitatiewe en kwantitatiewe metodes meen Berg (2007:3) dat kwalitatiewe navorsing verwys na die betekenis, begrip, definisies, eienskappe, simbole en beskrywings van verskynsels, terwyl kwantitatiewe navorsing na die meet en tel van verskynsels verwys. Opsommend beskryf McMillan (2004) die twee navorsingsmetodes met hul eie ontwerpe soos volg: Kwalitatiewe navorsing behels verhalende beskrywings van verskynsels wat begrip bevorder. Kwantitatiewe navorsing beskryf verskynsels in terme van hoeveelheid (getalle) om spesifieke vrae of hipoteses te beantwoord.

Kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing verskil volgens McMillan en Schumacher (2006:19) in terme van hul sieninge van die wêreld (omgewings), doel, metodes en prosesse asook hul navorsingsrolle. Die twee metodes verskil ook ten opsigte van

die fisiese, gedrags- en sosiale omgewings. Leedy en Ormrod (2005:94-96) onderskei die verskil in eienskappe soos volg:

Tabel 3.1 Eienskappe van die kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingsmetodes

| **Doel van navorsing** | |
|---|---|
| Kwantitatief | Kwalitatief |
| Verduidelik en voorspel verhoudings tussen veranderlikes. Bevestig ook die geldigheid van verhoudings om teorie te toets d.m.v. hipotese. | Beskryf en verduidelik verskynsels d.m.v. waarnemings om teorie te bou. |
| **Aard van navorsing** | |
| Kwantitatief | Kwalitatief |
| Navorser fokus op bekende veranderlikes, gevestigde riglyne en voorafbepaalde metodes in 'n konteksvrye omgewing. | Navorser vorm 'n geheelbeeld uit onbekende veranderlikes met buigsame riglyne. Persoonlike sieninge word verkry in 'n konteksgebonde omgewing. |
| **Insameling van data** | |
| Kwantitatief | Kwalitatief |
| Gestandaardiseerde instrumente byvoorbeeld vraelyste word gebruik om data in te samel uit 'n verteenwoordigende groot populasie. Data word numeries aangedui. | Deelnemers uit 'n klein populasie verskaf data d.m.v. onderhoude, observasies en dokumente. Data word in woorde omskryf. |

Die kwalitatiewe metode van navorsing is die mees gepaste metode om in hierdie studie te gebruik. Die metode bied aan die deelnemers die geleentheid om vanuit hulle eie belewenisse hul onsekerhede in die werksplek te beskryf. Sodoende kan 'n geheelbeeld verkry word van die onsekerheid en gebrek aan sekuriteit van opvoeders ten opsigte van die wangedrag van die leerders.

### 3.4 Die navorser as navorsingsinstrument

In hul interaksie met die deelnemers, word die navorser volgens Babbie en Mouton (2007:273) self die primêre navorsingsinstrument. Deur middel van onderhoude sal die navorser data bekom om die deelnemers se beleefde ervarings van die verskynsel in ondersoek, naamlik opvoedersekuriteit, beter te verstaan. Die rol van

die navorser in hierdie studie sal, soos Baily (2007:53) dit stel, wees om vanuit ’n interpretivistiese benadering belang te stel in die betekenis, idees en gevoelens wat die deelnemers aan gebeurtenisse en aktiwiteite in hulle omgewings (skole) heg. Die navorser sal daarom die instrument word waardeur die deelnemers in individuele en groepsonderhoude hulle belewenis van leerders se wangedrag op hul sekuriteit deel. Baily (2007:53) stel dit verder dat die navorser sodoende empatiese begrip toon van die deelnemers se dag-tot-dag-ervarings van leerderwangedrag op hulle sekuriteit in die werkplek.

Die navorser is self ’n opvoeder en bewus van die gedragsprobleme wat leerders in skole openbaar. Nieuwenhuys (2007:60) noem dat die invloed van voorkennis nie ontken moet word nie. Die navorser behoort ook volgens Rossouw (2010:107) subjektiwiteit in die verstaan van deelnemers se gevoel van sekuriteit te erken en verklaar. Die navorser onderneem hiermee om subjektiwiteit tydens onderhoude te verklaar en om slegs as ’n instrument te dien waardeur die deelnemers hulle interpretasie van opvoedersekuriteit kan uitdruk.

### *3.4 Deelnemers*

Die seleksie van die deelnemers word in hierdie paragraaf en in tabel 3.2 uiteengesit. Die deelnemers by skole A, B en C gaan volgens hierdie seleksie aan individuele semi-gestruktureerde onderhoude deelneem en dié by skool D as ’n groep.

In par. 1.7.3.3 is reeds genoem dat Best en Khan (2003:12) ’n populasie as enige groep óf individue met een of meer gemeenskaplike eienskappe wat die navorser interesseer, verklaar. Die mate van sekuriteit wat opvoeders in skole ervaar, is die verskynsel wat die navorser in hierdie studie interesseer. Best en Khan (2003:12) verwys na ‘’n steekproef as ’n kleiner groep van ’n populasie wat gekies word vir waarneming en analisering. Die navorser se fokus gaan gerig word op opvoeders in die Dr. Ruth Segomotsi Mompati distrik (Dr. R.S.Mompati-distrik) in die Noordwes-provinsie in Suid-Afrika vir deelname aan en analisering van die data wat bekom gaan word uit onderhoude.

Babbie en Mouton (2007:288) koppel ’n populasie vir kwalitatiewe navorsing volgens die interpretivistiese paradigma aan doelgerigtheid. Die samestelling van die populasie is doelgerig só gekies om skole in verskillende bedieningsgebiede in te sluit, naamlik skole in gegoede sowel as minder gegoede gebiede. Die etnisiteit, kulture, range, geslag en ervarings van die deelnemers is ook in ag geneem word. Die navorser se idee is om dieper insig te verkry van die saamgestelde populasie se beleefde ervaring van opvoedersekuriteit in hul verskillende werksomgewings. Die hoof van dissipline van die Beheerliggaam gaan by skool B en skool D ingesluit word om uitvoering te verleen aan doelwit drie van hierdie studie, naamlik om die rol van die beheerliggaam, die Staat en die ouers in die sekuriteit van die opvoeders te bepaal, met spesifieke verwysing na leerderwangedrag.

Tabel 3.2 is ’n illustrasie van die seleksie van deelnemers wat aan die onderhoude gaan deelneem.

Tabel 3.2 Seleksie van deelnemers

| SKOOL | SAMESTELLING | DEELNEMERS | RANG | GESLAG | ERVARING |
|---|---|---|---|---|---|
| A | Sekondêr<br>(Gr. 8 - 12) | Skoolhoof<br>Opvoeder | PL 4<br>PL 1 | V<br>M | Ervare<br>Minder ervare |
| B | Sekondêr<br>(Gr. 8 - 12) | Lid van BL (Hoof van dissipline)<br>Departementshoof | -<br>PL 2 | M<br>V | -<br>Ervare |
| C | Primêr<br>(Gr. 1 - 7) | Opvoeder<br>Adjunkhoof | PL 1<br>PL 3 | V<br>M | Minder ervare<br>Ervare |
| D | Gekombineerd<br>(Gr 1 - 12) | Skoolhoof<br>Lid van BL lid (Hoof van dissipline)<br>Opvoeder (Grondslagfase)<br>Opvoeder (Intermediêre Fase)<br>Departementshoof (Senior Fase) | PL 4<br>-<br>PL 1<br>PL 1<br>PL 2 | M<br>M<br>V<br>M<br>V | Ervare<br>-<br>Minder ervare<br>Ervare<br>Ervare |

### *3.5 Data-insameling*

Warren (2002:86) skryf dat die oorspronklike betekenis van die Griekse woord “metode” beteken: “*a route that leads to a goal*”. Soos reeds genoem in par. 1.7.3.2,

identifiseer Merriam (2002:12) drie hoofmetodes van data-insameling, naamlik onderhoude, observasies en dokument-analise. Die keuse van die metode van data-insameling in hierdie studie is daarop gemik om deur middel van individuele en groeponderhoude, asook dokument-analise, die roete na die bereiking van die gestelde doelwitte soos uiteengesit in par. 1.6 te volg. Die tegnieke van data-insameling vir hierdie studie sal vervolgens bespreek word.

### *3.5.1 Onderhoude*

Kwalitatiewe onderhoudsvoering word gekenmerk deur gesprekvoering met die klem op die navorser wat vrae vra en die deelnemer wat antwoord (Warren, 2002:83). Die doel van kwalitatiewe onderhoude is volgens die outeur om interpretasies, en nie feite nie, deur middel van gesprek met die deelnemers uit te lok. Dit is daarop gemik om die betekenis wat deelnemers aan ervarings in hulle werklike omgewings beleef, te verstaan.

In hierdie studie word beoog om die beleefde ervarings van opvoeders ten opsigte van hulle sekuriteit in hul werksomgewing deur middel van onderhoude te verstaan.

#### 3.5.1.1 Individuele onderhoude

Semi-gestruktureerde onderhoude is ’n vorm van data-insameling wat algemeen deur navorsers gebruik word. De Vos, *et al.* (2005:296) noem dat semi-gestruktureerde onderhoude ’n geheelbeeld van die deelnemers se oortuigings oor, of persepsies van ’n spesifieke onderwerp na vore bring. In teenstelling met gestruktureerde onderhoude waar die vrae in dieselfde volgorde gevra word, laat semi-gestruktureerde onderhoude meer buigsaamheid toe. In semi-gestruktureerde onderhoude gebruik die navorser ’n onderhoudskedule met ’n stel vooraf opgestelde vrae om die onderhoude te lei. Die navorser is in staat om, soos De Vos *et al.* (2005:296) dit stel, spesifieke interessante nuwe rigtings wat in die onderhoude mag ontwikkel op te volg, terwyl die deelnemer ’n volledige beeld van sy/haar ervaring kan skets. Patton (2002:343) noem dat in semi-gestruktureerde onderhoude aansluiting gevind word by individuele verskille en dit verleen ook ruimte vir spontaneïteit van deelnemers. Die navorser beoog om deur middel van semi-gestruktureerde

individuele onderhoude die deelnemers te lei om hul gevoel van sekuriteit in hul werksplek te skets.

#### 3.5.1.2 Groeponderhoude

Groeponderhoude is die proses om data in te samel deur onderhoude met 'n groep deelnemers te voer (Creswell, 2012:218). Hierdie strategie is volgens Maree (2007:90) gebaseer op die veronderstelling dat groepinteraksie response kan uitlok en vergete ervarings kan aktiveer. In groeponderhoude word gedeelde begrip van verskeie individue verkry. Die deelnemers kan ook op mekaar se idees bou om 'n diepgaande begrip van die verskynsel te verskaf wat nie in individuele onderhoude bekom word nie (Maree, 2007:90).

Creswell (2012:218) noem dat groeponderhoude voordelig kan wees, veral wanneer die interaksie tussen deelnemers die beste inligting kan uitbring en ook wanneer deelnemers dieselfde siening deel en oor die kapasiteit beskik om gekonsentreerd (Hatch, 2002:132) in 'n groep kan bydra tot die fenomeen wat ondersoek word. De Vos *et al*. (2005:301; 312) noem die feit dat deelnemers in groepe vryer voel om deel te neem aan besprekings en dat hulle ook makliker oor hul eie ondervindinge kan praat as nog 'n voordeel. 'n Nadeel verbonde aan groeponderhoude is volgens Hatch (2002:132) die feit dat nie alle deelnemers gemaklik en beskermend voel om in 'n groep te praat nie. Potensiële oorheersing deur enkele deelnemers kan ook nadelig wees vir die onderhoudsproses, omdat die ander deelnemers waardevolle inligting mag verswyg.

Individuele onderhoude gaan met groeponderhoude opgevolg word om 'n breër perspektief en 'n diepgaande begrip van die effek wat leerderwangedrag op die sekuriteit van opvoeders het, te verkry. Die navorser beoog om deur middel van die groeponderhoud 'n groot hoeveelheid inligting in te samel deur die spontane uitruiling van idees en gedagtes van die deelnemers van die verskynsel onder bespreking, naamlik die sekuriteit wat opvoeders ervaar te midde van ernstige wangedrag van leerders.

Benewens onderhoude gaan die analise van dokumente, naamlik die gedragskodes vir leerders by skole wat, tot triangulering in hierdie studie sal lei, vervolgens bespreek word.

### *3.6 Dokument-analise*

In par. 1.7.3 is genoem dat alle of feitlik alle navorsingsprojekte volgens Blaxter, Hughes en Tight (2010:186) in ’n mindere of meerdere mate die gebruik en analise van dokumente insluit omdat daar van die navorser verwag word om die skrywe van ander persone te lees, te verstaan en krities te analiseer. Janesick (2010:94-97) reken dat onderhoude saam met die analise van dokumente goeie begrip kan bevorder. Merriam (2002:13) noem ’n voordeel verbonde aan dokumente is dat dit alreeds bestaan en redelik maklik bekombaar is. In dokument-analise word daar grootliks gebruik gemaak van sekondêre data omdat die data alreeds versamel en verwerk is deur ander persone. Reeds verwerkte data kan volgens Blaxter, Hughes en Tight (2010:186) as besonder waardevolle en kostelose bronne beskou word.

Blaxter, Hughes en Tight (2010:186) dui aan dat die gebruik van dokumente

- biblioteek-gebaseerd kan wees, dus daarop gerig om ’n kritiese samevatting van bestaande navorsingsliteratuur te lewer;
- rekenaar-gebaseerd kan wees, dit wil sê dit bestaan grootliks uit die analise van voorheen verwerkte data;
- ’n beleid-gebaseerde fokus hê, wat die ondersoek van materiaal wat relevant is tot ’n spesifieke stel beleidsbesluite insluit; of
- dit kan histories georiënteerd wees, dit wil sê beskikbare geargiveerde dokumentasie insluit.

Vir die doel van hierdie studie sal die fokus op beleid-gebaseerde dokumente, naamlik gedragkodes vir leerders, geplaas word. Die Skolewet 84 van 1996 beveel volgens Item 7.5 in die Riglyne vir die Oorweging deur Beheerliggame in die opstel van ’n Gedragskode vir Leerders aan dat ’n gepaste gedragskode opgestel word wat die gedrag van leerders in openbare skole deur middel van beleid reguleer.

Dokument-analise is relevant vir hierdie studie omdat die gedragskodes van skole waar deelnemers werk, direk verband hou met wangedrag van leerders. Dit sluit aan by die derde doelwit, naamlik die rol van die beheerliggaam, die Staat en die ouers in die sekuriteit van opvoeders (vergelyk par. 1.6). Gedragskodes dokumenteer en reflekteer die beheerliggaam en ouers se bydrae tot die bekamping van leerderwangedrag in die skool. Die analise van die gedragskode, tesame met insigte verkry uit onderhoude, sal 'n dieper verstaan van opvoeders se belewenis van hulle sekuriteit teweegbring. Dokument-analise dien dus in hierdie studie as 'n aanvullende navorsingstrategie (Bowen, 2009:30), wat ter triangulering kan lei tot die volle verstaan van die fenomeen wat ondersoek word, naamlik die sekuriteit wat opvoeders in skole beleef te midde van ernstige wangedrag van leerders. Die gedragskodes van die vier skole waar deelnemers werk, sal ontleed word.

'n Kort oorsig van die metodes van data-insameling en hoe dit in hierdie studie gebruik is, word in tabel 3.3 uiteengesit.

Tabel 3.3: Oorsig van metodes van data-insameling

| **Metode** | **Algemene doel** | **Voordeel** | **Uitdagings** | **Doel in hierdie studie** |
|---|---|---|---|---|
| Onderhoude | Om die indrukke en ondervindings van deelnemers te verstaan en meer te wil weet oor hul antwoorde op vrae. | Diepgaande inligting word verkry.<br>’n Verhouding word ontwikkel tussen navorser en deelnemer. | Kan baie tyd in beslag neem.<br>Kan moeilik wees om te analiseer en te vergelyk.<br>Kan kosteverbonde wees.<br>Die navorser kan bevooroordeeld wees teenoor deelnemers se response. | Om ’n diepgaande verstaan (begrip) te verkry van deelnemers se belewenis van die effek wat ernstige leerderwangedrag op die sekuriteit van opvoeders het. |
| Groeponderhoude | Om ’n diepgaande gesprek oor ’n  gemeenskaplike onderwerp in ’n groep te voer. | Algemene en betroubare indrukke kan vinnig verkry word.<br>’n Effektiewe manier om waardevolle informasie in ’n kort tyd in te samel.<br>Kan sleutelinformasie oor ’n onderwerp uitbring. | Kan moeilik wees om response te analiseer.<br>Benodig goeie fasilitering.<br>Kan moeilik wees om ’n groter groep deelnemers bymekaar te bring vir ’n onderhoud. | Om in groepsverband ’n breër perspektief en ’n diepgaande begrip van die effek wat leerderwangedrag op die sekuriteit van opvoeders het, te verkry.<br>Om waardevolle data van die verskynsel van opvoedersekuriteit in te samel deur die spontane uitruiling van idees en gedagtes van die deelnemers in die groep. |
| Dokument-analise | Wanneer indrukke bekom wil word oor hoe ’n program verloop sonder om dit te onderbreek. | Historiese informasie kan bekom word.<br>Programme en roetine word nie onderbreek nie.<br>Die inligting bestaan reeds.<br>Geringe vooroordeel oor die inligting. | Kan soms baie tyd in beslag neem.<br>Inligting is soms nie volledig nie.<br>Data is nie buigbaar nie omdat dit alreeds bestaan. | Die gedragskodes van skole hou direk verband met wangedrag van leerders. Gedragskodes dokumenteer en reflekteer die beheerliggaam en ouers se bydrae tot die bekamping van leerderwangedrag in die skool.<br>Die analise van die gedragskodes, tesame met insigte verkry uit onderhoude, sal ’n dieper verstaan van opvoeders se belewenis van sekuriteit teweegbring. |

Aangepas uit Mertens (2010:352)

### *3.7 Data-analise*

Nieuwenhuys (2007:99) noem dat kwalitatiewe data-analise gebaseer is op die interpretivistiese filosofie wat daarop gemik is om kwalitatiewe data betekenisvol te ontleed. Mertler en Charles (2011:200) beskryf kwalitatiewe data-analise as ’n induktiewe proses van analise. Induksie in hierdie studie is daarop gemik om ’n holistiese perspektief te verkry van hoe opvoeders die effek wat ernstige wangedrag van leerders op hulle sekuriteit het, beleef. Die analise-proses sal nie net die data behels nie, maar ook die spesifieke omgewing, die deelnemers of enigiets wat kan bydra tot die uniekheid van die verskynsel van opvoedersekuriteit, insluit. In hierdie studie gaan die navorser dit wat sy tydens die onderhoude waarneem (sien) en hoor in woorde, temas en patrone opsom om te verstaan en interpreteer soos wat die data ontvou. Nieuwenhuys (2007:100) stel dit dat die doel met kwalitatiewe data-analise altyd in gedagte gehou moet word, naamlik om betekenisvol te interpreteer wat in die data voorkom en om nie, soos in ’n kwantitatiewe analise, numeries te meet nie.

Die navorser gaan deur middel van induktiewe data-analise die volume data wat ingesamel is, verminder. Dit gaan, soos genoem deur Mertler en Charles (2011:200), gedoen word deur die data te identifiseer en te organiseer in patrone en temas wat sal help om ’n raamwerk vir sleutelbevindinge te skep. Die data sal sistematies georganiseer word wat volgens Parsons en Brown (Mertler en Charles, 2011:200) sal bydra tot die verstaan van data wat ingesamel is tydens onderhoude met die deelnemers, asook die ontleding van dokumente, naamlik die gedragskodes van skole. Die hoeveelheid data wat ingesamel is deur onderhoudtranskripsies, waarnemingsnotas en die dokumente (gedragskodes) wat versamel is, gaan aansienlik verminder word om ’n diepgaande begrip van die deelnemers se ervaring van sekuriteit te verkry. Die navorser gaan dit doen deur ’n koderingstelsel te gebruik om data met dieselfde tipe inligting te groepeer en kategoriseer (Mertler en Charles, 2011:201). Die patrone en temas wat in die notas en dokumente voorkom, gaan daartoe lei dat kategorieë ontwikkel waaraan kodes gekoppel sal word. Hierdie kategorieë ontwikkel volgens Mertler en Charles (2011:201) uit woorde of frases wat

herhaaldelik in die data voorkom. Verskillende kleure sal gebruik word om die kategorieë wat in hierdie studie ontwikkel, te merk. (vergelyk Addendum E - voorbeeld van kleurkodering.) Die literatuur maak voorsiening vir moontlike kategorieë (byvoorbeeld skoolverwante faktore), maar dit sal nie as die enigste riglyn gebruik word nie. Die navorser sal ontvanklik wees vir nuwe ontluikende kategorieë (Rossouw, 2010:114) wat uit die data na vore kan kom.

In die tweede fase van induktiewe analise sal die kategorieë wat voortspruit uit die gekodeerde data beskryf word, sodat die data by die navorsingsvrae, soos aangedui in par. 1.5, aansluiting kan vind (Mertler & Charles, 2011:201). Derdens sal die data geïnterpreteer word om betekenis te verleen aan die deelnemers se belewenis van leerderwangedrag en hoe dit hulle sekuriteit beïnvloed. Hierdie interpretasies van data sal in die vorm van bevindings betekenis aan die verskynsel van opvoedersekuriteit verleen. Die kodes wat in die onderhoudtranskripsies gebruik is, sal ook toegepas word op die analise van dokumente wat volgens Bowen (2009:32) die integrasie van die drie metodes van data-insameling in hierdie studie sal bevorder. Die hoofdoel vir die analise en kodering van data in die gedragskodes is om te bepaal in hoe 'n mate die wangedrag van leerders aangespreek word ten einde die sekuriteit van opvoeders te verseker.

Terselfdertyd sal die proses van triangulering ook die vertrouenswaardigheid van die studie bevorder, wat in die volgende paragraaf bespreek sal word.

### *3.8 Vertrouenswaardigheid*

Volgens Maree (2007:113) word vertrouenswaardigheid in kwalitatiewe navorsing as uiters belangrik beskou. Vertrouenswaardigheid word verkry deur data-analise, bevindings en gevolgtrekkings te toets.

In kwalitatiewe navorsing word die gebruik van verskillende metodes en bronne van data-insameling, ook bekend as triangulasie, aanbeveel ter wille van groter vertrouenswaardigheid. Bowen (2009:28) beskryf triangulasie as die kombinasie van metodologieë in die bestudering van dieselfde verskynsel. Die outeur noem dat daar van kwalitatiewe navorsers verwag word om verskillende bronne van data-insameling

en metodes te gebruik as bewys dat die bronne en metodes die verskynsel in ondersoek steun. Inligting wat uit individuele onderhoude, groeponderhoude en die ontleding van dokumente (gedragskodes van skole) versamel is, sal die genoemde stelling steun. Denzin en Lincoln (2005:5) voeg by dat ’n diepgaande verstaan van die verskynsel wat ondersoek word, reflekteer word. Triangulasie is volgens Hatch (2002:133) die proses om data van dieselfde verskynsel uit ’n verskeidenheid bronne te versamel. Leedy en Ormrod (2005:99) meen dat die versameling van ’n verskeidenheid bronne ’n bepaalde hipotese of teorie kan ondersteun. In hierdie studie is geen bepaalde hipotese gestel nie, maar die idee is eerder om die geloofwaardigheid van die verskynsel van opvoedersekuriteit vanuit die beleefde ervaring van die deelnemers te verstaan.

Die navorser sal, soos Bowen (2009:28) dit stel, die bevindinge van die verskillende bronne van data-insameling gebruik om die potensiële vooroordeel wat in ’n enkele studie bestaan, te verhoed en uit die weg ruim. Ter triangulering van verskillende individue, tipes data en metodes van data-insameling (Creswell, 2012:259), sal opvoeders en beheerliggaamslede deur middel van individuele en groeponderhoude die effek wat leerderwangedrag op die sekuriteit van opvoeders het, skets. Die analise van die gedragskodes vir leerders by skole sal verder die proses van triangulasie komplimenteer.

Die navorser sal die data uit voorgenoemde bronne analiseer vir bewys van die bevindinge om die onderwerp van opvoedersekuriteit te ondersteun. Die triangulering van bronne van data wat verkry is uit verskillende bronne, individue of prosesse, verryk volgens Creswell (2012:259) die akkuraatheid van ’n studie. Die navorser sal sodoende ’n verslag wat beide akkuraat en geloofwaardig is, saamstel.

Maree (2007:113) dui aan dat die gebruik van veelvuldige bronne van data-insameling ’n aanwyser is wat die vertrouenswaardigheid van ’n studie kan bevorder. Creswell (2012:259) stem saam dat triangulasie en deelnemer verifiëring vertrouenswaardigheid bevorder. Die proses van triangulasie is bevorder deur die bevestiging wat uit die drie bronne van data insameling, naamlik individuele en groepsonderhoude, asook die analise van dokumente, naamlik gedragskodes, verkry

is. Die navorser het ook telkens die bande teruggespeel om seker te maak dat die rapportering van die data strook met wat die deelnemers hul persepsies beskryf. Die bevindings wat daaruit voortgespruit het, is gegrond op die persepsies van die deelnemers soos wat hulle die wangedrag van die leerders beleef en dra verder by om die vertrouenswaardigheid van die studie te ondersteun en te bevorder.

### *3.9 Etiese oorwegings*

McMillan en Schumacher (2006:16) meen dat die navorser eties daarvoor verantwoordelik is om die regte en welsyn van die deelnemers te beskerm. In par. 1.8 word na etiese riglyne verwys as die standaarde en 'n basis waarvolgens navorsers hul eie optrede behoort te evalueer (De Vos *et al.,* 2005:57). Navorsers behoort dus volgens (De Vos *et al.*, 2005:67; Leedy & Ormrod, 2005:104) binne 'n professionele gedragskode van etiek hulle navorsing uit te voer soos bepaal deur die onderskeie navorsingsinstansies. Die navorser het toestemming van die Fakulteit Opvoedingswetenskappe se etiekkomitee verkry om hierdie navorsing uit te voer (etieknommer NWU–0013–12–A2, sien Addendum F).

Die volgende aktiwiteite is onderneem om die etiese korrektheid van die navorsing te ondersteun:

#### *3.9.1 Toestemming vir die navorsing*

Par. 1.8.1.2 verwys: Volgens riglyne vir etiek (De Vos *et al.,* 2005:58-63; Leedy & Ormrod, 2005:101-104) moet alle deelnemers volgens wet ingelig word van die implikasies en risiko's verbonde aan deelname aan navorsingsondersoeke. Leedy en Ormrod (2005:101-102) beklemtoon die fisiese en psigologiese beskerming van deelnemers. Genoemde outeurs reken verder dat toestemming om die navorsing te doen, ingeligte toestemming vir deelname aan die navorsing en die beskerming van die reg op privaatheid en eerlikheid ten opsigte van die navorsing ook belangrik is in die navorsingsproses.
Voordat die navorsing onderneem is, is skriftelike toestemming by die Departement van Basiese Onderwys in die Dr R.S. Mompati-distrik verkry (vergelyk Addendum A). Toestemming is ook van die hoofde en deelnemers van die onderskeie skole waar die onderhoude plaasgevind het, verkry. Die navorser het dit duidelik aan die deelnemers gestel dat deelname vrywillig is en dat hulle in enige stadium én sonder verstrekking van

rede aan die ondersoek mag onttrek sonder om geïntimideerd te voel. Een van die deelnemers wat aanvanklik geïdentifiseer was, het wel, sonder enige negatiewe reaksie deur die navorser, van die onderhoudsproses onttrek. ’n Ander opvoeder by dieselfde skool het vrywillig ingestem om deel te neem aan die navorsing. Vrywillige betrokkenheid het verseker dat positiewe deelname plaasgevind het sonder dat deelnemers geïntimideerd gevoel het. Die deelnemers het ’n vorm geteken as bewys daarvan dat hulle vrywillig daartoe ingestem het om deel te neem aan die navorsing. Die deelnemers het ook vrywillig ingestem dat die onderhoude op band geneem mag word.

### *3.9.2 Vertroulikheid en anonimiteit*

In par. 1.8.1.4 is reeds genoem dat vertroulikheid verwys na die vertroulike wyse waarop inligting hanteer moet word. Al die deelnemers is verseker dat deelname, gesprekke, uitspreek van menings, bandopnames of enigiets wat hulle as privaat beskou, vertroulik deur die navorser hanteer sal word. Twee van die deelnemers wou, in die middel van onderhoude, die versekering hê dat dit wat hulle sê nie sou uitlek nie. Die navorser het hulle oortuig dat die inligting slegs aan die navorser en/of die projekleier bekend sal wees en slegs as hy daarvoor sou vra.

Deelnemers moet ingelig word dat persoonlike besonderhede vertroulik en anoniem hanteer sal word. Persoonlike inligting wat op rekenaars gestoor word, kan soms maklik deur ongemagtigde persone bekom word. Voorsorg is in hierdie opsig getref deurdat die navorser ’n wagwoord op haar rekenaar geplaas het. Sodoende sal inligting en identiteite vertroulik hanteer word. Leedy en Ormrod (2005:102) beveel die gebruik van kodenommers aan waarmee slegs die navorser die deelnemers vir identifisering kan verbind, as ’n verdere voorsorgmaatreël.

Met inagneming van genoemde wyses van die hantering ten opsigte van die etiese aspekte van navorsing het die navorser sover moontlik voorsorg getref om die deelnemers se anonimiteit, persoonlike gegewens asook vertroulike inligting te beskerm.

### *3.10 Interpretasie van empiriese data*

Die interpretasie van die empiriese data wat in hierdie hoofstuk saamgevat word, het ten doel om die oorkoepelende navorsingsvraag te beantwoord, naamlik om die persepsies weer te gee wat opvoeders het rakende die invloed van ernstige leerderwangedrag op hulle sekuriteit (vergelyk par.1.6). Die ontleding van data vind ook plaas teen die agtergrond van die literatuuroorsig in hoofstuk twee. Drie kategorieë het na vore getree uit die data wat ingesamel is deur middel van onderhoude en die dokument-analise van die gedragskodes van skole. Die kategorieë is skoolverwante faktore, arbeidsregtelike faktore en samelewingsverwante faktore. Die temas wat onder elke kategorie bespreek sal word, word in tabel 3.1 uiteengesit. Vanuit al die data het 'n deurlopende tema voorgekom, naamlik die psigologiese sekuriteit van die opvoeder, wat ten slotte bespreek sal word.

Tabel 3.1 Kategorieë en temas

| **Deurlopende tema** | **Kategorieë** | **Temas** |
|---|---|---|
| Psigologiese sekuriteit | Skoolverwante faktore | Kollegiale verhoudings |
| | | Gedragskodes |
| | | Beheerliggame |
| | | |
| | Arbeidsregtelike faktore | Die Werkgewer |
| | | Wetgewing |
| | | Vakbonde |
| | | |
| | Samelewingsverwante faktore | Die gesin |
| | | Die samelewing |
| | | Ouers |

Die deurlopende tema word na die uiteensetting van die kategorieë en temas bespreek.

#### *3.10.1 Kategorie 1: Skoolverwante faktore*

Hierdie kategorie word eerste bespreek, aangesien die skool sentraal staan in die werksplek waar die opvoeders hulle taak in 'n veilige omgewing wil uitvoer, asook die plek waar leerders hulle ernstige wangedrag demonstreer. In par. 1.2 is genoem dat

opvoeders, as werknemers van die Departement van Onderwys, sekuriteit (geborgenheid) in ’n veilige omgewing wil beleef ten einde effektiewe en sinvolle dienslewering moontlik te maak.

Onder skoolverwante faktore sal kollegiale verhoudings, gedragskodes en beheerliggame vervolgens bespreek word soos wat opvoeders hulle beleefde ervarings tydens die onderhoude weergegee het.

3.10.1.1 Tema A: Kollegiale verhoudings

Par. 2.2.3.5 verwys in die bespreking van die Wet op die Suid-Afrikaanse Raad van Opvoeders (SARO) na die verhouding van opvoeders met die verskillende partye in onderwys, onder andere leerders, ouers, die gemeenskap, kollegas, die professie, die werkgewer en die raad (SARO). Artikel 7.1 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Raad van Opvoeders (SARO) bepaal soos volg:

> An educator - “*acknowledges that the exercising of his or her professional duties occurs within a context requiring co-operation with and support of colleagues”.*

Die deelnemers wat aan individuele onderhoude deelgeneem het, verleen uitvoering aan die bepalings van art. 7.1 van die wet in die sin dat hulle simpatie én empatie met kollegas toon ten opsigte van die belewing van leerderwangedrag wat die kollegas se sekuriteit bedreig. Dit kom duidelik na vore in die manier hoe hulle pastorale uitreiking en berading aan kollegas bied. Deelnemer drie studeer tans sielkunde en noem dat hy uit die aard van sy terapeutiese kennis tans aan ’n kollega wat emosionele aftakeling ervaar informele berading kan bied. Hy noem ook dat hy al self so ’n psigologiese ervaring beleef het en “ek kon myself destyds nie help nie en moes vir terapie gaan”. ’n Deelnemer bevestig dat daar in onderwys nie “meer werklike ondersteuning van owerheidsweë gebied word nie, want daar is nie meer skoolsielkundiges nie”.

Nog ’n faktor wat aansluit by die vorige paragraaf, is die emosionele uitlaatklep wat kollegas van tyd tot tyd in mekaar vind. Die “magteloosheid” by die toepassing van dissipline, lei tot emosionele opkropping by opvoeders. Een van die deelnemers stel

dit dat opvoeders hulself moet inhibeer om nie toe te gee aan die uitlokking van die leerders nie. Hierdie inhibering lei volgens hom tot stres wat uiteindelik in depressie kan ontaard. Par. 1.2 bevestig dat die gesondheid van opvoeders baie swakker is as dié van die algemene publiek en stres-verwante siektes soos hipertensie en maagsere is algemene siektes onder opvoeders (Anon, 2005a:15). Die akkumulering van opgekropte gevoelens moet volgens die deelnemer liewer teenoor 'n kollega uitgespreek word om emosies te kan ontlaai .

Vir die doeleindes van opvoedersekuriteit, bepaal die Grondwet 108 van 1996 dat alle persone in die land die reg het op 'n veilige omgewing wat nie skadelik sal wees vir hul gesondheid of welstand nie (vergelyk par. 1.2). Die werkgewer moet uitvoering aan hierdie reg verleen, dus kan opvoeders ook aanspraak maak op die reg op 'n veilige omgewing. Ten opsigte van vraag 1.3 van die onderhoudskedule (vergelyk bylaag D), naamlik hoe opvoeders hul gevoel van fisiese veiligheid en psigologiese sekuriteit beleef, was die deelnemers se response dat hulle beslis geen fisiese bedreigings in hulle skole beleef nie. Gedurende die groeponderhoud het die deelnemers eenparig bevestig dat hulle aan geen fisiese gevare by die skool blootgestel word nie. Die voorsitters van beheerliggame het ook tydens hulle onderhoude sonder aarseling verklaar dat hulle skole vry is van fisiese geweld teen veral opvoeders. Een voorsitter stel dit so: "as ons oor veiligheid *per se* praat, dink ek nie die veiligheid van leerders word bedreig nie of opvoeders is bang om skool toe te kom omdat hulle vrees dat leerders hulle met byvoorbeeld 'n mes kan aanval nie". Verskeie deelnemers rapporteer dat die geboue veilig is, veiligheidsmaatreëls is in plek en dat die ontruimingsplan goed ingeoefen word. Die aspek van psigologiese onveiligheid wat verbind kan word met die onaanvaarbare gedrag en houding van die leerders is 'n aspek wat egter werd is om genoem te word. Wat dissipline betref, ly veral vroulike opvoeders swaar onder die wangedrag van leerders. In die onderhoude is dit verskeie kere genoem dat ouer en groter leerders selfs die gesag van manlike opvoeders uitdaag. Die voorsitter van 'n beheerliggaam bevestig hierdie stelling. Hy noem dat veral jong vroulike opvoeders én mans wat kwesbaar is en nie druk kan hanteer nie, "*targets*" van leerders word. Kollegas ondersteun mekaar deurdat opvoeders wat die wangedrag van leerders nie meer kan hanteer nie en

moedeloos raak, by ander opvoeders, wat daarvoor bekend is dat hulle goeie dissipline kan handhaaf, om hulp aanklop. In die groeponderhoud het die deelnemers hulle ondersteuning aan mekaar verklaar deur te sê "*if something is going to happen, we as a staff would immediately stand together".* Die groep verklaar selfs hulle vertroue in opvoeders in die Senior Fase omdat hulle dink dat hierdie opvoeders in staat is om groter leerders beter te dissiplineer.

Uit die voorafgaande bespreking kan die gevolgtrekking gemaak word dat opvoeders in hulle werksplek redelik veilig voel ten opsigte van fisiese bedreigings. Die psigologiese sekuriteit van opvoeders is egter 'n aspek waaraan die werkgewer intensief aandag sal moet skenk. Die feit dat kollegas op mekaar steun vir die beskerming van hulle psigologiese sekuriteit is 'n bewys dat daar 'n leemte is wat deur die werkgewer gevul moet word. Die deelnemers koester 'n verwagting teenoor die werkgewer ten opsigte van hulle veiligheid en sekuriteit. Deelnemer drie stel dit so: " Die werkgewer het vir my die werk gegee om te doen, so die werkgewer moet in my behoeftes voorsien". Deelnemer vier noem "*we are not psychologically safe and protected*".

Die invloed van gedragskodes op die sekuriteit van opvoeders word in die volgende paragraaf bespreek:

3.10.1.2 Tema B: Gedragskodes

In par. 2.2.3.3 is reeds genoem dat art. 8 van die Skolewet die bevoegdheid aan beheerliggame oordra om 'n gedragskode na konsultasie met leerders, ouers en opvoeders by die skool op te stel. Die gedragskodes van die geselekteerde skole was op aanvraag beskikbaar. Dit is noukeurig ontleed en word saam met die belewenis van die deelnemers soos wat dit oorgedra was tydens die onderhoude, onder hierdie tema bespreek. Negatiewe sowel as positiewe aspekte ten opsigte van die gedrag van leerders kom duidelik na vorige in die analise van die onderhoude.

Volgens deelnemer een is die gedragskode van die skool nie soseer gerig op sekuriteit van die opvoeder nie, maar eerder op die gedrag van leerders in die skool. By ander skole is die gedragskode direk op die leerders gerig, maar dit speel ook 'n

groot rol om die veiligheid van leerders en opvoeders te verseker. By die meeste van die skole word ’n afskrif van die gedragskode in die begin van elke skooljaar aan ouers en leerders van die skool voorsien waarvoor hulle moet teken. Dit dien as bewys dat hulle dit ontvang het en dit dien ook as ’n kollektiewe ooreenkoms tussen ouers, leerders en die skool. Sodoende is beide die ouers en die leerders bewus van die toelaatbare en nie-toelaatbare reëls in die skool. Die gedragskode word ook in die klaskamers ten toon gestel om te alle tye sigbaar te wees en word ook van tyd tot tyd aan die leerders voorgelees. Een van die deelnemers stel dit dat hoe meer die leerders die reëls sien, hoe beter sal hulle dit onthou. Algemene klasreëls word ook in die klaskamers sigbaar gemaak wat minder ernstige oortredings, wat nie in die gedragskode genoem word nie, aanspreek. Hierdie klasreëls word deur opvoeders in die klaskamer self toegepas.

Die algemene belewenis van die deelnemers is dat die implementering van die gedragskode nie deurlopend deur al die opvoeders in die skole hanteer word nie. ’n Deelnemer noem dat aspekte wat vir haar belangrik is, nie deur ander opvoeders as belangrik beskou word nie. Nog ’n deelnemer is gefrustreerd as hy noem dat selfs opvoeders by sy skool die gedragskode verontagsaam. Hy stel dit soos volg: “*people are doing whatever they want to do, because educators are not complying with the code of conduct*”. Deelnemer twee bevestig dat klasreëls en die gedragskode nie vir alle opvoeders by dieselfde skool ewe belangrik is nie. Dit hang maar af van hoe elkeen dit in die klaskamer en skool implementeer. Hy noem dat, ten spyte van die inkonsekwente implementering van die gedragskode, reëls by die skool in plek is en dat die leerders weet wat hulle mag en nie mag doen nie. Volgens hom speel hierdie klasreëls en die gedragskode ’n groot rol om sekuriteit by die skool te verseker.

Volgens Item 3 van die Riglyne vir Oorweging deur Skoolbeheerliggame in die aanneem van ’n Gedragskode vir Leerders word daar onderskei tussen ernstige en minder ernstige oortredings van leerders. Tabel 3.2 is ’n opsomming van die oortredings, soos deur die deelnemers genoem, wat as ernstig in hulle onderskeie skole se gedragskodes beskryf word.

Tabel 3.2

| SKOOL | DEELNEMER 1 | DEELNEMER 2 |
|---|---|---|
| A | Bakleiery; en"sleg praat" teenoor mede-leerders of wat op opvoeders gerig is. | • Aanranding;<br>• Ontoelaatbare middels soos alkohol en dwelms;<br>• Bakleiery;<br>• Wapens en skerp voorwerpe;<br>• Diefstal; en<br>• Beskadiging van eiendom. |
| B | • Fisiese bakleiery;<br>• Vernedering van 'n persoon op grond van geslag, godsdiens, etnisiteit, ras of kultuur;<br>• Enige vorm van oneerlikheid (nie net afkyk in eksamens nie);<br>• Enige dwelms of drank;<br>• Nie-skoolbywoning;<br>• Herhaaldelike versuim om die regte uniform te dra, huiswerk te doen of enige versuim wat as wangedrag beskou word;<br>• Selfone en elektriese of elektroniese instrumente; en<br>• Enige onaanvaarbare vorm van wangedrag teenoor mede-leerders, personeel, nie-opvoederpersoneel of persone wat in die straat verby die skool loop. | • Enige vorm van aanranding, hetsy op mede-leerders of personeel;<br>• Drank en dwelmmisbruik;<br>• Diefstal (word op meriete hanteer afhangende van die graad van ernstigheid);<br>• Seksuele teistering en aanranding;<br>• Die gebruik van selfone (veral as lelike goed rondgestuur word); en<br>• Vloekery en verbale teistering gerig op opvoeders. |
| C | • Fisiese en emosionele teistering van mede-leerders<br>• Messteek<br>• Bakleiery<br>• Enige onaanvaarbare gedrag van leerders | • Diefstal<br>Drank, rook en dwelmmisbruik<br>• Wapens<br>• Bakleiery tussen mekaar of met opvoeders<br>• Liefdesverhoudings met opvoeders |
| D | • Enige vorm van geweld wat op andere gerig is;<br>• Diefstal;<br>• Enige daad wat leed en skade aan 'n ander persoon kan veroorsaak; en<br>• Onaanvaarbare taal wat gerig is op opvoeders en mede-leerders. | |

Een van die deelnemers noem dat die gedragskode van 'n skool wetlik korrek saamgestel moet wees. Hy is oortuig dat dit belangrik is dat daar met kundige mense wat kennis het van die wet saamgewerk moet word om te verseker dat die gedragskode korrek saamgestel word. Die voorsitter van die beheerliggaam by 'n ander skool stem saam dat daar selfs kundige mense soos prokureurs en die polisie

op die beheerliggaam moet dien. Hulle kundigheid kan verseker dat die regte prosedures in byvoorbeeld tugverhore gevolg word. Eersgenoemde deelnemer huldig die mening dat ’n wetlik korrekte gedragskode sekuriteit verseker terwyl ’n gedragskode waaroor jy onseker is nie sekuriteit kan verseker nie.

Indien die gedragskode van ’n skool volgens hom “wetlik suiwer korrek” is, verseker dit ’n vaste grond vir optrede wat byvoorbeeld in dissiplinêre aangeleenthede voorgehou kan word. Hy noem verder dat strawwe vir spesifieke oortredings duidelik in die gedragskode uitgespel moet word.

Verskeie van die deelnemers steun op spesifieke klasreëls om ’n vaste roetine in die klaskamer te handhaaf. Klaskamerroetines word duidelik aan die leerders uitgespel asook die strawwe vir oortredings. Leerders verset hulle daarom nie teen straf nie “omdat hulle oor voorafkennis beskik”.

Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat die konsekwente implementering van gedragskodes nie ewe effektief in die verskillende, maar ook in dieselfde skole, toegepas word nie. Deelnemer twee beskou vloekery nie as ernstig nie, tensy dit direk op opvoeders gerig is. In ander skole word vloek en onaanvaarbare taal in ’n baie ernstige lig beskou.

Drostery, laatkommery, versuim om uniform te dra, afwesigheid en om nie tuiswerk te doen nie word deur die meeste deelnemers as minder ernstige oortredings beskou. Een van die deelnemers reken dat hierdie oortredings nie die veiligheid van ander persone in die skool bedreig nie. In die groeponderhoud is genoem dat leerders in die grondslagfase geneig is om mekaar se potlode te vat. Dit en die dra van naellak is byvoorbeeld nie toelaatbaar nie, maar sal ook nie as ernstige oortredings beskou word nie, omdat dit nie ander persone fisies benadeel nie.

Die beheerliggaam word geassosieer met gedragskodes, omdat die Skolewet in art. 8 die bevoegdheid om ’n gedragskode vir leerders op te stel, aan hulle oordra. In die volgende paragraaf sal die rol van die beheerliggaam in die sekuriteit van opvoeders bespreek word.

3.10.1.3 Tema C: Beheerliggame

Beheerliggame vervul ’n uiters belangrike rol in dissipline by skole. Die Skolewet bepaal dat lede van ’n skool se beheerliggaam ouers of wettige voogde van leerders by die skool moet wees. Die groep gekose lede van die beheerliggaam verteenwoordig daarom die groter korps ouers van ingeskrewe leerders by ’n bepaalde skool.

In par. 2.2.3.3 word genoem dat die Skolewet 84 van 1996 die betrokkenheid en verantwoordelikheid van ouers in die opvoeding van hul kinders aanmoedig en dra die bevoegdheid om skole te beheer aan die ouers oor. Die verkiesing van skoolbeheerliggame is ’n bewys van die verbintenis tussen die Staat, skole en ouers.

Voorgenoemde paragraaf verwys ook na art. 8 van die Skolewet wat die bevoegdheid aan die beheerliggaam oordra om ’n gedragskode vir leerders op te stel. Die doel van die gedragskode is om ’n gedissiplineerde en betekenisvolle leeromgewing vir effektiewe onderrig en leer in skole te fasiliteer (Shaba *et al.*, 2003:30). Afdeling E van die onderhoudskedule (vergelyk Addendum D) was daarop gemik om die bydrae van rolspelers, onder andere die beheerliggaam, vas te stel. Die voorsitters van die beheerliggame sien dit as hul primêre plig om beleid by ’n skool te bepaal. Die betrokkenheid van die beheerliggaam word in sekere van die deelnemende skole sterker aangetoon as in ander skole.

Een van die beheerliggaamsdeelnemers stel dit dat hulle streng ingestel is op dissipline by die skool. Hy noem dat daar sanksies teen leerders ingestel word wat oortree. Sulke sanksies sluit ’n strafpuntstelsel en skorsing vir sewe dae in. Volgens hom probeer die beheerliggaam deesdae om meer praktiese maniere van straf uit te dink. Skorsing is volgens hom eintlik negatief omdat leerders dit geniet om by die huis te bly en dit nie as straf sien nie. Hy stel dit ook dat die geskorste leerders agter raak met hul skoolwerk en dit ’n ekstra las op die opvoeder plaas om toe te sien dat die verlore werk weer ingehaal word.

Die ondersteuningsrol wat die beheerliggaam in skole vervul, word verskillend deur opvoeders ervaar. Een van die deelnemers noem dat dit die plig van die

beheerliggaam is om ouers te ondersteun om hul kinders op te voed. Hierdie deelnemer voel ook dat die beheerliggaam meer vir opvoeders moet veg. Nog 'n deelnemer sien 'n behoorlik funksionerende beheerliggaam as 'n middel waardeur die skool en ouers saam kan werk om die kind te bereik.

Die ondersteuningsrol van die beheerliggaam in ander skole verdien vermelding. Gedurende die groeponderhoud kon die deelnemers nie genoeg dankbaarheid teenoor die betrokkenheid van hulle beheerliggaam uitspreek nie. Een deelnemer stel dit so: "*our SGB is very involved. Every time when there is a serious matter we will call the SGB and they will solve the matter*". Nog 'n deelnemer sê: "*our SGB is always there when we need them*". Deelnemer drie bevestig dit deur te sê "*they provide all our resources and things that we need in the school".* Die voorsitter van skool B noem dat in die toepassing van gepaste sanksies, is leerders wat met dagga op die skoolperseel betrap is, ondersteun. Hierdie leerders is vir sewe dae geskors, maar hulle moes ook aanmeld vir rehabilitering. Hy noem dat deur hierdie pad te volg die leerders nie aan die polisie blootgestel is nie en 'n kriminele rekord ook nie teen hulle name gehou word nie. Die skool verskaf selfs finansiële ondersteuning aan leerders wat sukkel om skoolfooie te betaal. Sy ondervinding is egter dat druipelinge en leerders wie se ouers wanbetaal, die grootste dissiplinêre probleme by die skool veroorsaak. Die beheerliggaam sien dit as hul plig om opvoeders en selfs ander leerders in die skool teen sulke leerders te beskerm.

Die mate waarin die onbetrokkenheid van sommige beheerliggame weerspieël word, kom duidelik na vore in die feit dat baie van die deelnemers nie hul beheerliggaam as 'n rolspeler noem of hul betrokkenheid erken nie. Die rol van die beheerliggaam in ander skole word weer van onskatbare waarde deur opvoeders geag.

### *3.10.2 Kategorie 2: Arbeidsregtelike faktore*

Die rol van die werkgewer is 'n tema wat duidelik na vore getree het in die onderhoude wat met die verskillende deelnemers gevoer is. Aspekte soos die toepassing van beleid, werksekerheid, ondersteuning deur die werkgewer, die hantering van politiek in die onderwys asook kommunikasie tussen die werkgewer en

werknemer is faktore wat die sekuriteit van die deelnemers bedreig. Hierdie aspekte dien daarom as basis vir bespreking van die volgende tema, naamlik die werkgewer.

3.10.2.1 Tema D: Werkgewer

Vrae 1.16 en 1.17 (vergelyk Addendum D) was daarop gerig om die bydrae van die verskillende rolspelers in die sekuriteit van opvoeders te bepaal. Die toepassing van beleid, werksekerheid, ondersteuning deur die werkgewer, hantering van politiek en kommunikasie tussen werkgewer en werknemer is aspekte wat volgende onder die tema van die werkgewer bespreek gaan word:

- *Beleid*

Volgens deelnemer nommer vier hou sekere beleide van die departement gevare vir opvoeders in. Lyfstraf is volgens hom 'n manier om leerders te dissiplineer. Die afskaffing daarvan maak dit moeilik vir opvoeders om effektiewe dissipline toe te pas. Hy noem dat die werkgewer geen alternatiewe vir lyfstraf ingestel het nie, wat tot die frustrasie van baie opvoeders lei. Deelnemers aan die groeponderhoud bevestig ook dat daar geen alternatiewe vir lyfstraf ingestel is nie. Die skorsing van leerders vir drie tot vyf dae is volgens die groep nie 'n effektiewe maatreël nie. Die voorsitter van 'n beheerliggaam deel dieselfde gevoel van die ander deelnemers as hy noem dat die onderwyswet strafmaatreëls weggevat het, maar nie 'n alternatief gegee het nie. Hy sê dat skorsing nie eintlik effektief is nie, omdat kinders dit geniet om by die huis te bly. Dit wek by opvoeders die gevoel dat hulle nie die beskerming van die werkgewer geniet nie.

Die deelnemer uiter ook sy teleurstelling in die manier hoe departementele amptenare die implementering van beleid in skole ondersteun. Hy haal 'n voorval aan waar dit duidelik in die beleid van die skool uitgespel word dat leerders wat verskeie kere 'n graad herhaal, nie weer tot die skool toegelaat sal word nie. Hierdie leerders veroorsaak dissiplinêre probleme en daag soms die outoriteit van opvoeders uit. Die leerders moes op bevel van die werkgewer hertoegelaat word in die skool. Die ondersteuning wat die werkgewer aan die ouers, eerder as aan die skool gebied het, was nie vir die deelnemer 'n aangename ervaring nie. Hy het sy teleurstelling in

die hantering van die toepassing van beleid deur die werkgewer uitgespreek. Die voorsitter van die beheerliggaam by skool B stel dit dat kinders wat te oud is (sommige leerders is alreeds een en twintig jaar en ouer) en nog in die skool is ’n faktor is wat dissipline beïnvloed. Hy noem ook dat hierdie leerders die veiligheid van beide opvoeders en leerders in die skool bedreig. Dit is volgens hom nie ideaal om ouer kinders met jonger leerders in ’n klas te meng nie.

Deelnemer vyf stem saam dat amptenare in hoër posisies hul gesag op skole afdwing, ten spyte van beleid. Dit dra volgens die deelnemer by tot die geweldige dissiplinêre probleme wat skole ervaar, omdat ouers en leerders die ondersteuning van die departement, bo dié van opvoeders, geniet.

- *Werkgewer-werknemer-verhouding*

Grogan (2009:53) (vergelyk par. 2.3.1) verwys na die gemeenregtelike pligte van werkgewers, naamlik om: die werknemer in diens te neem, te vergoed vir diens wat gelewer is en ook veilige en gesonde werksomstandighede te voorsien. Die mate waarin die plig van die werkgewer bydra tot opvoeders se gevoel van sekuriteit word bevestig in die stelling van ’n deelnemer dat “die werkgewer vir my die werk gegee het om te doen, so die werkgewer moet in my behoeftes voorsien”. Die werkgewer moet volgens hom nie net sy salaris betaal nie, maar is ook verantwoordelik om na sy voordele te kyk, asook die omstandighede waarin en waaronder hy werk. Hy sien dus die werkgewer as die belangrikste verantwoordelike party wat in sy behoeftes moet voorsien. Die belewenis van sekuriteit in die werksplek van opvoeders word verder bevestig deur deelnemer vier. Volgens hom rus die verantwoordelikheid om sy werknemers te beskerm ook op die werkgewer. Hy stel dit soos volg: “the employer hired educators and is therefore responsible to protect us”.

Ter bevestiging van hierdie plig beklemtoon Hughes (1997:12), Oosthuizen (2005:106) en De Waal (2005:304) dat die sekuriteit van opvoeders as werknemers van die Departement van Basiese Onderwys ’n plig is wat deur die werkgewer nagekom moet word (vergelyk par. 2.2.1.7). Artikel 24(a) van die Handves van Regte bepaal verder dat elkeen die reg het op ’n veilige omgewing wat nie skadelik is vir hul gesondheid of welsyn nie (vergelyk par.2.2.1.9). Binne hierdie raamwerk voer

nog deelnemers aan dat die departement genoeg fondse aan skole beskikbaar moet stel om veiligheidsmaatreëls op te skerp.

- *Werksekerheid*

Werksekerheid is ’n stille bekommernis by die deelnemers. Hoofstuk 2 van die Wet op Indiensneming van Opvoeders 76 van 1998 beskryf die diensvoorwaardes soos salarisse en ander diensvoorvoorwaardes (art. 4) en die skepping van poste (art. 5) van opvoeders in openbare skole (vergelyk par. 2.3.1). Deelnemer vyf voer aan dat tydelike opvoeders onseker is oor hulle toekoms in die onderwys. Een van die deelnemers verwys na opvoeders in die Oos-Kaap wat onsekerheid beleef oor hul salarisse wat nie betyds betaal word nie. Die beheerliggaamsvoorsitter van skool D sien swak salarisse van opvoeders as ’n groter rede in vergelyking met die wangedrag van leerders hoekom hulle die professie verlaat. Hy meen die salaris van ’n opvoeder kan nie opgeweeg word teen dié van byvoorbeeld ’n prokureur nie, terwyl albei omtrent dieselfde tydperk aan studies gewy het.

’n Deelnemer stel dit verder dat oorvol klasse die effektiewe toepassing van dissipline deur die opvoeder strem. Sy noem dat die departement ’n plig het om genoeg personeel aan skole te voorsien om hierdie probleem te beperk. Hoewel dit nie fisiese veiligheid by die skool bedreig nie, huldig die deelnemer, as hoof van die skool, die opinie dat die skaarsheid van opvoeders vir haar nogal “sleg” is. Volgens haar hang die prestasie van die skool af van die werksverrigting van die opvoeders met wie sy moet werk. ’n Tekort aan personeel strem hierdie verwagting van goeie prestasie. Dit lei tot stres en onsekerheid by opvoeders, omdat die werkgewer klem plaas op goeie prestasie en uitslae van leerders. Poste behoort volgens haar meer gereeld geadverteer te word om personeel te werf. Dit sal daartoe bydra dat kwaliteitwerksverrigting gelewer kan word wat tot effektiewe onderrig van die leerders sowel as sekerheid by opvoeders kan lei.

Die genoemde pligte van die werkgewer, soos in die voorafgaande paragraaf genoem, dui onomwonde daarop dat ’n werkgewer ’n plig het om sy werknemers te beskerm sodat opvoeders fisiese sowel as psigologiese sekuriteit in hul werksplek kan ervaar.

- *Ondersteuning*

’n Goeie ondersteuningsbasis deur die werkgewer is nog ’n leemte wat deur verskeie van die deelnemers genoem is. Die deelnemers het herhaaldelik genoem dat die departement meer kan doen om skole te beveilig. Finansies is ’n faktor wat deur verskeie van die deelnemers as ’n bedreiging van hulle sekuriteit beleef word. Hulle noem dat die tekort aan finansies projekte om skole behoorlik te beveilig, kortwiek. Artikel 21-skole ontvang befondsing van die Staat. Die deelnemers noem dat die Staat meer fondse aan skole moet toeken wat spesifiek aangewend kan word om veiligheidsmaatreëls by skole te verseker.

Deelnemers een, twee en vyf spreek hulle menings uit oor die onvoldoende kurrikulumondersteuning deur die vakspesialiste in die Departement van Onderwys aan opvoeders. Die swak aanbieding van werkswinkels en die oormatige administratiewe werk frustreer baie opvoeders. Deelnemers een en vyf huldig die opinie dat die departement nie voldoende betrokkenheid by skole openbaar nie, maar hoë eise stel waaraan opvoeders nie altyd kan voldoen nie. Een van die deelnemers se direkte woorde was: ”Hulle het maklik ’n opinie, maar weet nie wat die foute is nie”. Emosies van teleurstelling en frustrasie word bespeur as sy noem dat die “departement min doen en meer druk op opvoeders plaas”. Hierdie situasie het volgens die deelnemer ’n uitwerking op die gesondheid van opvoeders. Die deelnemer self is maar agt en twintig jaar oud en gebruik reeds medikasie vir hipertensie. In die groeponderhoud het van die deelnemers genoem dat hulle die ondersteuning van hul skool en kollegas as ’n basis van ondersteuning sien.

Die effek van wangedrag van leerders op die sekuriteit van opvoeders (Addendum D, vraag 1.5) word deur ’n deelnemer beleef dat “daar in onderwys nie meer werklike ondersteuning van owerheidsweë gebied word nie”. Hy noem dat goeie sielkundige ondersteuning aan skole as ’n leemte aan die kant van die werkgewer ervaar word. Die deelnemer verwys na ’n voorval van skêrstekery by die skool wat ’n traumatiese effek op beide leerders en opvoeders gehad het. Die mate waarin die Departement van Basiese Onderwys ondersteuning aan die skool gebied het, was volgens die deelnemer nie voldoende nie. Hoewel hierdie voorval reeds in 1998 plaasgevind het,

beleef van die personeel by die skool steeds ’n vrees soos hy dit stel “wie sê dat ’n ouer of leerder nie ’n mes of skerp voorwerp het om my mee aan te val nie”. Hy voel dat die werkgewer ’n plig het om teenoor mense op te tree wat die werksomgewing van opvoeders onaangenaam wil maak.

Die voorsitter van skool B se beheerliggaam spreek sy mening oor ondersteuning deur die departement so uit: “die departement moet jou die *tools* gee om strawwe toe te pas”. Hy verduidelik hierdie stelling aan die hand van ’n voorbeeld. Hy sien die feit dat verkeersbeamptes ’n “geweldige sterk *tool*” het as ’n lig in die tonnel vorentoe. Volgens hom kan ’n verkeersbeampte motorbestuurders wat die spoedgrens met meer as 30 km oorskry, onmiddellik laat toesluit. Dit is volgens hom ’n sterker wapen as om net ’n boete uit te skryf. In die lig van hierdie argument voer hy aan dat die departement sterker mag aan die beheerliggaam moet verleen om dissipline in skole toe te pas.

Artikel 4(2)(a en b) van die Regulasies vir Veiligheidsmaatreëls by Openbare Skole (SA, 1996c) verbied die dra van gevaarlike voorwerpe op ’n openbare skoolperseel (vergelyk par. 2.2.3.4). Die toekenning van meer fondse aan openbare skole kan help om veiligheidsmaatreëls by skole op te skerp sodat ’n veilige omgewing vir beide leerders en opvoeders geskep word.

- *Politiek*

Die invloed van politiek is nog ’n aspek in die onderwys wat deur die deelnemers as ’n bedreiging beleef word. Verskeie van die deelnemers is sterk gekant teen die politieke hantering van situasies deur die Departement van Basiese Onderwys in die streek. ’n Deelnemer noem dat, hoewel hy oor die nodige akademiese en professionele kwalifikasies beskik, hy weens “politieke redes” nie aan die verwagtinge van ’n hoër pos kon voldoen nie. Hy voer aan dat die politieke veranderinge in die land ná 1994 die rede is waarom hy nie sy ideale kon uitleef nie.

Nog ’n deelnemer spreek sy misnoeë oor politiek in die onderwys uit. Hy is ontmoedig en noem die volgende oor die aangeleentheid: “*I am discouraged by the*

*manner in which education is run. It seems as if there is many politics (sic) in education".* Hy is bekommerd dat baie opvoeders die professie as gevolg van politiek sal verlaat as die werkgewer nie spoedig aandag aan hierdie probleem skenk nie.

- *Kommunikasie*

Deelnemer 2 noem dat die Departement van Onderwys meer aandag moet skenk aan die aanbevelings wat opvoeders, wat op grondvlak fisies met kinders werk, maak. Kommunikasie tussen werkgewer en werknemer is vir die deelnemer baie belangrik. Hy beklemtoon die aspek van luister en wys met sy hand na sy oor as hy sê: "as die departement net wil luister en kyk wat hulle aan die probleme by skole kan doen".

Die uitvaardiging van wetgewing en die toepassing daarvan is 'n aspek wat ook tydens die onderhoude na vore getree het. Dit sal in die volgende tema onder die loep geneem word.

3.10.2.2 Tema E: Wetgewing

- *Onkunde*

Onkunde oor wetgewing en beperkte kennis van wette is 'n aspek wat feitlik tydens elke individuele onderhoud, sowel as die groeponderhoud na vore getree het. Hoewel baie van die deelnemers 'n idee het dat daar wel wetgewing bestaan, kon hulle nie dié wat spesifiek daarop gerig is om hulle regte en veiligheid te beskerm, uitspel nie. Deelnemer een het pront-uit erken dat sy redelik oningelig is wat wetgewing betref. Volgens haar dink sy sy "ken die basiese goed van wetgewing, maar die dieper detail ken ek nie so lekker nie". Hierdie deelnemer plaas haar vertroue in die vakbond om haar te beskerm. Deelnemers twee en vyf asook twee deelnemers van die groeponderhoud het hulle onkunde sonder meer as "dom" ten opsigte van wetgewing beskryf. Die stilswye van die ander deelnemers in die groep was 'n aanduiding dat hulle ook nie baie bekend is met wetgewing nie. Deelnemer twee van die individuele onderhoude weet dat regte gepaardgaan met verantwoordelikhede en dat die partye mekaar se regte behoort te respekteer. In sy

onkunde dink hy egter nie dat daar wetgewing nodig is wat opvoeders behoort te beskerm nie, omdat almal volgens hom weet wat van hulle verwag word. Deelnemer drie noem dat hy nie aan spesifieke wetgewing kan dink nie, maar weet dat die wet hom sal beskerm as ’n ouer of kind hom sou aanrand. Hy stel dit dat “die wet maak voorsiening daarvoor dat ek gesag kan uitoefen, so die wet moet my teen fisiese of verbale bedreigings beskerm”. Hierdie deelnemer erken ook dat hy nie op sy eie kennis van die wet staatmaak nie, maar dat hy bewus is van wat hy mag en nie mag doen nie. Tydens die onderhoude met die voorsitters van die beheerliggame het die navorser nie verwag dat hulle spesifieke wetgewing sou kon noem wat die regte en veiligheid van opvoeders beskerm nie. Wat egter wel geprys kan word, is die feit dat hulle goed bekend is met die bepalings van die Skolewet. Hulle is bekend met hul pligte ten opsigte van skool- en taalbeleid, asook die prosedures wat die beheerliggaam tydens dissiplinêre verhore behoort te volg.

- *Kwesbaarheid*

Die onkunde van opvoeders, soos uitgespel in die vorige paragraaf, maak baie van die deelnemers kwesbaar om slagoffers van die wangedrag van leerders te word. Afdeling C van die onderhoudskedule handel oor wetgewing. Een deelnemer in die groeponderhoud het pront-uit erken: “*Sorry, I can’t answer that. I never had anything to do with it, so it really not falls in my interest”.* Deelnemer vyf noem dat sy nie vrae in hierdie kategorie kan beantwoord nie, omdat sy nie bekend is met wetgewing nie. Sy reken dat dit nie eers help sy probeer dit antwoord nie. Deelnemer vier is nie bewus daarvan dat daar enige wetgewing bestaan wat die sekuriteit van opvoeders beskerm nie. Sy direkte woorde was: “*I don’t think there is any legislation that protects the safety of educators”.* Deelnemer drie noem dat hy nie staatmaak op sy eie kennis van die wet nie, maar met jare se ondervinding het hy bewus geword dat daar wel wetgewing bestaan wat hom kan beskerm. Deelnemer twee was baie ongemaklik om vrae in hierdie afdeling te beantwoord. Soos reeds in die vorige paragraaf genoem, dink hy dat dit nie eens nodig is dat opvoeders beskerm behoort te word nie. Deelnemer een noem dat “ek weet dat ek partykeer redelik oningelig is”.

Die belewenis van onkunde ten opsigte van wetgewing van die deelnemers is kommerwekkend en word nie deur die gemene reg as ’n verskoning vir oortredings gereken nie. Dit maak onkundige deelnemers weerlose teikens teen die wangedrag van leerders, omdat hulle maklik buite die beskermende raamwerk van wetgewing kan tree. Die manier hoe sommige ouers hulle kinders se wangedrag ondersteun en die onvermoë wat opvoeders beleef om dissipline te handhaaf, wek by hulle ’n gevoel van onsekerheid. Hierdie onsekerheid kan verminder of uitgeskakel word indien opvoeders van bestaande wetgewing gebruik maak om hulself teen die wangedrag van die leerders te beskerm.

- *Kinderregte*

Kinderregte is nog ’n aspek wat as ’n bedreiging deur opvoeders beleef word. ’n Deelnemer noem dat sy ook menseregte (“al vergeet ek dit soms”) net soos kinders en ouers het. Die regte van alle mense in die land word duidelik uitgespel in die Grondwet 108 van 1996 (vergelyk par. 2.2.1). Sy toon haar teleurstelling in die dissipline van leerders. Sy beskryf die arrogansie van leerders teenoor opvoeders as uitdagend. Sy sê verder dat daar “niks is wat jou teen die aanslae van die kind beskerm nie, maar die kind word teen jou aanslae beskerm”. Soos reeds in die literatuur genoem, bevestig Rossouw (2003:414) hoe hierdie deelnemer die arrogansie van leerders beleef (vergelyk par. 1.2).

Deelnemer drie sien kinders as astrant, uitdagend en agteraf. Hy noem dat, indien jy optree teenoor uitlokking, die kind eerste kom en die opvoeder aan die “verkeerde” kant is. Hy noem dat opvoeders hulself moet inhibeer, want jy kan dalk jou werk verloor as jy toegee aan hierdie uitlokking. Hierdie deelnemer spreek hom sterk uit as hy noem: ”Kinderregte kom na vore, maar my arbeidsregte kom in die praktyk nie na vore nie”. Die Grondwet asook die Wet op Arbeidsverhoudinge 66 van 1995 is wetgewing wat die arbeidsregte van opvoeders ondersteun. Hy voel dat daar ’n vakuum is wat kinders en ouers se optrede betref deurdat hulle nie tereggewys word nie.

Deelnemer twee erken ook dat “grootmense”, opvoeders ingesluit, regte het. Hy beklemtoon egter regte en verantwoordelikhede asook respek vir mekaar se regte.

Hy noem dat opvoeders soms geneig is om die regte van kinders te skaad. By skool D is dissipline redelik goed onder beheer. Die groep vertrou baie op die ouers se samewerking. Die samewerking aan die kant van die ouers bring ’n mate van gerustheid. Een deelnemer se stelling word deur die groep beaam as hy noem dat “*they know that we are in the place of the parent”.* Die “*in loco parentis”*-aspek verskaf dus aan opvoeders daardie gevoel van sekerheid en beskerming, omdat ouers hulle vertrou met hul kinders se opvoeding. Die mate waarin die voorsitter van die beheerliggaam in skool B hulle “*in loco parentis”*-posisie beleef, word weerspieël in die manier hoe hulle leerders beskerm teen dwelmmisbruik asook ten opsigte van finansiële ondersteuning.

Die waardes wat aan kinderregte gekoppel word, word verder in die volgende paragraaf beskryf.

- *Waardes*

Gedurende die individuele en groeponderhoude het opvoeders hul belewenis van sekuriteit te midde van ernstige wangedrag van leerders uitgedruk. Deelnemer drie se belewenis van kinderregte is dat dit voortspruit uit die filosofiese begronding van humanisme. Hy noem dat as kinderregte voortgespruit het uit oorspronklike Christelike waardes, hy nie ’n probleem daarmee sou gehad het nie. Dit sou volgens hom ’n goeie fondasie wees. Hy koppel sy belewenis van humanisme egter aan die mens en sy eie voordeel. Hy stel dit verder dat kinders vanuit die ouerhuis die grondslag ontwikkel dat opvoeders nie meer belangrik is nie. Deelnemer een vertel dat ’n leerder vir haar gesê het dat sy niks aan hom kan doen nie, want sy pa is ’n prokureur en hulle sal in die hooggeregshof eindig. Hierdie houdings van leerders wek by leerders die idee dat hulle hul nie aan die gesag van die opvoeders hoef te onderwerp nie. In die groeponderhoud is genoem dat kinders reeds vanaf ’n baie jong ouderdom bewus is van hulle regte. Die voorsitter van die beheerliggaam van skool B stem saam dat kinders ongelukkig weet dat daar vanuit ’n dissiplinêre oogpunt nie veel aan hulle gedoen kan word nie.

Die idee wat gevorm word, is dat die vaslegging van goeie morele waardes die sekuriteit van die deelnemers bedreig. Die toepassing van wetgewing sal in die volgende paragraaf gerapporteer word.

- *Toepassing van die wet*

In par. 2.2.1.4 stel Currie en De Waal (2005:33) dit dat die Handves van Regte nie alleenlik individue teen die Staat beskerm nie, maar in sekere gevalle ook die skending van individue se regte deur ander persone beskerm. Hierdie manier word na verwys as die horisontale toepassing van die Handves van Regte. In genoemde paragraaf word ook melding gemaak van die vertikale toepassing van die Grondwet waar die Staat sy rol as werkgewer moet vervul. Die ervaring wat die deelnemers aan die toepassing van wette heg, kan as ’n onaanvaarbare belewenis gerapporteer word.

Deelnemer drie noem dat daar wetgewing op papier is, maar hy beleef dat die toepassing daarvan vir hom werklik ’n probleem is. Hy stel dit dat hy nie die sekuriteit het dat wetgewing hom altyd sal beskerm nie. Hy noem verder dat hy die verskil tussen wette maak en wette toepas as ’n probleem ervaar. Hy verduidelik die verskil so: “Indien daar ’n ander party (die kind) betrokke is vir wie die wet ook voorsiening moet maak, is ek nie so seker in die onderwys dat ek beskerm sal word nie”. Hy is oortuig dat sy persepsie nie verkeerd is nie.

Nog ’n deelnemer is ontevrede met die hantering van beleid deur die departement as orgaan van die Staat. Volgens hierdie deelnemer het die departement sonder meer die toelatingsbeleid van die skool verontagsaam. Die toelating van ouer leerders by die skool is geweier. Die departement het egter verkies om die kant van die ouers te kies in plaas daarvan om die skool te ondersteun. Op aandrang van die ouers is leerders, sommige reeds ouer as twintig jaar, toegelaat om graad 11 te herhaal. Deelnemer vier deel dieselfde gevoel as hy noem dat departementele amptenare nie die skool se beleid ondersteun of erken nie.

Die deelnemers se gebrekkige vertroue in die onderwysdepartement as hul beskermer word as ’n bedreiging beleef. Dit wil voorkom asof hulle hul vertroue in

die vakbond eerder as in die werkgewer stel. Die mate waarin hulle na hul vakbonde uitreik vir die beskerming van hulle sekuriteit sal onder die volgende tema bespreek word.

3.10.2.3 Tema F: Vakbonde

Vakbonde speel volgens Grogan (2007:5) ’n prominente rol in die beskerming van die arbeidsregte van werknemers (vergelyk par. 2.2.1.8). Deelnemers twee en vyf noem dat die vakbond ook ’n belangrike rol speel. Feitlik al die deelnemers sien hul vakbond as ’n liggaam waarop hulle kan staatmaak vir hul sekuriteit. Soos reeds in ’n vorige paragraaf genoem, toon die deelnemers beperkte kennis van wetgewing ten opsigte van die beskerming van hul veiligheid en sekuriteit.

In die groeponderhoud was deelnemers verteenwoordigend van verskillende vakbonde. Deelnemers wat aan die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie (SAOU) behoort, beleef groot tevredenheid ten opsigte van dienslewering van die vakbond. Een van die groep noem dat hulle gereeld e-pos ontvang wat hulle op hoogte van die jongste gebeure in onderwys hou. ’n Ander deelnemer in die groep stel dit so: “*we are always up to date to where we as educators are. We know we can rely on the union to assist us in any matter*”. Deelnemer een steun op haar vakbond en sy noem dat dit makliker is om jou vakbond te kontak as jy sekere goed nie weet nie. Sy gebruik ook haar dagboek van die vakbond om inligting te bekom oor sake waarvan sy nie kennis dra nie. Deelnemer drie glimlag en sê dat hy enige tyd sy vakbond kan kontak as hy ’n probleem het, want “hulle weet wat die wette behels”.

Deelnemer vier beleef ’n negatiewe houding teenoor sommige vakbonde. Sy direkte woorde was “*there are things specifically in unions that can be very discouraging*. *It seems unions embarking on strikes and the learners are suffering”*. Die voorsitters van die beheerliggame van skole B en D het nie veel oor vakbonde verklaar nie. Beide skole behoort aan FEDSAS, die Federasie van Skoolbeheerliggame van Suid-Afrika. Hulle weet dat hulle by hierdie liggaam kan aanklop as hulle raad en advies nodig het.

Die deelnemers is oortuig daarvan dat hulle op die vakbonde kan steun vir die uitoefening en beskerming van hulle regte. Kategorie 1, skoolverwante faktore en kategorie 2, arbeidsregtelike faktore, is reeds bespreek. Kategorie 3, samelewings-verwante faktore, sal volgende bespreek word.

### *3.10.3 Kategorie 3: Samelewingsverwante faktore*

Uit die rapportering van die data ontstaan daar by die navorser die persepsie dat die deelnemers die waardes wat ouers, leerders en selfs die samelewing aan opvoeding heg, ook as ’n bedreiging van hulle sekuriteit beleef. Die deelnemers se persepsie van hoe hulle hul sekuriteit te midde van die volgende drie temas, naamlik die ouers, die gesinslewe asook die samelewing ervaar, sal nou bespreek word.

#### 3.10.3.1 Tema G: Ouers

- Onbetrokkenheid

Volgens deelnemer een raak leerders opstandig en bombasties teenoor opvoeders wanneer hulle in konflik verkeer. Sy skryf dit toe aan die feit dat ouers onbetrokke is by die opvoeding van hul kinders. Sy noem verder dat hoewel dit soms geringe gevalle blyk te wees, weet leerders nie altyd hoe om dit te hanteer nie. Volgens haar kan hulle nie hul emosies hanteer nie, omdat daar niemand is wat hulle kan leer of lei hoe om dit te doen nie. Een voorsitter van die beheerliggaam beskryf die onbetrokkenheid van ouers so: “jy kry ’n groep ouers wat afwesig is en nie belangstel of leiding verskaf nie”. In die groeponderhoud het dit aan die lig gekom dat leerders in graad een se ouers wel baie betrokke is by hul kinders se skoolwerk en ander aktiwiteite. ’n Deelnemer in die groep lag as sy noem *“some of them wanted to be too involved, they are basically all over you”.* ’n Ander deelnemer voeg by “*but when the learners enter grade two and up, they gradually disappear from the scene”.*

Deelnemer twee noem dat dit nie net die leerders is wat verander het nie. Selfs die houding van ouers het volgens hom verander. Hy reken dat ouers nie meer so nougeset en ernstig is met hul kinders se opvoeding soos in die verlede nie. Hy stel dit dat leerders die gebrek aan gesag by die huis ook by die skool teenoor opvoeders toepas. Hy skep moed as hy noem dat die “ouers wie betrokke is by hul kinders se opvoeding, motiveer opvoeders omdat hulle kan staatmaak op die samewerking van

die ouers". Sulke ouers bou volgens hom aan die kind, skool en die opvoeder. Hy is egter net so teleurgesteld in die groter getal onbetrokke ouers by die skool. Hy spreek die wens uit dat hierdie ouers meer betrokke behoort te wees by die skool en hul kinders se skoolwerk. Kinders se vordering op skool moet volgens hom eerste prioriteit geniet en dus sien hy nie die "werk" van ouers as ’n verskoning om onbetrokke te wees nie. Onbetrokkenheid van ouers is volgens hom ’n faktor wat bydra tot die probleem van wangedrag van die leerders.

- Onregmatige inmenging

Die arrogante houding wat leerders teenoor opvoeders openbaar, word deur deelnemer een as ’n psigologiese bedreiging beleef. Die feit dat ’n leerder haar pront-uit met sy prokureur-pa dreig ("ek sal jou na my pa toe vat, hy is ’n prokureur") laat haar magteloos teen die aanslae van beide ouers en leerders voel. Die beheerliggaamsvoorsitter van skool B noem van ’n geval waar ’n ouer na ’n prokureur toe gegaan het nadat die skool sy kind se selfoon gekonfiskeer het. Volgens deelnemer vyf voed ouers hulle kinders op met die verkeerde persepsie dat geld alles kan regmaak. Deelnemer een stel dit dat ouers te veel inmeng met opvoeders se werk. Sy noem dat opvoeders 7 tot 8 ure per dag aan die opvoeding van leerders bestee teenoor die 4 tot 5 ure wanneer hulle in die sorg van hul ouers verkeer. Die res van die tyd slaap die kind en hoef die ouer nie voltyds toesig oor hom te hou nie. Sy voel dat ouers in hierdie kort tyd van samesyn met hul kinders die dissipline wat opvoeders probeer toepas, afbreek. Deelnemer vier deel hierdie opinie en stel dit so: "*I believe learners are told by their parents to do things which is not good for the educator*". Deelnemer drie noem dat die beheerliggaam enige onregmatige inmenging van die ouers eenvoudig moet verwerp. Hy noem verder dat ouers wat hulle kinders van buite af opstook, die lewe vir opvoeders in die skool onaangenaam maak.

- Swak opvoeding

Die opvoeding van leerders is volgens deelnemer een nog ’n faktor wat die sekuriteit van opvoeders bedreig. Leerders toon volgens haar nie meer die nodige respek teenoor opvoeders nie. Sy skryf dit toe aan die feit dat hulle selfs nie die nodige

respek teenoor hulle eie ouers betoon nie. Hierdie deelnemer huldig die opinie dat leerders ’n roetine tuis behoort te hê soos dié in die skool. Deelnemer drie ondersteun die opinie van deelnemer een en meen dit is tyd dat ouers hulle optrede en opvoedingsmetodes behoort te hersien. Hy stel dit dat opvoeding in die ouerhuis moet begin en nie in die skool of kerk geskied nie. Deelnemer vyf se belewenis van kinderopvoeding sluit hierby aan. Sy noem dat die kerk die kind moet leer van die Bybel en die skool moet die kind verstandelik ontwikkel. Deelnemer drie stem saam dat dit sy primêre doel as opvoeder is om die leerders te onderrig en nie om die opvoedingstaak van die ouers oor te neem nie. Daar bestaan volgens hom ’n vakuum wat betref die ouers en kinders se optrede deurdat ouers nie hul kinders teregwys nie. Deelnemer twee stem saam dat ouers in baie gevalle nie beheer oor hulle kinders het nie. Leerders vind dit daarom moeilik om hulle aan gesag in die skool te onderwerp.

Een van die deelnemers aan die groeponderhoud stel dit verder dat baie ouers kinders wil hê, maar nie bereid is om die verantwoordelikheid vir hul opvoeding te aanvaar nie. Deelnemer drie beklemtoon sy ontevredenheid as hy noem dat kinderopvoeding deesdae pateties is. Hy stel dit so: “kinders sê eintlik vir hulle ouers voor en die ouers reageer”. Hierdie reaksie is vir hom ’n bewys dat ouers die denke van die kind bevestig en dat die kinders op hierdie gevestigde denke reageer. Deelnemer vyf deel hierdie opinie in die sin dat ouers volgens haar nie meer gesag oor hul kinders kan uitoefen nie. Volgens deelnemer drie ontwikkel leerders vanuit hulle ouerhuis die grondslag dat opvoeders nie meer belangrik is nie. Hy ervaar net soos deelnemers een en vyf dat leerders baie keer astrant en uitdagend teenoor opvoeders optree. Hierdie deelnemer spreek egter ook sy waardering uit teenoor ouers wat ferm teenoor hulle kinders optree en nie swig onder hulle manipulasie nie.

- Ontkenning van opvoeders se regte

Soos reeds genoem, beleef die deelnemers die arrogante houding van leerders as ’n psigologiese bedreiging van hul sekuriteit. Deelnemer drie spreek die mening uit dat ouers wie nie hul kinders reg opvoed nie, deur wetgewing vermaan behoort te word. Dit is vir hom onaanvaarbaar dat opvoeders in ’n onplesierige omgewing hul

onderrigtaak moet verrig. Hy noem dat opvoeders die reg het om in aangename werksomstandighede en atmosfeer te werk en dat hierdie regte nie van hulle ontneem moet word nie. Hy beleef dat die regte van opvoeders iets is wat nie in hierdie stadium na vore kom nie.

- Minagting van gesag

Vraag 6 van die onderskedule (vergelyk Addendum D) is gerig om te bepaal hoe leerders hulle aan die gesag van die opvoeder onderwerp. Die respons op hierdie vraag word deur die deelnemers in die groeponderhoud beleef dat gesag tuis moet begin. Een van die deelnemers in die groep noem dat dit gewoonlik leerders is wat probleme by die huis het wat die ergste wangedrag toon. "*Yes, you can really see that learners do have problems at home also"* stem nog een saam. Leerders word volgens deelnemer een te veel aan volwasse geselskap by die huis blootgestel. Sy noem dat leerders nie meer die nodige respek vir opvoeders het nie, omdat ouers die opvoeders voor hulle kinders bespreek. Die voorsitter van die beheerliggaam van skool B voeg by dat ouers neerhalende en negatiewe aanmerkings oor opvoeders in die teenwoordigheid van hulle kinders maak. Sy siening is dat die beeld wat na die leerder uitgedra word, is dat hulle nie respek vir sekere opvoeders hoef te hê nie. Hy beleef dit as die rede waarom leerders negatiewe houdings teenoor opvoeders toon. Hierdie stelling word verder deur deelnemer vier ondersteun. By sy skool is die gesag van 'n opvoeder erg ondermyn toe 'n ouer sonder toestemming die opvoeder in die klas voor die leerders gekonfronteer het. Die opvoeder is afkomstig van Limpopo. Die ouer het hom sonder respek vertel "*you are not the son of the soil. You are an outsider".* Opmerkings soos hierdie maak opvoeders weerloos teen die aanslae van die ouers en dit moedig leerders verder aan om die gesag van opvoeders te ondermyn.

Deelnemer vyf voel net so magteloos teenoor die manier hoe 'n ouer selfs die gesag van die skoolhoof ondermyn het. Hy wou haar dwing om sy kind wat graad 10 moet herhaal, en reeds ver ouer as die normale ouderdom in die graad is, na graad 11 te bevorder. Sy het geweier om dit te doen en hy het haar by die LUR vir Onderwys aangekla. Die aangeleentheid is na die distrikskantoor verwys waarby opdrag gegee

is dat die leerder terug aanvaar moet word in die skool.  Aangeleenthede soos hierdie is volgens die deelnemer 'n onaanvaarbare manier van hoe die gesag van opvoeders in hul werksplek, selfs deur departementele amptenare, ondermyn word. Sy stel dit dat ouers eerder hul kinders moet leer om die gesag van die opvoeder te respekteer.

Uit die voorafgaande rapportering van hoe die deelnemers hul sekuriteit ten opsigte van die ouers beleef, bevestig die beheerliggaamsvoorsitters van beide skool B en D dat ouers 'n aandeel het aan die mate waarin leerders respek vir hul opvoeders verloor het.  Skool D se beheerliggaamsvoorsitter noem dat min ouers terug sal kom skool toe en erken dat sy kind oortree het of hom sal straf.  Hoewel leerders volgens hom in hulle harte weet dat hulle oortree het, sal hulle dit nie erken nie, omdat hulle weet dat hulle ouers vir hulle in die bresse sal tree.  Die beheerliggaamsvoorsitter van skool B stel dit dat ouers selfs die swak uitslae van hul kinders as 'n norm gebruik om die professionaliteit van opvoeders uit te daag.  'n Spotprent wat die navorser oor haar selfoon ontvang het, ondersteun die voorgenoemde stelling. Hierdie spotprent beeld die siening van die ouer in 1969 uit toe die leerder nog self sy swak uitslae moes verduidelik het.  Die huidige posisie is dat ouers deesdae 'n verduideliking van die opvoeder eis vir die swak prestasie van hulle kinders.  Die beheerliggaamsvoorsitter van skool B noem dat norme en waardes faktore is wat in baie huise ontbreek.  Die beheerliggaam, as verteenwoordiger van die ouers, poog om die sekuriteit van opvoeders te beskerm deur waardes soos integriteit, eerlikheid en respek by die gedragskode van die skool in te sluit.

#### 3.10.3.2  Tema H:  Gesinslewe

Die impak wat die wangedrag van leerders op die lewens van opvoeders na skoolure het, word in vraag 1.8 van die onderhoudskedule aangespreek.  Die deelnemers se belewenis van die wangedrag van die leerders is dat die omstandighede waarin en waaronder hulle werk hul lewe tuis asook hulle gesinslewe bedreig.  Die rapportering van die voorafgaande kategorieë toon dat die deelnemers weinig of geen fisieke bedreigings vanaf die ouers of leerders beleef nie.  Die wyse waarop die wangedrag

van die leerders die deelnemers se gesondheid-, persoonlike en sosiale lewe bedreig, sal in hierdie tema rapporteer word.

Die beheerliggaamsvoorsitter van skool B stel dat opvoeders spanning, net soos wat daar in enige ander werksituasie is, beleef. Hy noem verder dat skoolwerk *per se* ook maar met sy eie spanning gepaardgaan. Volgens hom is daar tye wat dit verskriklik druk gaan en as daar nog situasies is waar daar ’n gebrek aan dissipline is, kan dit bydra tot ekstra werkspanning. Hierdie deelnemer huldig die siening dat baie opvoeders hul bes probeer om onderrig van ’n hoë standaard aan leerders te verskaf, maar dat die wangedrag van die leerders hulle geweldig frustreer. Hy verskaf tans finansiële advies aan ’n kliënt wat uit die onderwysprofessie bedank het, omdat sy nie meer die wangedrag van die leerders kan verduur nie.

Deelnemer twee noem dat hy daarvan bewus is dat baie van sy kollegas medikasie vir depressie gebruik. Hy koppel ook die wangedrag van die leerders aan daardie konstante “gevoel van moeg wees” wat baie opvoeders gedurig ervaar. Hy noem dat opvoeders emosioneel uitgeput word deur die wangedrag van sommige leerders. Hierdie deelnemer stel dit verder dat die dinge wat in jou werksituasie gebeur, outomaties na die huis toe saamgeneem word. Dit kan volgens hom ’n impak hê op jou huislike omstandighede as jy by huis kom losbars. Hy meen verder dat as jou huweliksmaat nie begrip daarvoor het nie, dit tot huwelikspanning tussen die twee kan lei. Hy noem dat dit selfs die verhouding met ander lede van die gesin kan beïnvloed. Die verhouding tussen ouer en kind kan verbrokkel, omdat jou kind nie meer die vrymoedigheid sal hê om belangrike en selfs persoonlike sake met jou te bespreek nie. Dit kan ’n negatiewe effek op jou kind se ontwikkeling hê en kan verder daartoe lei dat die kind later selfs probleme in die gemeenskap kan veroorsaak, omdat hy voel dat sy ouer nie meer vir hom omgee of na hom luister nie.

Volgens deelnemer vier maak leerders wat hulle skuldig maak aan wangedrag die lewens van opvoeders tuis soms ondraaglik. Hy maak melding van ’n voorval toe twee dogters gedreig het om ’n manlike opvoeder van seksuele teistering aan te kla om hulself van ’n dissiplinêre klag van wangedrag te vrywaar. Die deelnemer beleef dat hierdie situasie tot nadeel van die opvoeder mag strek. Dit kan volgens hom

daartoe lei dat die opvoeders se professionele status in die gedrang kom. Die verhouding met sy huweliksmaat en sy familie kan selfs geskaad word as hulle daarvan te hore kom. Deelnemer vier is oortuig dat die wangedrag van die leerders bydra tot die siektetoestande waaraan baie opvoeders ly. In sy eie woorde noem hy dat "*many educators are diagnosed with hypertension and the cause for this disease lies in the school, not at home*". Die deelnemer noem dat hyself ook aan hipertensie ly as gevolg van die wangedrag van die leerders.

Selfs in die groeponderhoud is daar ook sienings gehuldig oor hoe die deelnemers die impak wat die wangedrag van die leerders op die sekuriteit van opvoeders het, beleef. Een deelnemer noem dat ’n kollega in ’n stadium so erg onder stres verkeer het dat sy in depressie verval het. Hierdie deelnemer noem verder dat dit noodsaaklik is dat opvoeders vir hulself ’n meganisme in plek moet stel oor hoe om emosioneel die wangedrag van die leerders te kan hanteer. Deelnemer drie van die groep stem saam dat die opvoeder nie hierdie meganisme om leerders te hanteer effektief gebruik het nie. Deelnemer twee beklemtoon verder die belangrikheid daarvan dat opvoeders ’n balans tussen hulle werks-, persoonlike en sosiale lewe moet handhaaf. Sy noem dat sy ook baie gefrustreerd was met die wangedrag van die leerders by die vorige skool waar sy werksaam was. Vandat sy egter drie jaar gelede by die huidige skool begin werk het, kon selfs haar huweliksmaat ’n verandering in haar opmerk. Volgens haar huweliksmaat was sy meer ontspanne wanneer sy tuis kom. Deelnemer twee skryf hierdie verandering in haarself toe aan die feit dat sy ’n goeie ondersteuningsisteem (kollegas en die beheerliggaam) by die skool het en dat sy in staat is om haar persoonlike, sosiale en werkslewe van mekaar kan skei. Deelnemer drie is oortuig dat opvoeders geregtig is op ’n lewe na skool en dat hulle dit so moet uitleef.

Die wyse waarop die deelnemers die wangedrag van die leerders beleef, toon dat hierdie ’n faktor is wat bydra tot die swak gesondheid asook die verbrokkeling van verhoudings tussen huweliksmaats en ander lede van die gesin. Malan (Van Niekerk, 208:6) bevestig dat die onsekerheid van opvoeders, dissiplinêre probleme en geweld in skole faktore is wat die algemene gesondheid van opvoeders beïnvloed (vergelyk par. 1.4.1).

Tema I:  Samelewing

Die samelewing is nog ’n faktor wat die deelnemers as ’n bedreiging van hulle sekuriteit beleef en sal laastens onder hierdie tema gerapporteer word.  Onder hierdie tema is subtemas soos die sosio-ekonomiese omstandighede van die leerders, negatiewe inmenging deur die gemeenskap, politiek asook die status van die opvoeder as bedreigings van die sekuriteit van die deelnemers geïdentifiseer.  Dit sal volgende onder die loep geneem word.

- Sosio-ekonomiese omstandighede

Die sosio-ekonomiese gaping tussen die opvoeders en die leerders, asook tussen die leerders onderling, is deur verskeie van die deelnemers as ’n faktor wat veiligheid by skole bedreig, geïdentifiseer.  Deelnemer een noem dat sy geen fisiese bedreiging ten opsigte van die skoolgebou beleef nie.  Die omstandighede waarin die leerders lewe, is egter vir haar ’n bron van kommer.  Deelnemers een en twee noem dat leerders in haglike omstandighede tuis lewe as gevolg van swak ekonomiese omstandighede soos armoede.  Leerders word volgens deelnemer een verder blootgestel aan slegte dinge soos bendebetrokkenheid en misdaad vanaf ’n baie jong ouderdom.  Nog ’n deelnemer voeg by dat alkohol en dwelmmisbruik in die gemeenskap nog dinge is wat die swak sosio-ekonomiese omstandighede van die leerders verder bevorder.  Baie van die leerders word in die sorg van hulle grootouers, wie al self baie oud is, gelaat as gevolg van die onbetrokkenheid of dood van die biologiese ouer.  Deelnemer vyf voeg by dat die grootouers dikwels te oud is en nie altyd in staat is om die leerders te dissiplineer nie.

Die onbetrokkenheid en soms onverantwoordelikheid van die ouers word verder deur deelnemer vier bevestig.  Hy noem dat ouers die huishouding en opvoedingstaak aan ouer kinders, wie nog self op skool is, oorlaat, omdat hulle in ’n ander plek werksaam is.  Die feit dat jonger leerders in die sorg van ouer broers of susters gelaat word, is vir die deelnemer heeltemal onaanvaarbaar.  Deelnemer vyf meen dat die wangedrag van die leerders verder aangehelp word deurdat ouers hulle kinders alleen tuis laat en in ander plekke woon en werk.  Sulke kinders ontwikkel die

persepsie dat hulle hul eie "base" is en hulle nie aan die gesag van opvoeders of ander volwassenes hoef te onderwerp nie.

Die tekort aan hulpbronne soos elektrisiteit en ander fisiese bronne dra ook volgens deelnemer een daartoe by dat leerders swak presteer en gefrustreerd raak. Die bedreiging van haar fisiese sekuriteit lê vir die deelnemer in die feit dat van die leerders soms aggressief raak en dan nie weet hoe om hul aggressie te hanteer nie. Dit veroorsaak dat leerders opstandig en bombasties raak as hulle in konflik met jou kom. Sy noem dat sy al groot geskrik het toe ’n graad een-leerder haar met ’n tas gegooi het, omdat hy nie geweet het hoe om sy emosies te hanteer nie. Die beskadiging van die skool se sportveld, gereelde inbrake en plundering van klaskamers deur die publiek is volgens haar nog faktore wat daartoe bydra dat leerders respek vir opvoeders en die skool verloor, omdat leerders dikwels deur persone in die gemeenskap misbruik word om hierdie dade te pleeg.

Deelnemer vyf sien die goeie sosio-ekonomiese stand van die leerders ook as ’n faktor wat die sekuriteit van opvoeders bedreig. Sy stel dit dat sommige ouers hulle kinders opvoed met die idee dat geld alles kan regmaak wat verkeerd is. Sy is oortuig dat sy nie die verkeerde persepsie het dat geld so belangrik geword het dat dit die oorsaak is dat baie goeie waardes in die samelewing verkeerd geloop het nie. Sy noem dat die dinge wat regtig saak maak vir die opvoeding van die leerders uiteindelik agterweë gelaat word. Sy verander haar stemtoon in ’n ernstiger trant as sy noem dat geld die ondergang van alle goeie waardes veroorsaak het. Soos reeds genoem, het deelnemer een dit pront-uit beleef dat ’n leerder haar met sy prokureur-pa en die hooggeregshof gedreig het. Sy ondersteun die persepsie van deelnemer vyf wat noem dat leerders, selfs van jongs af, die idee ontwikkel dat geld alles kan regmaak. Leerders is daarom geneig om parmantig en arrogant teenoor opvoeders op te tree.

Deelnemers aan die groeponderhoud het ook hul simpatie met die swak sosio-ekonomiese stand van die leerders betoon. Deelnemer twee van die groep noem dat dit gewoonlik leerders is wat probleme tuis het wat hulle skuldig maak aan wangedrag. Deelnemer een van die groep beaam dit met die woorde "*yes, you can*

*really see that learners do have problems at home also*". Deelnemer drie van die groep bevestig verder dat die leerders by die skool van verskillende kulture en agtergronde afkomstig is en dat dit beslis 'n invloed op die dissipline by die skool het. In par. 1.2 word dit bevestig dat opvoeders leerders uit verskillende omgewings, kulture en met verskillende gemoedstoestande moet onderrig. Volgens deelnemer een van die groep moet hierdie omstandighede van die leerders met sensitiwiteit tydens dissiplinêre verhore hanteer te word.

- Negatiewe inmenging in die skool

Deelnemer vier beleef dat persone in die gemeenskap soms om politieke redes, maar ook vir hulle eie gewin, in sake by die skool inmeng. Hy haal 'n voorval aan waar lede van die gemeenskap sonder toestemming deur die voorportaal gestap het en leerders by 'n klaskamer gaan "indruk" het. Hierdie leerders is in gevolge die skool se beleid toelating vir 2012 geweier, omdat hulle reeds twee of selfs drie keer dieselfde graad herhaal en nou baie ouer as die normale ouderdom vir die spesifieke graad is. Die deelnemer noem dat hierdie groep persone lede van 'n politieke party is wat wil voorgee dat hulle die belange van die gemeenskap op die hart dra. Hy is ontevrede en stel dit dat hierdie persone die gemeenskap misbruik om hulle eie politieke doelwitte te bereik.

- Politiek

Een van die deelnemers noem dat die politieke verandering in die land na 1994 sy visie om in sy loopbaan te vorder, gestuit het. Soos reeds aangedui in par. 3.10.2.1, klink hy verbitterd as hy noem dat hy weens "politieke redes" nie in aanmerking gekom het vir 'n bevorderingspos by die skool nie, omdat regstellende aksie voorrang geniet het. Sy visie om in die onderwys te vorder, het volgens hom tot stilstand gekom. Vraag 1.2 was daarop gerig om te bepaal of opvoeders se aanvanklike verwagting vir hul loopbaan verander het (vergelyk Addendum D). Deelnemer vier het sonder aarseling geantwoord: "*Yes, yes. Many things changed due to political issues*". Hy voel verder ontmoedig dat sommige vakbonde by stakings betrokke is ten koste van die onderrig van leerders. Dit kom vir hom voor asof die Departement van Onderwys om politieke redes deur vakbonde

gemanipuleer word. Deelnemer drie beleef dit dat die politieke situasie sy visie vir bevordering afgesny het. Hy studeer tans sielkunde en beoog om spoedig uit die onderwys te bedank sodat hy voltyds sielkunde kan praktiseer. Hy raak weer opgewonde en skep nuwe moed as hy noem dat sielkunde 'n beroep is wat hy nog lank nadat hy aftree-ouderdom bereik het, kan beoefen. Volgens hom kan hy ook self-versorgend en onafhanklik wees. Deelnemer vier noem dat sy visie vir aftrede in die onderwys ook spoedig in sig is. Hy sê: "*I don't think I will be here for more than three years. I am going to quit, because I cannot handle these issues any longer*".

- Status van die opvoeder

Loock, Grobler en Mestry (2006:18) noem dat die meeste opvoeders die professie met hoë verwagtinge, 'n visie vir die toekoms en 'n missie om kinders op te voed, betree (vergelyk par. 1.1). Die moreel van selfs jong opvoeders is egter al so laag dat hulle hulself nie vir 'n baie lang tydperk in die onderwys as 'n professie sien nie. Deelnemer twee is meer ervare en stem saam met deelnemer een dat onderwys nie meer so "lekker" is as wat dit voorheen was nie. Hy stel dit dat die gedrag van die leerders baie verander het. Selfs die houding van die ouers het volgens hom verander en dit lei daartoe dat opvoeders soms ontmoedig raak. Deelnemer een is maar agt en twintig jaar oud en ook sy noem dat sy nie lank in die professie sal bly nie, omdat daar nie heeltemal aan veral jong opvoeders se verwagtinge voldoen word nie. Die voordele van die professie klink aanloklik, maar die werklikheid in die praktyk is volgens haar teleurstellend. Die mate van respek wat leerders betoon, veroorsaak dat opvoeders baiekeer onseker voel oor hulle keuse van 'n beroep. Die voorsitter van die beheerliggaam by skool B noem dat leerders geneig is om hulle grense met jong opvoeders te toets. Hy noem dat die ouderdomsverskil tussen leerders en intredende opvoeders baie klein is. Volgens hom is hierdie 'n faktor wat daartoe bydra dat leerders te familiêr met jonger opvoeders raak. Deelnemer een dink dat jonger opvoeders nie "opgepas" word nie. Sy vou haar hande in 'n smeekgebaar onder haar ken en versoek dat die navorser haar verbatim aanhaal, naamlik "Moenie onderwysers verniel nie". Dieselfde gevoel van deelnemer een word deur deelnemer twee beleef as hy noem dat opvoeders soms moedeloos raak en voel "laat Gods water maar oor Gods akker loop". Hierdie gevoel van

moedeloosheid bedreig volgens hom nie soseer die fisiese sekuriteit van opvoeders nie, maar dit strem eerder hulle werksverrigting. Hy noem dat opvoeders eers moet sukkel om orde in die klas te kry voordat daar met onderrig begin kan word. Hy stel dit verder dat opvoeders se moreel kan verhoog indien ouers meer betrokke by die opvoeding van hulle kinders wil wees. Hy is teleurgesteld as hy noem dat ouers nie so betrokke is soos wat ’n mens graag sou wou hê hulle moet wees nie.

Die moreel van opvoeders word verder afgebreek deur die manier hoe ouers hulle kinders ondersteun (Anon, 2004b:3). Deelnemer drie noem dat hy ook nog geen fisiese gevare in sy werkplek ervaar het nie, maar dat hy al wel psigiese aanvalle teen hom beleef het. Hy sien die wyse waarop leerders, ouers en selfs kollegas jou aanval as ’n aantasting van die selfbeeld van opvoeders. Die deelnemer het psigiese aftakeling beleef, omdat hy magteloos teen die aanvalle van ouers en leerders teen hom gevoel het. Hy noem dat: “jou vermoëns word in twyfel getrek, alles wat jy was, word eenvoudig geïgnoreer, wat jy gelewer het, word geïgnoreer”. Hy koppel hierdie ervaring aan die voorrang wat kinderregte geniet asook die feit dat Christelike waardes in die ouerhuis verontagsaam word of nie goed beklemtoon word nie. Rossouw (2003:414) bevestig hierdie oorbeklemtoning van veral kinderregte as ’n rede vir die afname in dissipline van leerders. Deelnemer drie sug en noem dat opvoeders nie meer die mag het om volkome beheer oor leerders uit te oefen nie. Hy noem dat opvoeders aansien en respek in die samelewing verloor het. Hierdie deelnemer se psige is volgens hom so afgetakel dat hy voel dat hy nie meer vir die gemeenskap iets werd is nie. Dit kan volgens hom daartoe lei dat jy mense vermy en gevolglik ’n mate van sosiale onttrekking kan beleef. Sy moreel is baie laag as hy noem dat hy, en ook ander kollegas, dit oorweeg om vroeër af te tree of om van beroep te verander. Hy stel dit dat opvoeders ’n onvermoë beleef om werklik onder alle omstandighede dissipline te handhaaf. Hy beleef verder dat dit baie moeilik is om ’n leerder te dissiplineer wat nie gedissiplineerd wil wees nie.

Volgens deelnemer vier dra opvoeders ook self daartoe by dat die status van opvoeders nie deur die gemeenskap erken word nie. Hy stel dit dat sommige opvoeders nie toegewyd is om die leerders te onderrig nie. Die hoë afwesigheidsyfer van opvoeders dra verder daartoe by dat opvoeders oor die algemeen in die

gemeenskap onder bepreking is. Opvoeders verkeer volgens deelnemer vyf selfs sosiaal in "shebeens" waar baie ouer leerders ook kuier. Hierdie is faktore wat volgens die deelnemer daartoe bydra dat leerders respek vir sommige opvoeders verloor. Hy noem verder dat baie opvoeders wat hulle nie aan hierdie wanpraktyke skuldig maak nie, magteloos en onbeskermd voel, omdat hulle ook onder dieselfde kam geskeer word.

Die voorsitter van skool D reken verder dat mans minder belangstel om die onderwys as professie te betree. Sy persepsie is dat mans die broodwinners in die huis is en dat salarisse wat aan die professie gekoppel word swak opweeg teen salarisse wat in die privaat sektor aangebied word. Vir die jonger generasie is die salarispakket in die onderwys volgens hom glad nie aanloklik nie. Dit, tesame met die dissiplinêre probleme wat deesdae in skole ondervind word, is volgens die deelnemer genoeg rede vir die jonger generasie om eerder 'n beroep anders as onderwys te kies.

### *3.11 Deurlopende tema: Psigologiese sekuriteit*

Die drie kategorieë, naamlik skoolverwante faktore, arbeidsverwante faktore en samelewingsverwante faktore, is volledig in die voorafgaande paragrawe bespreek. Uit elkeen van hierdie kategorieë het ook temas ontwikkel wat gerapporteer is soos wat die deelnemers die effek van leerders se wangedrag op hulle sekuriteit beleef. Uit die analise en rapportering van die data wat tydens individuele en groeponderhoude ingesamel is, het 'n deurlopende tema, naamlik die psigologiese sekuriteit van die deelnemers na vore getree. Hierdie deurlopende tema word laastens gerapporteer.

Vraag 1.1 van die onderhoudskedule (vergelyk Addendum D) was daarop gemik om te bepaal met watter verwagting of visie vir hul loopbaan die deelnemers die onderwys as professie betree het. Die respons van die deelnemers aan die individuele en groeponderhoud dui op 'n gemeenskaplike passie en liefde vir kinders. Verskeie deelnemers noem dat onderwys hulle nog altyd na aan die hart gelê het en daarom het hulle geroepe gevoel om die professie te betree. Die motivering vir hul keuse word beskryf as "*to be the best teacher and to provide the best education for the learners*". 'n Ander deelnemer noem dat sy liefde vir kinders en hulle welsyn sy

dryfkrag was om ’n verskil in die lewens van die leerders te maak. ’n Groepdeelnemer dui aan “*to make a positive impact on somebody’s life*”. Een van die deelnemers wou aanvanklik in ’n wetenskaplike rigting studeer, maar op aandrang van haar pa het sy toe onderwys gaan studeer. Sy noem dat sy nie spyt is dat sy na hom geluister het nie, want die sprankel in die kinders se oë wanneer hulle iets verstaan en bemeester, verskaf vir haar daagliks groot vreugde. Een van die deelnemers noem selfs dat sy algemeenste verwagting die werksbevrediging was wat hy daaruit sou put om daagliks met leerders te werk. Van die deelnemers noem ook die visie om in hulle loopbane na hoër range te vorder.

Die deelnemers ervaar egter oor die algemeen dat daar nie werklik aan hierdie verwagtinge van hulle voldoen is nie. Verskeie faktore soos politiek, ontevredenheid met die werkgewer se hantering van onderwyssake, onbetrokkenheid en negatiewe inmenging aan die kant van die ouers, asook ander faktore wat reeds bespreek is, word deur die deelnemers as hindernisse om hul visie te bereik, beleef. Hierdie faktore, tesame met die wangedrag van die leerders, het die visie van die meeste deelnemers negatief beïnvloed. Baie van die deelnemers beleef dat hulle teleurgesteld in hulle verwagting van die professie is. Een deelnemer druk dit so uit: “aanvanklik was dit lekker om met kinders te werk, maar deesdae voel ek om liewer vroeg af te tree”. Sy noem dat sy die uittartende gedrag en blatante minagting van opvoeders se gesag deur die leerders nie kan hanteer nie. Die beheerliggaamsvoorsitter van skool B noem dat baie opvoeders al vir hom gesê het dat hulle die gedrag van die leerders onhanteerbaar vind en dit sterk oorweeg om liewer te bedank.

Hoewel die meeste van die deelnemers fisies veilig en beskermd voel in hul werkplek, berokken hulle gebrekkige psigologiese sekuriteit groot skade aan hul gesondheid en selfbeeld. Een van die deelnemers noem dat hy nog geen fisiese bedreiging ervaar het nie, maar soos hy dit stel “my psige was geweldig aangeval”. Hy beleef die manier hoe ouers hul kinders in hulle wangedrag ondersteun as ’n aantasting van opvoeders se selfbeeld. Nog ’n deelnemer noem dat ouers dikwels nie wil glo dat hulle kinders verkeerd is nie en sal selfs prokureurs kry om hul kinders in dissiplinêre verhore te verdedig. ’n Voorsitter van die beheerliggaam stem saam dat opvoeders

se fisiese veiligheid nie so erg bedreig word nie, maar dat hulle gereeld sake van verbale teistering wat op opvoeders gerig is, hanteer. Hy noem 'n geval waar 'n leerder 'n opvoeder verbaal aangeval het in die teenwoordigheid van ander leerders. Die leerder het geweier om die opvoeder om verskoning te vra. Die beheerliggaam het tydens die dissiplinêre verhoor 'n opgeskorte vonnis aan hom opgelê, maar die ouers het besluit om die leerder uit die skool te haal sodat hy nie die vonnis hoef te dien nie.

Dit is kommerwekkend dat bykans al die deelnemers onkunde ten opsigte van wetgewing vir die beskerming van hul veiligheid en sekuriteit toon. Van Kerken (2003:130) wys op die belangrikheid daarvan dat opvoeders hulself van hul regte ten opsigte van sekuriteit moet vergewis. Shaba *et al.* (2003:13-15) dui aan dat opvoeders moet weet dat daar wetgewing is wat hulle sekuriteit beskerm. Artikel 12 van die Grondwet, 108 van 1996, beskerm onder andere die vryheid en sekuriteit van die persoon. Artikel 12(1)(c) en (d) verskans onderskeidelik die reg om vry te wees van alle vorme van geweld asook die reg om nie op enige manier aan teistering blootgestel te word nie. Hierdie reg geld sekerlik ook vir opvoeders as burgers van die land. Die emosionele teistering wat voortspruit uit die wangedrag van die leerders laat opvoeders onseker en dikwels psigologies onveilig voel.

Nog 'n deelnemer noem dat die astrante en uitdagende houdings wat leerders teenoor opvoeders openbaar hom erg grief. Hy noem verder dat indien jy toegee aan hierdie uitlokking van die leerders jy die risiko loop om dalk jou werk te verloor. Die inhibering van emosies lei volgens hom tot emosionele opkropping wat verder in stres en depressie kan ontaard. 'n Sielkundige van die Gemeenskapagent vir Sosiale Navrae (CASE) bevestig dat 'n groot aantal opvoeders na haar verwys word as gevolg van die traumatiese ervarings waaraan hulle in skole blootgestel word (vergelyk par. 1.4.1). Deelnemer drie steun sterk op die gedragskode van die skool vir sy veiligheid en sekuriteit, omdat hy meen dat 'n korrek saamgestelde gedragskode sekuriteit vir die opvoeder kan bied.

Die deelnemers beleef nie net die wangedrag van die leerders as 'n bedreiging van hulle sekuriteit nie. Verskeie van die deelnemers spreek ook hul onsekerheid ten

opsigte van die werkgewer uit. ’n Deelnemer stel dit dat daar nie meer werklike ondersteuning van die “owerheidsweë” gebied word nie. Volgens hom het die leerders en opvoeders al erge traumatiese ervarings tydens die skêrsteek-episode by sy skool beleef, maar dat die sielkundige ondersteuning deur die departement nie voldoende was nie. Die beheerliggaamsvoorsitter van skool B noem dat daar in die keuse van gepaste straf aan leerders tydens dissiplinêre verhore dikwels sielkundige evaluerings betrokke is, maar dat hierdie ondersteuningsbasis aan die kant van die werkgewer ontbreek.

Deelnemer drie beleef dat werksekerheid ’n psigologiese faktor is wat sekuriteit van opvoeders bedreig. Sy noem dat die oortolligverklaring van personeel opvoeders onseker laat voel oor hul toekoms in die onderwys. Die feit dat hierdie oortollig-verklaarde opvoeders weg van hul huise en families geplaas kan word, het ’n sielkundige effek op sulke opvoeders. Sy noem dat die werkgewer ook baie druk op skole plaas om goeie matriekuitslae te lewer. Die tekort aan personeel plaas egter baie druk op opvoeders om aan die vereistes van die werkgewer te voldoen. Graad 12-opvoeders beleef uitermatige stres as gevolg van hierdie eise wat aan hulle gestel word.

Die ondersteuning ten opsigte van beleid wek ontevredenheid by verskeie van die deelnemers. In ’n voorval waar die skool volgens beleid opgetree het en leerders wat herhaalde kere ’n spesifieke graad gedruip het toelating geweier het, het die werkgewer, ten spyte van die beleid van die skool, in die guns van die ouers en leerders besluit. Hierdie leerders wat dan ook baie ouer as die normale ouderdom vir die graad is, asook die ouderdom vir verpligte onderwys oorskry, moes hertoegelaat word tot die skool. Deelnemer vier noem dat hierdie ouer leerders hulle nie aan die gesag van opvoeders wil onderwerp nie en dissiplinêre probleme by die skool veroorsaak. Deelnemer een spreek haar vrees uit oor leerders wat net so lank soos opvoeders is. Veral vroulike opvoeders voel psigologies bedreig en sy noem met vrees in haar stem dat “dis eintlik ’n jong volwasse man wat hier voor jou staan en maklik aggressief kan raak”.

Deelnemer vier sien hierdie optrede van die werkgewer om beleid te ignoreer as politieke manipulering deur die ouers en gemeenskap. Deelnemer drie stem saam dat die politieke situasie in die land die werkgewer manipuleer tot die voordeel van sekere individue. Hierdie deelnemer noem dat sy visie in die onderwys tot stilstand gekom het as gevolg van politiek in die land.

### *3.12 Samevatting*

Dit is duidelik dat baie leerders se sosio-ekonomiese omstandighede ’n faktor is wat wangedrag bevorder. Dit word bevestig in die literatuur (vergelyk par. 1.2) dat die persoonlike of omgewingsprobleme wat leerders ondervind, dikwels onderliggende redes vir wangedrag is en dat opvoeders die slagoffers van leerders se onderskeie emosies word. Verskeie van die deelnemers toon egter simpatie met leerders wat in hierdie omstandighede moet lewe. Deelnemer twee noem dat die skool vir die leerders ’n plek moet wees waar hulle veilig en beskermd voel. Ná skool moet baie van hulle weer terugkeer na huise waar daar geen liefde, sekuriteit en beskerming is nie. Die meeste deelnemers beleef dat goeie morele waardes die grondslag vir dissipline lê. Deelnemer drie stel dit dat Christelike, en nie humanistiese waardes, die basis van goeie morele waardes behoort te wees. Deelnemer twee voeg by dat die opvoeding van die kind nie ’n eenman-taak is nie. Hoe meer mense volgens hom toegewyd en betrokke is by die opvoeding van die kind, hoe beter.

Die wanorde in die samelewing hou direk verband met wanorde wat nou in skole te bespeur is (Anon, 2005a:1-3). Par. 1.2 verwys ook daarna dat die wangedrag van die leerders toegeskryf kan word aan die feit dat sommige ouers nie hulle primêre verantwoordelikheid ten opsigte van hulle kinders nakom nie. Janzen (2005) meen dat die negatiewe houding van ouers die toepassing van dissipline deur opvoeders strem. Dit is duidelik dat die meeste van die deelnemers dink dat die waardes wat in die huis aan die leerders oorgedra word, bepaal hoe hulle hulself in die samelewing sal handhaaf.

Die gevolgtrekking kan vanuit die analise van die empiriese data gemaak word dat opvoeders, ten spyte van geweld in die gemeenskap en die land, wel fisiese veiligheid in hul skole ervaar. Die deelnemers in die Dr. R.S. Mompati-distrik beleef

egter gebrekkige psigologiese sekuriteit as gevolg van faktore soos in die voorafgaande paragrawe gerapporteer is. Dit kan gesien word as ’n noodkreet waaraan die werkgewer in hierdie streek aandag sal moet skenk.

# 4 HOOFSTUK 4: BEVINDINGS EN AANBEVELINGS

## 4.1 *Inleiding*

Die empiriese ondersoek wat uit die data-analise verkry is, is in die vorige hoofstuk gerapporteer. 'n Kort oorsig van die verskillende hoofstukke sal vervolgens aangebied word. Daarna sal die bevindings van die studie, asook die aanbevelings wat daaruit spruit, beskryf word.

## 4.2 *Samevatting van vorige hoofstukke*

In hoofstuk 1 word die probleemstelling, navorsingsdoelwitte en navorsingsontwerp en -metodologie uiteengesit. 'n Teoretiese en konseptuele agtergrond van begrippe in hierdie hoofstuk ondersteun die literatuur en empiriese data.

Die oorkoepelende doelstelling van hierdie studie, soos uiteengesit is in par. 1.6 van hoofstuk 1, was om vanuit 'n arbeidsregtelike perspektief te bepaal watter persepsies opvoeders het rakende die invloed van leerderwangedrag op hulle sekuriteit. Ten einde hierdie doelstelling te bereik, is die volgende subdoelstellings nagestreef:

- *om te bepaal op watter wyse die Grondwet, onderwys- en arbeidswetgewing asook die gemene reg en regspraak die sekuriteit van opvoeders beskerm en verseker;*

- *om empiries te bepaal watter persepsies en sienings opvoeders het rakende leerderwangedrag en hulle sekuriteit in die werkplek;*

- *om die rol van die beheerliggaam, die Staat en die ouers in die sekuriteit van die opvoeders te bepaal, met spesifieke verwysing na leerderwangedrag.*

In hoofstuk twee is gefokus op die ontleding van die regsdeterminante wat 'n invloed het op die regte en sekuriteit van opvoeders. Die eerste subdoelstelling is in hierdie hoofstuk bereik deurdat relevante wetgewing, naamlik die Grondwet, onderwys- en arbeidswetgewing, geïdentifiseer is wat ten doel het om die regte en sekuriteit van

opvoeders te beskerm (vergelyk par. 2.2). ’n Verskeidenheid onderwys- en arbeidswetgewing, soos in die voorgenoemde paragraaf 2.2 aangedui is, bied aan opvoeders sekuriteit ten opsigte van hulle arbeidsregte. Die Grondwet bied beskerming vir die fundamentele regte van elke persoon in die land, waarby opvoeders in dieselfde mate as alle ander inwoners, aanspraak kan maak op die beskerming van hulle fundamentele regte.

Hoofstuk drie bevat eerstens ’n beskrywing van die navorsingsontwerp en tweedens die analise van die ingesamelde empiriese data. Die kwalitatiewe metode van navorsing bied, vanuit ’n interpretivistiese navorsingsfilosofie, ’n basis vir die empiriese ondersoek. Die keuse van hierdie navorsingsfilosofie en -metode was om die persepsies van die deelnemers te beskryf soos wat hulle hul sekuriteit te midde van die ernstige wangedrag van die leerders beleef. Al drie subdoelstellings is bereik deurdat die deelnemers hul persepsies ten opsigte van wetgewing, hul belewenis van die wangedrag van die leerders, asook die betrokkenheid en ondersteuning van die verskillende rolspelers in die handhawing van dissipline gespreek het.

In hoofstuk vier sal bevindings saamgestel word wat gebaseer is op die literatuuroorsig, asook die onderskeie kategorieë en temas wat na vore getree het tydens die empiriese ondersoek. Ten slotte sal aanbevelings ten opsigte van die bevindings gemaak word.

Tydens die analise van die empiriese data wat ingesamel was, is drie hoofkategorieë geïdentifiseer, naamlik skoolverwante faktore, arbeidsregtelike faktore en samelewingsverwante faktore. Uit hierdie kategorieë wat in hoofstuk drie bespreek is (vergelyk par. 3.10.1 tot 3.10.3) het ook verskeie temas ontwikkel (vergelyk tabel 3.1). ’n Deurlopende tema, naamlik psigologiese sekuriteit, het uit die data na vore getree. Die bevindings wat voortspruit vanuit die literatuurstudie en die analise van die empiriese data, word vervolgens aangebied. Dit word aan die hand van die drie kategorieë, soos uit die empiriese data na vore gekom het, gedoen.

### *4.3 Bevindings rakende skoolverwante faktore*

Die empiriese ondersoek toon duidelik aan dat die deelnemers een gemeenskaplike bedreiging, naamlik gebrekkige psigologiese sekuriteit, in hul werksplek beleef as gevolg van die wangedrag van die leerders. Oosthuizen *et al*. (2004:1) verklaar dat die mens 'n afhanklikheid en behoefte aan sekuriteit het. Die fokus van hierdie studie is om vanuit 'n arbeidsregtelike perspektief die gevoel van *geborgenheit*, wat tot sekuriteit by die deelnemers sal lei, daar te stel. Vanuit 'n regsperspektief beskryf die Collins Cobuild Essential Dictionary (1989:716) sekuriteit as "*legal protection against possible harm or lost*" (vergelyk par. 1.3.2). In die empiriese ondersoek is bevind dat die deelnemers dit beleef dat die werkgewer hulle nie werklik teen die wangedrag van die leerders beskerm nie. 'n Deelnemer beleef dat daar in die onderwys "nie meer werklike ondersteuning van die owerheidsweë gebied word nie". Die bevinding is egter dat die deelnemers as gevolg van hierdie gevoel van psigologiese onveiligheid onbewustelik na mekaar uitreik vir pastorale ondersteuning en berading (vergelyk par. 3.10.1.1).

Soos reeds aangedui in hoofstuk 2, is daar wel wetgewing, onder andere die Skolewet, wat dissipline in skole reguleer. Baie opvoeders is egter onbewus van hierdie wetgewing of ervaar dit as onvoldoende om dissipline toe te pas. Die bevinding is daarom dat die deelnemers magteloos voel om dissipline toe te pas omdat hulle meen die werkgewer lyfstraf weggeneem het, maar nie alternatiewe maatreëls verskaf het nie. Hierdie gevoel van magteloosheid lei tot onsekerheid wat as emosionele opkropping ervaar word. Malan (Van Niekerk, 2008:6) bevestig dat die onsekerheid van opvoeders, dissiplinêre probleme en geweld in skole faktore is wat die gesondheid van opvoeders beïnvloed (vergelyk par. 1.4.1). In die empiriese ondersoek is dit ook bevind dat die meeste van die deelnemers self aan siektetoestande soos hipertensie, stres en depressie ly of andersins weet van kollegas wat aan genoemde siektetoestande ly. Hoewel daar wetgewing bestaan (vergelyk par. 2.2) wat daarop gerig is om die veiligheid en sekuriteit van die persoon te beskerm, is bevind dat opvoeders beperkte kennis van hierdie wetgewing toon, en in party gevalle geen kennis het nie. Die bevinding is verder dat die deelnemers 'n verwagting koester dat die werkgewer hulle teen die wangedrag van die leerders

moet beskerm. Die feit dat opvoeders op mekaar steun vir hulle psigologiese sekuriteit, dui op ’n leemte aan ondersteuning aan die kant van die werkgewer. Algemene opmerkings soos dat hulle psigologies nie veilig en beskermd voel nie of dat die werkgewer verantwoordelik is om in hulle behoeftes te voorsien, is deur die deelnemers opgehaal. Stellings soos hierdie bewys dat die deelnemers ’n behoefte aan geborgenheid in hul werkplek het, wat veral deur die werkgewer vervul moet word.

Par. 1.4.3 van die literatuur dui aan dat gedragskodes daarop gerig is om die gedrag, optrede en houdings van leerders te reguleer ten einde dissipline by skole te bevorder. Die Skolewet 84 van 1996 bemagtig en bied riglyne aan Beheerliggame van openbare skole vir die opstel van ’n gedragskode (vergelyk par. 2.2.3.3). Die literatuur dui verder aan dat gedragskodes ten doel het om ’n veilige omgewing daar te stel wat bevorderlik is vir onderrig en leer (vergelyk par. 1.4.3).

In die empiriese ondersoek is aangedui dat die meeste deelnemers, ten spyte van die bestaan van gedragskodes by skole, steeds bedreig voel deur die wangedrag van die leerders. Slegs een deelnemer vind sy sekuriteit in die “wetlik korrek saamgestelde gedragskode” soos hy dit noem, terwyl ’n ander deelnemer weer bedreig voel deur leerders sowel as kollegas wat die gedragskode verontagsaam. Die bevinding is dat opvoeders in verskillende skole, maar ook in dieselfde skool, nie die gedragskode van die skool ewe effektief implementeer nie. Vandaar die gevoel van onsekerheid by diegene wat konsekwent ten opsigte van die gedragskode optree. Inkonsekwente implementering van die gedragskode hou ’n risiko in vir diegene wat dit wel implementeer in die sin dat hulle in onguns by leerders kom en dus teikens van geweld kan word. Die ondersoek bewys ook dat sommige deelnemers nie werklik vertroud is met die inhoud van hul onderskeie skole se gedragskodes nie. Die gedragskodes van die meeste skole onderskei egter duidelik tussen ernstige en minder ernstige oortredings, gepaste strafmaatreëls, asook die persone wat verantwoordelik is om aksie ten opsigte van die oortredings te neem.

In die empiriese ondersoek is vasgestel dat die betrokkenheid van die beheerliggaam bydra tot die deelnemers se gevoel van veiligheid en sekuriteit deurdat leerders wat

ernstige oortredings begaan, dissiplinêr verhoor word. Dit skep by die deelnemers daardie gevoel van geborgenheid, sodat hulle hul opvoedingstaak in ’n veilige omgewing kan uitvoer. Die onbetrokkenheid of andersins beperkte betrokkenheid van die beheerliggaam in sekere skole, tesame met die wangedrag van die leerders, lei daartoe dat die deelnemers gebrekkige sekuriteit beleef en dat hulle al hoe meer ’n behoefte ontwikkel om die professie te verlaat. Die bespreking in par. 1.4.1 dien as bevestiging van die grootskaalse uittog van opvoeders uit die beroep. Die bevinding is dat die rol van die beheerliggaam in die handhawing van dissipline van onskatbare waarde geag word.

## *4.4 Bevindings rakende arbeidsregtelike faktore*

Met verwysing na die oorkoepelende tema, word daar beoog om vanuit ’n arbeidsregtelike perspektief te bepaal watter persepsies opvoeders het rakende die invloed van leerderwangedrag op hulle sekuriteit. In die empiriese ondersoek is die rol van die werkgewer ten opsigte van die sekuriteit van die deelnemers beklemtoon. Par. 3.10.2 rapporteer aspekte rakende die toepassing van beleid, werksekerheid, ondersteuning, die hantering van politiek in die onderwys, asook kommunikasie tussen die werkgewer en werknemer wat die sekuriteit van die deelnemers bedreig.

### *4.4.1 Beleid*

Wetgewing wat die veiligheid en sekuriteit van opvoeders beskerm en verseker, word in par. 2.2.3 van die literatuur aangedui. Die Handves van Regte verskans in artikel 10 van die Grondwet 108 van 1996 die reg op waardigheid van die persoon. Lyfstraf, wat die waardigheid van die leerders skend, is ’n vorm van straf wat deur wetgewing verbied word. In par. 3.10.2.1 word die deelnemers se frustrasie ten opsigte van die afskaffing van lyfstraf beskryf. Die bevinding is dat die deelnemers teleurgesteld is in die manier hoe die werkgewer die toepassing van beleid op skoolvlak ondersteun. Die werkgewer het die beleid van ’n skool geïgnoreer deur te beslis dat ouer leerders weer tot die skool hertoegelaat word. Leerders, sommige selfs een en twintig jaar en ouer, daag volgens die deelnemers die outoriteit van opvoeders uit en veroorsaak dissiplinêre probleme by die skool. Hulle belewenis is dat ouer leerders ’n bedreiging vir die veiligheid van beide opvoeders en mede-leerders inhou. Die deelnemers

meen dat amptenare van die Departement van Basiese Onderwys in die Dr. R.S. Mompati-distrik hul posisies misbruik om hul gesag op skole af te dwing. In die proses word die leerders en ouers in hul minagting van skoolreëls en beleid deur die werkgewer ondersteun. Hierdie optrede van die werkgewer lei daartoe dat die deelnemers beide fisiese en psigologiese onsekerheid ervaar.

### *4.4.2 Werkgewer-werknemer-verhouding*

Rossouw (2008:13) noem dat daar eerstens ’n werksverhouding tussen die werkgewer en die werknemer gevestig moet word voordat ’n arbeidsregtelike verhouding gebind kan word en werknemers aanspraak op sekuriteit in die werksplek kan maak (vergelyk par. 2.3.1). Tydens die empiriese ondersoek het verskeie deelnemers hul mening uitgespreek ten opsigte van die werkgewer se plig om opvoeders se veiligheid en sekuriteit te beskerm en verseker. Die deelnemers sien die werkgewer as die belangrikste verantwoordelike party wat in hulle behoeftes moet voorsien. Die deelnemers sien nie net salarisse as hul grootste behoefte nie. Hulle behoefte is dieper gegrond in hulle gevoel van *geborgenheit*. Hoewel die deelnemers geen of andersins beperkte fisiese bedreigings beleef, is die bevinding dat die wangedrag van die leerders innerlike vrese by die deelnemers wek wat as psigologiese bedreigings beleef word. Ten spyte van die bestaan van wetgewing (vergelyk par. 2.2) is dit bevind dat die deelnemers onkunde ten opsigte van die toepaslike wette toon. Joubert (2009:10) bevestig dat opvoeders wat geen kennis van wetgewing het nie, maklik oortredings kan begaan. Die bevinding is dat die deelnemers as volg van hierdie onkunde nie daarvan bewus is dat hulle aanspraak op hul fundamentele en arbeidsregte kan maak nie.

### *4.4.3 Werksekerheid*

In die literatuur (par. 1.4.1) is aangedui dat, behalwe vir faktore soos onvoldoende salarisse, verhoogde werkslading en gebrek aan professionele erkenning, werksekerheid nog ’n faktor is wat bydra tot die gevoel van onsekerheid by opvoeders (Anon, 2005a:15). Die psigologiese sekuriteit van die deelnemers kan verder uitgebrei word na die gebrek aan werksekerheid wat hulle ervaar. Die empiriese ondersoek het aan die lig gebring dat die deelnemers simpatie betoon met

tydelike opvoeders wat onseker is oor hulle toekoms in die onderwys en salarisse wat nie betyds betaal word nie. Ten spyte van hierdie faktore moet tydelike opvoeders, net soos permanente personeel, die wangedrag van die leerders trotseer.

In die empiriese ondersoek is verder bevind dat die deelnemers ontevrede is met die onvermoë van die werkgewer om gereeld vakante poste te adverteer. Faktore soos salarisse, tydelike aanstellings, personeeltekorte, oorvol klasse asook die swak dissipline van die leerders lei tot ’n gebrek aan kwaliteit-werksverrigting en gebrekkige werksbevrediging aan die kant van die deelnemers. Die gevoel van onsekerheid en gebrek aan sekuriteit wat die deelnemers beleef, is gesetel in die werkgewer se onvermoë om sy plig behoorlik te vervul.

*4.4.4 Ondersteuning*

Die gemeenregtelike pligte van werkgewers word in par. 2.3.4 van die literatuur uiteengesit. Die pligte van die werkgewer sluit onder andere in om die werknemer in diens te neem, om die werknemer te vergoed vir dienste gelewer, om die nodige fasiliteite aan werknemers te voorsien en ook om veilige en gesonde werksomstandighede aan die werknemer te voorsien. In die literatuur (par. 2.3.4) dien die hofsaak *Van Deventer v Workmen’s Compensation Commissioner,* 1962 (4) SA 28 (T) 31B-C as bevestiging van die werkgewer se plig om die veiligheid van werknemers te verseker. Die plig word verder uitgebrei na die mate van ondersteuning wat die werkgewer aan sy werknemers bied of nie bied nie. Par. 2.2.2 verwys ook verder na die diensvoorwaardes van opvoeders in openbare skole. Dit maak voorsiening vir opvoeders as werknemers van die Departement van Basiese Onderwys om aanspraak te maak op hulle reg op fisiese veiligheid en psigologiese sekuriteit in die werkplek.

Die empiriese ondersoek het egter getoon dat ’n goeie ondersteuningsbasis aan die kant van die werkgewer ontbreek. Hoewel die deelnemers aangedui het dat hulle nie werklik fisiese bedreigings beleef nie, is bevind dat daar tog ’n onderlinge vrees vir moontlike gevaarsituasies by hulle bestaan. Die bevinding is dat finansiële ondersteuning aan die kant van die werkgewer kan help om die nodige fisiese fasiliteite by skole op te skerp.

Die feit dat die kurrikulum al vier keer sedert 1998 verander het en die onvoldoende ondersteuning van vakadviseurs, het ’n negatiewe uitwerking op die gesondheid van die deelnemers. Die deelnemers noem dat die departement min doen om hulle te ondersteun, maar meer druk op opvoeders uitoefen om goeie akademiese resultate te lewer. Die bevinding is dat die deelnemers onder geweldige druk verkeer en met stres en verwante siektetoestande te kampe kry. Volgens die deelnemers bied die werkgewer nie die nodige meganismes wat veral psigologiese sekuriteit kan verseker en bevorder nie.

### *4.4.5 Wetgewing*

Die belangrikste regsdeterminante wat die sekuriteit van opvoeders reguleer, word in die literatuurstudie in hoofstuk 2 uiteengesit. Die Grondwet, arbeids- en onderwyswetgewing bied in verskillende artikels beskerming vir die fundamentele en arbeidsregte van opvoeders. Die Skolewet 84 van 1996 maak onder andere voorsiening vir die bestuur van skole. Dit sluit ook die bestuur van leerders se gedrag in om sodoende opvoeders teen hulle wangedrag te beskerm. Artikel 9(1-4) van die Regulasies vir Veiligheidsmaatreëls by Openbare Skole beveel duidelike riglyne vir veiligheidsmaatreëls by skole aan.

In die empiriese ondersoek is bevind dat bykans al die deelnemers gebrekkige kennis van arbeids- en ander wetgewing toon. Die deelnemers het ’n vae idee dat daar wel wetgewing bestaan, maar kan nie dié identifiseer wat daarop gerig is om hulle veiligheid en sekuriteit te beskerm en verseker nie. Sommige van die deelnemers het hul onkunde pront-uit as “dom” ten opsigte van wetgewing beskryf. Die bevinding is dat die deelnemers se onkunde hulle kwesbare slagoffers van die wangedrag van die leerders by die skool kan maak. Verskeie outeurs (Van Kerken, 2003:103, Shaba *et al.*, 2003:13-15 en Joubert, 2009:10) waarsku dat opvoeders met geen kennis van onderwysreg maklik buite die raamwerk van wetgewing kan optree. Dit kan aanleiding gee tot dissiplinêre aanklagte en selfs moontlike ontslag tot gevolg hê. Opvoeders wend hulle daarom tot vakbonde vir beskerming van hulle fundamentele en arbeidsregte.

Die bevinding is verder dat kinderregte en die arrogante houding van leerders 'n groot impak op die psigologiese sekuriteit van die deelnemers het in die sin dat die deelnemers teleurgesteld is in die waardes wat aan kinderregte gekoppel word. Die bevinding is dat etiese waardes plek gemaak het vir humanistiese waardes. Die deelnemers beleef dat waardes soos respek vir dissipline en die gesag van opvoeders nie deur ouers tuis ondersteun word nie. Opvoeders word openlik deur ouers in die teenwoordigheid van hulle kinders bespreek. Dit wek by die leerders die idee dat die gesag van die opvoeders nie belangrik is nie. Hierdie morele waardes word verder beïnvloed deur samelewingsverwante faktore, soos vervolgens bespreek sal word.

### *4.5 Bevindings rakende samelewingsverwante faktore*

Die waardes wat ouers, leerders en selfs die samelewing aan opvoeding heg, bevorder die persepsie dat opvoeding in die huis en in die skool nie meer as belangrik geag hoef te word nie. Dit word weerspieël in die mate van betrokkenheid, oftewel onbetrokkenheid van sommige ouers in die opvoeding van hulle kinders.

#### *4.5.1 Ouers*

In par. 1.2 word die ouers se aandeel in die wanorde wat in die samelewing heers toegeskryf aan die persepsie dat sommige ouers nie hul primêre plig ten opsigte van hulle kinders behoorlik vervul nie. Die empiriese ondersoek het aan die lig gebring dat leerders opstandig en bombasties raak wanneer hulle in konflik met opvoeders en mede-leerders verkeer. Hierdie optrede van die leerders word toegeskryf aan die voorbeeld van hoe ouers met mekaar in die huis kommunikeer en wat deur die kinders as aanvaarbaar in die samelewing uitgebeeld word. Die bevinding is dat leerders nie altyd weet hoe om hulle emosies te hanteer nie, omdat daar niemand is wat hulle kan leer of lei hoe om dit te doen nie.

Die arrogante houding van die leerders word volgens deelnemers aan die empiriese studie aangemoedig deur die onregmatige inmenging van die ouers. Die feit dat ouers opvoeders negatief voor hulle kinders in die huis bespreek, ontwikkel by die leerders die persepsie dat hulle hul nie aan gesag by die skool hoef te onderwerp nie. Die bevinding is dat leerders onder die indruk verkeer dat hulle ouers se geld en

status hulle altyd uit die moeilikheid by die skool sal kry. Die bevinding is verder dat die deelnemers ’n gevoel van magteloosheid teen die aanslae van beide die ouers en leerders beleef.

Die swak opvoeding van die leerders is ’n verdere faktor wat bydra tot die gebrekkige psigologiese sekuriteit wat die deelnemers ervaar. Die bevinding is dat etiese waardes soos respek, eerlikheid, gehoorsaamheid en integriteit by leerders ontbreek.

Daar is ook bevind dat die ouers ’n negatiewe beeld van opvoeders na die leerders uitdra. Die idee word by hulle gewek dat hulle nie respek aan opvoeders hoef te toon nie. Dit lei daartoe dat die gesag en professionaliteit van die opvoeder dikwels nie erken en respekteer word nie. Die bevinding is dat die deelnemers weerloos en mismoedig voel teen die aanslae van ouers en leerders en hulle verder psigologies onveilig en bedreig in die werkplek laat voel.

#### *4.5.2 Gesinslewe*

In die empiriese ondersoek is vasgestel dat die wangedrag van die leerders definitief ’n negatiewe uitwerking op die lewens van die deelnemers na ure het. Hoewel die deelnemers weinig of geen fisiese bedreigings beleef nie, is die bevinding dat die wangedrag van die leerders tog hulle gesondheid, persoonlike en sosiale lewens affekteer. Opvoeders beleef spanning in hulle werksplek as gevolg van werksdruk. Hierdie spanning word verder verhoog deur die wangedrag van die leerders. Die deelnemers vind dikwels nie ’n uitlaatklep by die skool om hulle spanning te ontlaai nie. Gevolglik word die gesin by die huis die slagoffers van hierdie spanning en opgekropte emosies wat ontlaai moet word. Die negatiewe effek van leerderwangedrag vind verder aanslag in die wyse waarop dit gesinsverhoudings beïnvloed. Die emosionele spanning wat opvoeders ervaar, lei daartoe dat die deelnemers voel dat hulle “mislukkings” in die oë van die gemeenskap is. Hulle huldig die mening dat hulle professionaliteit nie erken word nie en voel dat die gemeenskap hulle agter hulle rûe bespreek. Die bevinding is dat hulle psigologies onseker oor hulself voel en hulle gevolglik eerder van sosiale aangeleenthede in die gemeenskap onttrek.

### *4.5.3 Samelewing*

Die morele verval van die samelewing is ’n faktor wat oorgedra word na die leerders. In sommige gemeenskappe kan hierdie morele verval toegeskryf word aan sosio-ekonomiese omstandighede.

#### 4.5.3.1 Sosio-ekonomiese omstandighede

In par. 1.2 van die literatuur word genoem dat opvoeders elke dag leerders met verskillende leer-, persoonlike en omgewingsprobleme moet onderrig. Hierdie probleme van die leerders is dikwels onderliggende redes vir wangedrag en opvoeders word die slagoffers van leerders se onderskeie emosies. Wanorde in die gemeenskap word verbind met die wanorde wat deesdae in sommige skole te bespeur is (Anon, 2005a:1-3).

Die empiriese ondersoek het onthul dat die sosio-ekonomiese gaping tussen opvoeders en leerders, asook tussen die leerders onderling, ’n faktor is wat veiligheid by die skool bedreig. Armoede, drank- en dwelmmisbruik, bendebetrokkenheid en misdaad is algemene faktore waaraan leerders reeds vanaf ’n baie jong ouderdom in laer sosio-ekonomiese gebiede blootgestel word. Die bevinding is dat hierdie swak ekonomiese omstandighede ’n invloed op die dissipline van leerders het.

Die onverantwoordelikheid van sommige ouers word weerspieël in die feit dat baie ouers hul kinders sonder die toesig van volwassenes in die huis laat woon. Dit wek by die leerders die persepsie dat hulle hul nie aan die gesag van opvoeders of volwassenes hoef te onderwerp nie, omdat hulle self leiding in hul daaglikse voortbestaan neem. Leerders raak soms opstandig en aggressief wanneer hulle in konfliksituasies verkeer, omdat hulle nie weet hoe om hulle emosies te hanteer nie. Die bevinding is dat die deelnemers psigologies onveilig voel, omdat hulle vrees dat die leerders hulle kan aanval.

Die bevinding is verder gebaseer op die deelnemers se gebrekkige sekuriteit wat gegrond is op hulle belewenis van die goeie ekonomiese stand van sommige leerders. Die feit dat leerders roem op die geld en status van hulle ouers wek ’n gevoel van onsekerheid by die deelnemers. Die effektiewe toepassing van dissipline

word gestrem deur die arrogante houdings wat leerders teenoor opvoeders openbaar. Die deelnemers verkies om eerder versigtig teenoor leerders op te tree, omdat hulle botsings met ouers wil vermy. In die proses word die gesag van die deelnemers deur die arrogansie van leerders asook die status van ouers ondermyn. Die bevinding is dat die ekonomiese omstandighede van die leerders 'n faktor is wat daartoe bydra dat die deelnemers soms psigologies onveilig en onseker voel.

4.5.3.2 Negatiewe inmenging en politiek

Die idealisme waarmee opvoeders die professie betree, neem ongelukkig af namate hulle met die werklikheid in skole gekonfronteer word (vergelyk par. 1.1 en 1.2). Le Roux (2009) bevestig dat onderwyservakbonde talle skrywes van lede ontvang wat uit die professie wil bedank as gevolg van geweld en ander toestande in skole. Negatiewe inmenging in skoolsake en ook politiek in die gemeenskap word deur die deelnemers as bedreigings ervaar.

Die deelnemers beleef dat lede van die gemeenskap om eie politieke gewin negatief in sake by die skool inmeng. 'n Voorbeeld hiervan is dat lede van die gemeenskap leerders wat veel ouer as die norm-ouderdom van die graad is, op die skool afforseer het. Hulle wou by die ouers die persepsie wek dat hulle politieke stand in die gemeenskap voorrang bo die outoriteit van opvoeders geniet. In die proses is die gesag van die opvoeder ten aanskoue van die leerders ondermyn. Dit wek verder by mede-leerders die persepsie dat hierdie optrede van gemeenskapslede aanvaarbaar is en dat hulle deur soortgelyke handelinge resultate kan bereik. In die proses word die dissipline van die skool omvergewerp deur die onverantwoordelike optrede van sogenaamde gemeenskapsleiers. Die ondersoek het ook verder onthul dat werknemers van die Departement van Basiese Onderwys swig voor die politieke siening en manipulasie van gemeenskapslede. Dit wek die idee dat politiek aan die orde van die dag in die funksionering van die Departement van Basiese Onderwys in die streek is. Dit versterk die deelnemers se gevoel van psigologiese onsekerheid wat hulle behoefte om die onderwys as professie te verlaat verder verhoog.

#### 4.5.3.3 Status van die opvoeder

Par. 1.1 van die literatuur dui verder aan dat daar 'n afname in die moreel van opvoeders bespeur word. Davies (Rademeyer, 2006:1) meen dat die situasie beïnvloed word deur onaangename werksomstandighede, materiële agteruitgang van opvoeders en ook die toenemende gevoel dat alles 'n futiele poging is. Die verwagtinge en visie waarmee die meeste opvoeders die professie betree, word dus gesmoor en word struikelblokke om hulle missie te bereik (Loock *et al.*, 2006:18).

In die empiriese ondersoek het die deelnemers dit bevestig dat die voordele van die professie aanloklik klink, maar dat die werklikheid van die praktyk teleurstellend is. Die gebrekkige respek vir dissipline en gesag vir opvoeders dra verder daartoe by dat die deelnemers se gevoel van onsekerheid toeneem. Die ouers van leerders dra ook by tot die lae status wat die gemeenskap aan die professie koppel. Die feit dat hulle negatiewe aanmerkings van opvoeders in die teenwoordigheid van hulle kinders maak, dra by tot die minagting vir die outoriteit van opvoeders. Die deelnemers beleef dat die moreel van opvoeders verder afgebreek word deur die negatiewe ondersteuning wat ouers aan hulle kinders bied. Dit wek by die deelnemers die gevoel dat opvoeders nie die nodige ondersteuning en waardering van die gemeenskap geniet nie. Dit lei tot lae moreel en werksbevrediging aan die kant van opvoeders, omdat hulle magteloos voel teen die aanvalle van ouers en leerders. Die bevinding is dat die psige van die deelnemers afgetakel word deur hul siening dat hulle aansien en respek in die samelewing verloor het. Dit lei tot sosiale ontrekking wat deur die meeste deelnemers beleef word.

## *4.6 Bevindings rakende die deurlopende tema van psigologiese sekuriteit*

Uit die bevindings van die drie kategorieë blyk dit duidelik dat die deelnemers 'n hoë mate van gebrekkige psigologiese sekuriteit ervaar. Die grondslag vir psigologiese sekuriteit kan gebou word op die twee teorieë soos beskryf in par.1.3 van die literatuurstudie. Die teorie van Maslow beskryf die plasing van menslike behoeftes, waaronder die behoefte aan veiligheid wat gekoppel kan word aan die deelnemers se gevoel van fisiese veiligheid en psigologiese sekuriteit. *Geborgenheit,* wat die grondslag vir die vakgebied Onderwysreg vorm, bied die tweede basis vir veiligheid

en sekuriteit wat deur die deelnemers as ’n behoefte ervaar word (vergelyk ook par. 1.3.2).

Die aanvanklike redes vir die keuse van die professie is deur die deelnemers tydens die empiriese ondersoek gemotiveer as hulle liefde en passie vir kinders, die feit dat hulle geroepe gevoel het om die professie te betree of andersins om na die welsyn van leerders om te sien en ‘n verskil in hulle lewens te maak. Die bevinding is dat daar in die meeste gevalle nie aan die deelnemers se verwagtings en ideale voldoen is nie. Redes hiervoor is dat hulle toenemend bedreig voel deur die wangedrag wat leerders in skole openbaar. Verskeie ander faktore soos die politiek, ontevredenheid met die werknemer, onbetrokkenheid en negatiewe inmenging aan die kant van die ouers dien as verdere redes wat die sekuriteit van opvoeders bedreig. Baie van die deelnemers het selfs hulle teleurstelling in die verwagting van die professie uitgespreek. Die empiriese ondersoek het ook aan die lig gebring dat die deelnemers die uittartende gedrag en blatante minagting van gesag aan die kant van die leerders nie goed hanteer nie. Die inhibering van opgekropte emosies ontaard in siektetoestande soos stres en depressie.

Die psigologiese onsekerheid van die deelnemers word verder beïnvloed deur hulle onkunde van wetgewing en regsbeginsels. Die deelnemers kan hulself nie teen die aanslae van die ouers en leerders verdedig nie. Die feit dat leerders hulle dreig met hul regsgeleerde ouers en die hooggeregshof, skep onmiddellik daardie gevoel van onsekerheid by die deelnemers. Soos reeds genoem, weerspieël die deelnemers onkunde oor op watter wetgewing hulle hulle kan beroep om hulle regte te beskerm.

Werksekerheid is nog ’n faktor wat ’n psigologiese bedreiging vir die deelnemers inhou. Die proses van oortolligverklaarde personeel, tydelike aanstellings en salarisse wat laat betaal word, dra ook daartoe by dat opvoeders onvoldoende werksekerheid beleef. Baie van die deelnemers het in die empiriese ondersoek aangedui dat die werkgewer ’n plig het om ’n veilige omgewing vir sy werknemers te skep. By sommige deelnemers bestaan daar egter twyfel dat die werkgewer hierdie plig bevredigend kan vervul. Hierdie aanname is gegrond op die feit dat deelnemers ontevrede is met die werkgewer se ondersteuning van beleid asook die feit dat hulle

noem dat die Departement van Basiese Onderwys in die streek deur politiek gemanipuleer word.

Die bevinding is dat opvoeders in die Dr. Ruth Segomotsi Mompati-distrik in 'n hoë mate gebrekkige psigologiese sekuriteit aan die hand van faktore soos in die drie kategorieë bespreek is, waarby ingeslote die ernstige wangedrag van die leerders.

In hoofstuk 3 het drie kategorieë, naamlik skoolverwante faktore, arbeidsregtelike faktore en samelewingsverwante faktore uit die interpretasie van die empiriese data (vergelyk par. 3.10) na vore getree en waarop die bevindings, soos hierbo uiteengesit is geformuleer is. Aanbevelings, aan die hand van hierdie drie kategorieë, sal volgende aangebied word. Laastens sal aanbevelings ten opsigte van die deurlopende tema, psigologiese sekuriteit, aangebied word.

### *4.7 Aanbevelings rakende skoolverwante faktore*

Die feit dat die deelnemers na mekaar uitreik vir pastorale ondersteuning en berading dui op 'n behoefte aan *geborgenheit* in die werksplek van opvoeders. Dit is 'n leemte aan die kant van die werkgewer wat in 'n ernstige lig beskou moet word. Die aanbevelings wat volg is gebaseer op die behoefte aan *geborgenheit.*

- Die eerste aanbeveling is dat die werkgewer ernstig aandag aan die behoefte aan geborgenheid van sy werknemers moet skenk. Dit kan geskied deur gereeld 'n motiveringsessie by werkswinkels in te sluit wat deur 'n goeie motiveringspreker aangebied word met die doel om die moreel van opvoeders te lig.

- Tweedens moet genoeg poste vir skoolsielkundiges geskep word, wat nie net daarop ingestel is om leerders te ondersteun nie, maar wat ook berading aan opvoeders kan verskaf.

- 'n Derde aanbeveling is dat opvoeders hulself moet vergewis van bestaande wetgewing ten opsigte van maatreëls vir lyfstraf. Straf wat gerig is op korrektiewe gedrag, en wat binne die raamwerk van wetgewing toegepas word, sal die onaanvaarbare toepassing daarvan reguleer. Dit sal aan opvoeders

die nodige beskerming en sekuriteit bied om met 'n "onsigbare wapen" gesag en dissipline op leerders uit te oefen.

- Die laaste aanbeveling in hierdie kategorie is gerig op die erkenning van die vennootskap tussen die beheerliggame van skole en die Departement van Basiese Onderwys. Die rol van die beheerliggaam moet nie net gerig wees op die hantering van dissiplinêre aangeleenthede ten opsigte van leerders nie. Die Skolewet behoort aangepas te word sodat meer klem gelê word op die beskermingsrol van die beheerliggaam in die veiligheid en sekuriteit van opvoeders se werksplek.

### *4.8 Aanbevelings rakende arbeidsregtelike faktore*

Pogings deur skole om die wangedrag van leerders te beperk, word dikwels verontagsaam deur amptenare van die Departement van Basiese Onderwys in die Dr. R.S. Mompati-distrik. Dit hou 'n bedreiging vir die veiligheid van beide die leerders sowel as die opvoeders in. Die volgende is aanbevelings ten opsigte van arbeidsregtelike faktore.

- Die dissiplinêre beleid van skole deur die werkgewer moet erken en respekteer word, mits dit binne die raamwerk van wetgewing opgestel en toegepas word.

- Ten einde 'n groter bewusmaking van wetgewing en die reg te kweek, kan hoëronderwysinstansies soos universiteite verpligte modules oor wetgewing in voorgraadse kurrikulums in die Opvoedkunde insluit. Diensdoende opvoeders kan gemotiveer word om kursusse in Onderwysreg te volg wat aan kwalifikasie-erkenning gekoppel word.

- Om werksonsekerheid te beperk, word aanbeveel dat vakante poste ten minste twee keer per jaar in 'n vakaturelys in die provinsie geadverteer word.

- Die werkgewer moet sy kurrikulumbenadering en ondersteuning hersien deur meer doelgerigte en ondersteunende metodes na te vors waarby opvoeders in hulle onderrig kan baat.

### 4.9 Aanbevelings rakende samelewingsverwante faktore

Die wangedrag van die leerders word geassosieer met die morele verval van waardes in die samelewing. Aanbevelings in hierdie kategorie sluit die ouers van leerders, die gesinslewe van die deelnemers en die samelewing in.

- Daar word eerstens aanbeveel dat ouers hulle eie optrede en opvoedingsmetodes moet hersien en dat die leerders tuis 'n roetine moet hê soos in die skool.
- Tweedens moet ouers die professionele status van opvoeders eerbiedig deur positiewe aanmerkings in die teenwoordigheid van kinders te maak wat die professie bevorder.
- 'n Derde aanbeveling is dat opvoeders vir hulself meganismes moet beding om met die uitdagings van hul werkslewe tred te hou. Sosiaal-opvoedkundige verenigings of kurrikulumverwante werkgroepe kan gevorm word.
- Die opvoeding van die leerders is nie 'n een-mansaak nie. Daar word vierdens dus aanbeveel dat alle rolspelers in die gemeenskap hulle morele en godsdienstige plig in die opvoeding van leerders vervul.

### 4.10 Aanbevelings rakende die deurlopende tema van psigologiese sekuriteit

Die aanbevelings vir die deurlopende tema is gegrond op die aannames van die twee teorieë, naamlik dié van Maslow en van *geborgenheit,* met die oog op die bereiking van die oorkoepelende doelstelling van hierdie studie.

- Eerstens moet die werkgewer alle moontlike meganismes vir veiligheid by skole instel wat sal bydra tot opvoeders se gevoel van sekuriteit in die werksplek. Sodanige meganismes sluit in finansiële toekennings wat spesifiek daarop gerig is om fisiese veiligheid te verseker. Veiligheidswagte, afstandsbeheerde toegange tot die skoolgebou of selfs metaalverklikkers by toegangshekke is luukses wat by die meeste openbare skole in die streek ontbreek.

- Tweedens is oorvol klasse by sommige skole 'n broeiplek vir wangedrag. Deur meer personeel by skole aan te stel, kan die werkgewer help om oorbevolking van klasse en gepaardgaande swak dissipline te vermy.

- Ten opsigte van *geborgenheit* moet gesonde werkgewer-werknemer-verhoudings bevorder word. Die werkgewer en al die rolspelers in die onderwys moet deur middel van ondersteuningsbasisse die nodige vertroue by opvoeders vestig en bevorder. Die bevordering en ondersteuning van die fundamentele, onderwys- en arbeidsregte is 'n meganisme wat *geborgenheit* en die psigologiese sekuriteit van opvoeders sal verbeter.

### *4.11 Aanbevelings vir verdere navorsing*

Die analise en interpretasie van die empiriese data, bevindings en die aanbevelings van hierdie studie dryf die navorser om die volgende aanbevelings vir verdere navorsing voor te stel:

- Psigologiese beskerming van opvoeders met betrekking tot die bestuur van voortdurend veranderende kurrikulums in openbare skole in Suid-Afrika.

- Fisiese veiligheid en psigologiese sekuriteit in openbare skole.

- 'n Ondersoek na die ondersteuningsprogramme van werkgewers in die onderwys.

### *4.12 Slotperspektief*

Vanuit 'n arbeidsregtelike perspektief blyk dit dat die oorkoepelende doelstelling, naamlik om opvoeders se persepsies rakende die invloed van leerderwangedrag op hulle sekuriteit te bepaal, nie soseer gegrond is op gebrekkige fisiese sekuriteit nie, maar eerder gesetel is in opvoeders se gevoel van gebrekkige psigologiese sekuriteit.

In die literatuurstudie is begrippe rakende leerderwangedrag en opvoedersekuriteit vanuit 'n teoretiese perspektief sowel as 'n konseptuele raamwerk aangebied. In die proses is die regsraamwerk uitgelig wat die gedrag van leerders reguleer asook die sekuriteit van opvoeders aanspreek. Die rapportering van die empiriese data is

oorgedra soos wat dit deur die deelnemers in hulle verskillende werksplekke beleef is. Die bevindings en aanbevelings is gegrond op sowel die literatuurstudie as die empiriese ondersoek van hierdie studie.

Die studie maak weens die beperkte kwalitatiewe studie nie aanspraak op veralgemeenbaarheid na ander streke of provinsies nie. Daar kan wel met sekerheid gesê word dat groter begrip ontwikkel is vir die arbeidsregtelike posisie van opvoeders wat daagliks met leerderwangedrag te kampe het. Al die doelstellings van die studie is dus met sukses bereik tydens die aanbieding van ’n literatuurstudie, en die daarstelling van ’n regsraamwerk vir die studie deur die analise van relevante regsdeterminante. Die empiriese ondersoek het gevolg, en die studie is afgesluit met die rapportering van gepaste bevindings en aanbevelings wat daaruit voortgespruit het.

# 5 BIBLIOGRAFIE

ANDERSON, G. & ARSENAULT, N. 1998. Fundamentals of Educational Research. United States of America: Falmer Press.

ANON. 2004a. Culture of learning was destroyed in South Africa. The Star: 1, October. 4.

ANON. 2004b. Die rol van ouers in die opvoeding van hul kinders. *Mondstuk*, Vol. 3: 3, September.

ANON. 2005a. Tug en dissipline. *Mondstuk*, Vol. 3: 15, Oktober.

ANON. 2005b. Geborgenheid en kulturele onderwys: 'n Onderwysregtelike perspektief. (In Studiegids, NAVR 611). Potchefstroom: NWU. (Skripsie – M.Ed.)

ANON. 2008. Voorval by Kalahari Makiti. Stellalander: 6, Sepembert. 10.

ANON. 2009. Educator discipline and Labour Relations. English Manual 8 Chapter 2 Labour Law. pdf. Adobe Reader Document. [Date of access: 10 May 2009].

ANON. 2010. Strikers: it's war! http://www.iol.co.za/news/south-africa/strikers-it-s-war-1.673648. [Date of access: 23 September 2010]

BABBIE, E. & MOUTON, J. 2007. The practice of social research. 8th ed. Cape Town: Oxford University Press.

BAILY, C.A. 2007. A guide to qualitative field research. 2nd ed. USA: Sage Publications.

BENDIX, S. 2001. Industrial Relations in South Africa. 4th ed. Kenwyn: Juta.

BERG, B.L. 2007. Qualitative Research Methods for the Social Sciences. 6th ed. United States of America: Pearson Education, Inc.

BEST, J.W. & KHAN, J.V. 2003. Research in Education. 9th ed. Boston: Pearson Education.

BEZUIDENHOUDT, M.C. (red.), Garbers, C.J. & Potgieter, S. 2007. Managing for healthy labour relations. Pretoria: Van Schaik.

BLAXTER, L., HUGHES, C. & TIGHT, M. 2010. How to research. 4th ed. England: Open University Press.

BOTHA, P., Smit, M.H. & OOSTHUIZEN, I.J. 2009. The educator as a caring supervisor. (In Oosthuizen, I.J., *ed.* Aspects of education law. 4th ed. Pretoria: Van Schaik. p 185-112).

BOWEN, G.A. 2009. Document Analysis as a Qualitative Research Method. *Qualitative Research Journal*, vol. 9, no. 2, pp. 27-40. DOI 10.3316/QRJ0902027. Western Carolina University.

CARDWELL, M., CLARK, L. & MELDRUM, C. 2004. Collins Psychology. 3rd ed. London: HarperCollinsPublishers.

CARSTENS, S. 2008. 3 Jonges wil appelleer teen bevel om op te dok aan onderwyser. Rapport: 5, 2 November.

COLLINS COBUILD ESSENTIAL ENGLISH DICTIONARY. 1989. London: Collins.

CRESWELL, J.W. 2012. Educational Research: planning, Conducting and evaluating Quantitative and Qualitative Research. 4th ed. Boston: Pearson Education.

CROWTHER, J., *ed.* 1995. Oxford advanced learner's dictionary. Oxford: Oxford University Press.

CURRIE, I. & DE WAAL, J. 2005. The Bill Of Rights Handbook. 5th ed. Claremont: Juta.

DE VOS, A.S., STRYDOM, H., FOUCHÉ, C.B. & DELPORT, C.S.L. 2005. Research at Grassroots: for the social sciences and human services professions. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik.

DE VRIES, A. 2005. Al meer leerkragte word geteister, aangeval. Rapport: 1, Augustus. 6.

DE WET, T. 2009. Liefdestwis – toe klap die skote: Onderwyser skiet adjunkhoof, pleeg toe selfmoord. Beeld: 1, 1 September.

